# 'N ONDERSOEK NA DIE VERBAND TUSSEN ANGS EN ALGEMENE PERSOONLIKHEIDSFUNKSIONERING

A. VAN DYK

# 'n ONDERSOEK NA DIE VERBAND TUSSEN ANGS EN ALGEMENE PERSOONLIKHEIDSFUNKSIONERING

Anneke van Dyk, BA Honns. (Sielkunde)

Verhandeling ingedien as gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium (Kliniese Sielkunde) in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, Departement Sielkunde, aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat.

Studieleier: Prof. dr. A. Weyers

Bloemfontein

1988

## VOORWOORD

My dank en waardering aan:

- Professor Almero Weyers vir sy duidelike en doelgerigte leiding en opofferinge tydens 'n druk program. Sy kommentaar was 'n betekenisvolle leerskool.

- Ook vir sy toestemming om die gegewens van die 1986-Leierskapsprojek, wat hy op versoek van die Vrystaatse Onderwysdepartement geloods het, in hierdie ondersoek te gebruik.

- Professor Faans Steyn, hoof van die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO, vir sy professionele aanbevelings betreffende die statistiese verwerking.

- Mev. Vida Venter vir haar taalkundige hulpverlening.

- My moeder, mev. Engela van der Walt, vir die geduld en ure wat sy opgeoffer het om hierdie werk in te sleutel, asook vir die deeglike bibliografiese versorging.

- Die Suid-Afrikaanse Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, vir finansiële ondersteuning ten opsigte van hierdie navorsingsprojek.

- My vader, vir sy geloof in my vermoëns.

- Gielie, vir sy beskikbaarheid en sorg, te midde van die afhandeling van sy eie skripsie.

AvD

INHOUDSOPGAWE


HOOFSTUK 1. INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 1
1.1 PROBLEEMSTELLING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 1
1.2 DOEL VAN DIE ONDERSOEK . . . . . . . . . . . . . . . . 5

HOOFSTUK 2. LITERATUURSTUDIE . . . . . . . . . . . . . . . 7
2.1 BEGRIPSOMSKRYWING . . . . . . . . . . . . . . . . . . 7
2.1.1 Persoonlikheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 7
2.1.1.1 Verwysingsraamwerke in die literatuur . . . . . . . 7
(a) Persoonlikheidsteorieë . . . . . . . . . . . . . . . 7
(b) Persoonlikheidsdefinisies . . . . . . . . . . . . . . 9
2.1.1.2 Verwysingsraamwerk in hierdie studie . . . . . . . . 11
(a) Die trekbenadering . . . . . . . . . . . . . . . . . 11
(b) Cattell se persoonlikheidsdefinisie . . . . . . . . . 14
2.1.2 Angs . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 15
2.1.2.1 Begripsomskrywing in die literatuur . . . . . . . . 16
(a) Die psigoanalitiese benadering . . . . . . . . . . . 16
(b) Die psigososiale benadering . . . . . . . . . . . . . 17
(c) Die leerteoretiese benadering . . . . . . . . . . . . 19
(d) Die eksistensiële en humanistiese benadering . . . . . 20
2.1.2.2 Begripsomskrywing in hierdie studie: Cattell . . . . 24
(a) Die tweede-orde angsfaktor, QII . . . . . . . . . . . 24
(b) Dimensies wat deur QII verteenwoordig word . . . . . 28
2.1.2.3 Samevatting: begripsomskrywing van angs . . . . . . 30
2.2 ANGS EN ALGEMENE PERSOONLIKHEIDSFUNKSIONERING . . 31
2.2.1 Persoonlike verhoudinge en angs . . . . . . . . . . . 32
(a) Persoonlikheidskern . . . . . . . . . . . . . . . . . 32
(b) Liggaamsbeeld . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 38
2.2.2 Fisiese gesondheid en angs . . . . . . . . . . . . . 40
2.2.3 Vryetydsbesteding en angs . . . . . . . . . . . . . . 43
(a) Aktiwiteitsdeelname . . . . . . . . . . . . . . . . . 43
(b) Sportprestasie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 44
2.2.4 Intellektuele funksionering en angs . . . . . . . . . 47

2.2.5 Skolastiese funksionering en angs . . . . . . . . . . . . 49
(a) Akademiese prestasie . . . . . . . . . . . . . . . . . 49
(b) Houding ten opsigte van geleerdheid . . . . . . . . . 51
2.2.6 Morele funksionering en angs . . . . . . . . . . . . . . 52
(a) Godsdiens . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 52
(b) Moraliteit . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 54
2.2.7 Gesinsfunksionering en angs . . . . . . . . . . . . . . 56
(a) Ouers . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 56
(b) Sosio-ekonomiese status . . . . . . . . . . . . . . . 60
2.2.8 Sosiale funksionering en angs . . . . . . . . . . . . . 61
(a) Portuurgroep . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 62
(b) Leierskap . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 64
(c) Teenoorgestelde geslag . . . . . . . . . . . . . . . 65
2.2.9 Samevatting . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 67

HOOFSTUK 3. EMPIRIESE ONDERSOEK . . . . . . . . . . . . . 69
3.1 HIPOTESEFORMULERING . . . . . . . . . . . . . . . . . . 69
3.2 IDENTIFIKASIE VAN VERANDERLIKES . . . . . . . . . . . 70
3.2.1 Onafhanklike veranderlike: angs . . . . . . . . . . . 70
3.2.2 Afhanklike veranderlikes: algemene persoonlikheidsfunksionering . . . . . . . . . . . . . . . . 71
3.3 METODE VAN NAVORSING . . . . . . . . . . . . . . . . . 73
3.3.1 Ex post facto-navorsingsontwerp . . . . . . . . . . . . 73
3.4 MEETINSTRUMENTE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 74
3.4.1 Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys (HSPV) . . . . . . . . 74
3.4.2 Interpersoonlike Verhoudingevraelys (IVV) . . . . . . . 76
3.4.3 Biografiese vraelys (B.V.) . . . . . . . . . . . . . . 76
3.4.4 Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets (NSAG) . . . . . . . . 78
3.5 SAMESTELLING VAN TOETSGROEPE . . . . . . . . . . . . . 78
3.5.1 Ouderdom en opvoedkundige peil . . . . . . . . . . . . 78
3.5.2 Kultuur . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 79
3.5.3 Geslag . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 79
3.5.4 Angs . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 79
3.6 INSAMELING VAN GEGEWENS . . . . . . . . . . . . . . . . 80
3.7 STATISTIESE ONTLEDING VAN RESULTATE . . . . . . . . . 80
3.7.1 Verwerking van gegewens . . . . . . . . . . . . . . . . 81

3.7.2 Beskrywende statistiese metodes . . . . . . . . . . . . 81
3.7.3 Prosedure om die verskil tussen gemiddeldes te vergelyk 82
3.7.3.1 Die rekenkundige gemiddelde . . . . . . . . . . . . 82
3.7.3.2 Die standaardafwyking . . . . . . . . . . . . . . . 82
3.7.3.3 Cohen se maatstaf vir praktiese beduidendheid . . . 83
(a) Die effekgrootte, d . . . . . . . . . . . . . . . . . 83
(b) Die effekwaardes . . . . . . . . . . . . . . . . . . 84
3.7.4 Resultate en bespreking van resultate . . . . . . . . . . 86
3.7.4.1 Voorkomssyfer en geslagsratio . . . . . . . . . . . 87
(a) Resultate . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 87
(b) Bespreking van resultate . . . . . . . . . . . . . . 87
3.7.4.2 Persoonlike funksionering en angs . . . . . . . . . . 89
(a) Resultate . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 89
(b) Bespreking van resultate . . . . . . . . . . . . . . 94
3.7.4.3 Fisiese gesondheid en angs . . . . . . . . . . . . . 97
(a) Resultate . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 97
(b) Bespreking van resultate . . . . . . . . . . . . . . 99
3.7.4.4 Vryetydsbesteding en angs . . . . . . . . . . 101
(a) Resultate . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 101
(b) Bespreking van resultate . . . . . . . . . . . . . 103
3.7.4.5 Intellektuele funksionering . . . . . . . . . . . . 106
(a) Resultate . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 106
(b) Bespreking van resultate . . . . . . . . . . . . . 107
3.7.4.6 Skolastiese funksionering en angs . . . . . . . . 109
(a) Resultate . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 109
(b) Bespreking van resultate . . . . . . . . . . . . . 112
3.7.4.7 Morele funksionering en angs . . . . . . . . . . . 114
(a) Resultate . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 114
(b) Bespreking van resultate . . . . . . . . . . . . . 117
3.7.4.8 Gesinsfunksionering en angs . . . . . . . . . . . 119
(a) Resultate . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 119
(b) Bespreking van die resultate . . . . . . . . . . . 126
3.7.4.9 Sosiale funksionering en angs . . . . . . . . . . . 128
(a) Resultate . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 128
(b) Bespreking van resultate . . . . . . . . . . . . . 132
3.7.4.10 Samevatting van resultate . . . . . . . . . . . . 135

3.7.4.11 Slotopmerking en aanbevelings . . . . . . . . . . 137

OPSOMMING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 138

ABSTRACT . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 141

BIBLIOGRAFIE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 144

# HOOFSTUK 1. INLEIDING

## 1.1 PROBLEEMSTELLING

Die tydperk waarin ons leef, word beskryf as die eeu van angs (Cattell, Scheier & Madge, 1986). Hierdie stelling word deur die Amerikaanse Psigiatriese Assosiasie (1987) bevestig, wat vind dat dit juis angsversteurings is wat met die hoogste frekwensie in die algemene populasie presenteer. Verskeie faktore kan hiertoe bydra, waaronder die rol van die politieke klimaat een van die aspekte is wat angs bewerkstellig: "Countries on the difficult border areas between free enterprise and communist zones (tend) to be unusually high on anxiety." (Cattell, 1965:121.) Hierdie spanningsvolle milieu is dan ook waarbinne die Suid-Afrikaanse adolessent hom bevind.

Angs is nie net 'n resente neweproduk van hierdie eeu nie. Reeds Goethe het adolessensie gesien as 'n uitstaande periode van heraanpassing (Cattell, 1950b) en dieselfde siening word vandag nog gehuldig (Colombek, Wilkes & Froese, 1978).

Wanneer 'n mens kyk na die manifestasie van angs tydens adolessensie, blyk dit dat 'n hoë angspeil in elk geval kenmerkend van hierdie lewensfase is (Byrd, 1959; Bendig, 1960; Cattell, 1965; Steinhauer & Berman, 1978; Gerdes, 1984; Kaplan & Sadock, 1985). Die basiese vorm van angs met betrekking tot die ouderdomsneiging is 'n U-vormige kurwe met 'n hoogtepunt op 15 jaar en 'n afname na die vestiging wat plaasvind tydens vroeë volwassenheid. Met die aanvang van bejaardheid vind weer 'n geringe toename plaas. 'n Verklaring vir die hoë angspeil tydens adolessensie word deur Erikson (in Adams, 1977:260) gegee: "Adolescence recapitulates all of the preceding nuclear conflicts of childhood as well as anticipating those of the adult." Dit is dus omdat adolessensie 'n integrasie van soveel konsepte behels, dat die angspeil 'n hoogtepunt gedurende standerd sewe en agt bereik.

Dit blyk dus dat die Suid-Afrikaanse adolessent 'n dubbele streslas moet dra, naamlik om 'n adolessent te wees, en tweedens as 'n adolessent binne bogenoemde politieke omstandighede te leef.

As basiese fenomeen in die sielkunde probeer menige teoretikus die rol wat angs in **persoonlikheid** speel, vaspen. Teoretici beskou angs enersyds as "the main source of human motivation", en andersyds as "the chief disorganizer of motivation" (Cattell, 1965:114).

Ooreenstemmend sentreer die bespreking wat volg rondom twee pole:
a) Die manifestering van angs in die "normale" persoonlikheid, en
b) angs as aanduider van psigopatologie. Hier benadeel angs die algemene persoonlikheidsfunksionering.

Mefferd (1979:74) beeld die gesonde manifestering van angs soos volg:

> "Anxiety plays a natural compensatory role that under most conditions and in most people has adaptive advantages. It is the basis for caution, for the pause to reconsider, for the comparison of objectives and capabilities."

Sullivan benadruk "the presence of anxiety to varying degrees in all human functioning" (Kaplan & Sadock, 1985:97). Angs presenteer dus nie altyd in destruktiewe vorm of intensiteit nie. Normale angs is 'n onvermybare deel van die menslike bestaan. May en Yalom (1984:356) beskou angs nie net as deel van die mens se normale ervaring, soos Stinnette (1951) nie, maar dui ook op die noodsaaklikheid daarvan: "No person could survive completely without anxiety." Hiermee bedoel hulle dat veral die goed geïntegreerde persoon wat kies om toekomsgerig te leef, noodwendig met onsekerhede te kampe sal hê wat angs meebring.

"Gesonde" angs het 'n natuurlike plek in die mens se psigiese funksionering. Dit dien as aanduiding vir die ego dat konflik teenwoordig is (Kaplan & Sadock, 1985). Sodoende kan die persoon homself voorberei om dit te hanteer.

Salkind (1981) toon ook aan dat 'n stadium van disekwilibrium opgevolg word deur 'n stadium van ekwilibrium. Alvorens die individu dus nie 'n bepaalde vlak van ongemak ervaar nie, is daar nie voldoende motivering om te verander nie. Matige druk, in die vorm van angs, kan dus groei fasiliteer en sodoende daartoe bydra om adolessente ontwikkelingstake te ontplooi.

Hierteenoor sê Mefferd (1979:74) dat wanaanpassing plaasvind wanneer ... "(the normal) cautionary, analytical process fails to lead effective decisions at the appropriate time". Wanneer angs die ego dus 'n aanduiding gee dat konflik teenwoordig is, is die ego nie in staat om betyds effektief op te tree nie. Dit verduidelik waarom Cattell (1950:99-100) die volgende stelling oor die verreikende implikasies van angs maak:

> "Anxiety is the first offspring of an internal conflict and the father of all defence mechanisms and symptom formations."

Hierdie stelling word bevestig deur navorsing wat aantoon dat angs 'n baie hoër en konsekwente verband met alle vorms van psigopatologie het as enige ander persoonlikheidseienskap (Cattell et al., 1986). Ook teoreties word hierdie rol van angs uitgespel: "Anxiety ... as practical all theories agree, is the crucial issue, the basic phenomenon in psychopathology." (Angyal, 1973:73.) As samevatting van bestaande psigiatriese literatuur en navorsingsbevindinge verklaar Kaplan en Sadock (1985) dan dat angs 'n komponent van byna alle psigiatriese siektes is.

Angspasiënte is waarskynlik 'n belangriker probleem vir die algemene praktisyn as wat oënskynlik gereken word. Cattell (1965) dui navorsing deur farmaseutiese ondernemings aan waarin aangetoon word dat mediese pasiënte meer emosionele probleme het as wat hulle gereed is om bewustelik te erken. Die Amerikaanse Psigiatriese Assosiasie (1980) reken dat 2-4% van die bevolking op een of ander stadium 'n versteuring ondervind waarvan die graad so ernstig is dat dit in die DSM III as 'n angsversteuring geklassifiseer kan word.

Vir die doel van hierdie navorsing word bogenoemde standpunte ondersteun in soverre angs 'n kardinale rol in algemene persoonlikheidsfunksionering speel. Uit die bespreking van patologiese angs, blyk dit dat angs persoonlikheidsfunksionering kan benadeel. Indien die ontwikkelingsproblematiek tydens adolessensie as gevolg hiervan nie suksesvol oorbrug word nie, kan die persoon aanpassingsprobleme as volwassene ondervind (Hurlock, 1980). Daar word vandag al hoe meer besef dat geestesversteurdheid nie alleen die probleem is van ongelukkige uitsonderinge nie, maar 'n toestand wat dwarsdeur die bevolking in graad varieer (Cattell et al., 1986). Aangesien dit so 'n wye teikengroep behels, is die beheer van psigiese gesondheid vandag nie meer beperk tot inrigtings nie, maar raak dit ook ouers, onderwysers, skoolhoofde, sielkundiges en verskeie ander gemeenskapsleiers.

Indien 'n bepaalde persoonlikheidskenmerk by een van die angsgroepe geïdentifiseer word, kan dit op tweeledige wyse implikasies hê. Cattell (1961) wys daarop dat sommige persoonlikheidkomponente figureer as bronne wat veroorsakend optree ten opsigte van die angspeil, terwyl ander komponente uitdrukkings is van die angspeil.

Wanneer gekyk word na bronne wat veroorsakend optree, wys navorsing daarop dat angs eerder deur omgewings- as oorerwingsfaktore beïnvloed word (Cattell, 1986).

Identifisering van omgewingsmanipuleerbare faktore wat met angs verband hou, kan dus aangewend word om 'n meer effektiewe funksioneringspeil by die kind te bewerkstellig. Betrokke instansies (byvoorbeeld die skool of ouerhuis) kan geïdentifiseerde faktore byvoorbeeld soos volg manipuleer:

- Indien aktiewe sportdeelname verband hou met 'n lae angsfunksionering, kan deelname aan sport aangemoedig word.
- Waar min persoonlike vryheid met hoë angs korreleer, kan gepoog word om meer geleenthede te skep waar die adolessent se unieke vermoëns kan realiseer.

Komponente wat uitdrukkings is van die angspeil, dien as aanduider van ongemak wat teenwoordig is. Dit kan gebeur dat hierdie ongemak tot 'n toestand van disekwilibrium lei, wat nie groeifasiliterend is nie. 'n Langdurige toestand van disekwilibrium kan tot destruktiwiteit in die persoonlikheid lei: "For example, if a child has a poor self-image, is discriminated against by his peers and not recognised by his teachers, then the chances are that the child's problems will become worse with the passage of time." (Gaudry & Spielberger, 1971.) Daarom behoort hierdie uitdrukkings of simptome van angs as 'n noodkreet gesien te word wat professionele aandag vereis.

Opsommend is dit in twee opsigte belangrik om kennis te dra van die persoonlikheidsfaktore wat met angs verband hou:

1. Dit dra by tot beter begrip en effektiewe hantering van die normale verhoogde angspeil en persoonlikheidsdifferensiasie tydens adolessensie.
2. Dit dui die rigting aan van professionele hantering in terme van persoonlikheidspatologie.

## 1.2 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Hierdie studie is daarop gemik om 'n beeld te vorm van die rol wat angs in die algemene persoonlikheidsfunksionering van die adolessent speel.

Die volgende doelwitte word met hierdie ondersoek beoog:

(i) Om te bepaal of verskille in persoonlikheidsfunksionering tussen kinders wat baie angs ervaar en die wat min angs ervaar, aangetref word. Indien daar wel 'n verskil is, om te bepaal wat die aard daarvan is.

(ii) Om te bepaal of daar by die twee geslagte 'n verskil is in die persoonlikheidspatrone wat met angs korreleer.

(iii) Om te bepaal wat die voorkomssyfer van hoë angs in die adolessente-populasie is, en

(iv) ook om te bepaal of daar enige verskille in die voorkomssyfer by seuns en dogters aangetref word.

**Implikasie van bevindings:**

Sekere outeurs abstraheer die doel van die gedragswetenskaplike. (Dit kan ook prakties op hierdie studie van toepassing gemaak word.) So sonder Eichorn (1977) die doel van die gedragswetenskaplike as om gedrag te **voorspel**. Gedragsvoorspelling kan die mens in staat stel om faktore te manipuleer ten einde 'n bepaalde gedragspatroon te bewerkstellig. Daarom meen Evan (1977:53) dat die primêre doel van die gedragswetenskaplike is om gedrag te beheer: "The goal of the science of human behavior is not merely prediction, it is control".

Hierdie doel word op die volgende wyse verpraktiseer in hierdie studie. Daar is reeds aangetoon dat angs in 'n mindere mate deur oorerwing beïnvloed word, en meer gevoelig is vir veranderings deur manipulasie van die omgewing (kyk 1.1). Hieruit is dit duidelik dat die identifisering van omgewingsmanipuleerbare faktore wat met angs verband hou, aangewend kan word om 'n meer effektiewe funksioneringspeil by die adolessent te bewerkstellig. Daarom word data oor die stabiliteit van persoonlikheidstrekke as so betekenisvol beskou. **Voorspelling** in terme van die patrone wat uitkristalliseer rondom angs en persoonlikheid, sal dus 'n bydrae kan lewer om psigiese gesondheid te beheer.

Die eerste oogmerk van die volgende hoofstuk is om "algemene persoonlikheidsfunksionering" af te baken, en om 'n wyer konseptualisering van die verskynsel, angs, moontlik te maak. Die begrippe persoonlikheid en angs word dus verken en omskryf.

Die tweede oogmerk is om 'n konteks van reeds bestaande literatuur en navorsingsbevindinge te bied, waarteen resultate wat uit hierdie ondersoek verkry word, evalueer kan word. In die tweede gedeelte van die literatuuroorsig volg dus 'n bespreking van die verband tussen angs en algemene persoonlikheidsfunksionering.

# HOOFSTUK 2. LITERATUURSTUDIE

## 2.1 BEGRIPSOMSKRYWING

### 2.1.1 PERSOONLIKHEID

In hierdie ondersoek word angs met algemene persoonlikheidsfunksionering gekorreleer. Die doel van hierdie afdeling van die ondersoek is om 'n kriterium daar te stel, aan die hand waarvan komponente geselekteer kan word, om inhoud te gee aan die term "algemene persoonlikheidsfunksionering".

Eerstens word verwys na verskillende persoonlikheidsteorieë en die definisies wat daaruit voortspruit. Tweedens word die persoonlikheidsteorie wat die mees bruikbare is in terme van hierdie studie, geïdentifiseer. As kriterium om "algemene persoonlikheidsfunksionering" af te baken, word laastens meer spesifiek aandag geskenk aan Cattell se definiëring van persoonlikheid.

#### 2.1.1.1 Verwysingsraamwerke in die literatuur

**(a) Persoonlikheidsteorieë**

Marsella en Corsini (1983) noem dat daar meer as 100 verskillende persoonlikheidsteorieë bestaan. Ten spyte van die groot verskeidenheid het almal die gemeenskaplike doel om persoonlike identiteit te verklaar (Goldenson, 1970). Stott (1977) en Ewen (1984) verduidelik dat persoonlikheidsteorieë grootliks verskil omdat daar verskillende standpunte is oor faktore wat die aard van persoonlikheid motiveer. Phares (1984) gee die verskillende persoonlike ervaringe van teoretici aan as rede vir hierdie verskille. Moller (1980) beskou die kompleksiteit van

die materiaal waarmee gewerk word as bykomende verklaring vir hierdie uiteenlopende standpunte. 'n Ander belangrike rede is dat die studie van persoonlikheid noodwendig saamhang met die ontwikkeling van die sielkunde as vakwetenskap (Maas, 1975). Verskillende skole of denkrigtings wat met bepaalde periodes assosieer, word vervolgens veral aan die hand van Moller (1980) uiteengesit:

Die eerste werklike skole het ontstaan na aanleiding van die oplewing van die natuurwetenskappe in die 17de eeu (Maas, 1975). In 1879 kom die **strukturalisme** tot stand en lê klem op bewussynsinhoude. Deur middel van introspeksie probeer hulle die subjektiewe ervaringslewe van die individu bereik. Hierna lei die **funksionalisme** die sielkunde in 'n meer objektiewe rigting. Hulle beklemtoon bewussynsfunksionering, dit wil sê prosesse waardeur die mens kennis van sy omgewing kry, dit integreer, en dan gebruik in sy aanpassing by die omgewing.

Die **tradisionele** sielkunde is basies 'n reaksie wat bogenoemde twee pole onderskryf of teenstaan. Die **behaviorisme** bestudeer gedrag. Dit word gedoen in terme van eksterne faktore en sodoende bereik objektiwiteit 'n hoogtepunt met hierdie benadering. Die **gestalt-sielkunde**, as verset teen strukturalisme, beklemtoon totaliteit van gedrag en dus die onmoontlikheid daarvan om komplekse psigiese prosesse te verstaan deur dit in komponente te ontleed. Deur 'n eienskap soos angstigheid afsonderlik te bestudeer, word nog nie 'n volledige beeld van 'n persoon verkry nie. "Dit kom slegs na vore as na die onderlinge verhoudings tussen sulke eienskappe en die persoonlikheid in die geheel gekyk word." (Moller, 1980:7.) Die **psigo-analise** beklemtoon die mens se subjektiewe ervaringslewe en die onbewuste motivering van persoonlikheid.

Gedurende die dertigerjare kom die **fenomenologies-eksistensiële** en humanistiese sielkunde tot stand. Hulle fokus op die betekenis wat die mens se leefwêreld vir hom het, asook op aspekte wat aktualisering fasiliteer.

Wanneer gekyk word na die wyse waarop bogenoemde denkrigtings te werk gaan om persoonlikheid en gedrag te bestudeer, wys Moller (1980)

op twee patrone wat uitkristalliseer. Plug, Meyer, Louw en Gouws (1986) definieer hierdie twee metodes. Die **nomotetiese** metode verklaar gedrag in terme van algemene reëls of wetmatighede wat vir alle mense geld. Die **idiografiese** metode bestudeer gedrag in terme van enkele, onherhaalbare en unieke verskynsels. Daar word dus klem gelê op die uniekheid van die persoonlikheid en individuele ervaring.

Moller (1980) stipuleer samevattend drie breë denkrigtings in die huidige persoonlikheidsielkunde. Outeurs soos Ferguson (1977) en Rychlak (1977) kategoriseer literatuur oor persoonlikheidsteorieë min of meer volgens dieselfde drie uitgangspunte, naamlik:

* Die behavorisme, waarin die nomotetiese metode na vore kom.
* Teorieë wat sentreer rondom die psigo-analise. Die rigting berus op beide die idiografiese en nomotetiese benaderinge. Freud het sy pasiënte op idiografiese wyse bestudeer en so tot nomotetiese gevolgtrekkings probeer kom.
* Die fenomenologies-eksistensiële sielkunde (en humanisme) wat op die idiografiese uitgangspunt berus.

Die skrywer meen dat 'n kombinasie van die idiografiese en nomotetiese benadering die ideale raamwerk vir hierdie studie sal bied. Hoewel die psigo-analise aan hierdie kriterium voldoen, is dit egter so dat hierdie teorie nie gestandaardiseerde meetinstrumente met 'n hoë geldigheids- en betroubaarheidskoëffisiënt vir die doel van hierdie studie bied nie. In 2.1.1.2(a) sal die teorie wat die mees bruikbare vir hierdie studie is, geïdentifiseer word.

### (b) Persoonlikheidsdefinisies

Moller (1980:3) motiveer die noodsaaklikheid om die persoonlikheidskonstruk te verken: "Persoonlikheid is 'n noodsaaklike hipotetiese konstruk om die organisasie en integrasie van gedrag en die verskille tussen mense te kan verklaar." Beide Maas (1975) en Stott (1977) meen dat dit duidelik is dat 'n aanvaarbare definisie van per-

soonlikheid bepaal word deur 'n voorkeur aan 'n besondere persoonlikheidsteorie. Dit is dus te verstane dat Maas (1975:3) aandui dat daar in die sielkundige vakterminologie persoonlikheidsdefinisies is "...wat radikaal en gradueel van mekaar verskil".

Die drie breë denkrigtings wat in (a) bespreek is, word ook weerspieël in persoonlikheidsdefinisies.

Phares (1984:139) verduidelik die verskillende perspektiewe van die psigodinamiese- en gedragsteoretici met die volgende definisies: Die **psigodinamiese** beskouing: "Personality, then, is that which determines behavior" en die **gedragsteoretiese** beskouing: "Personality is nothing more than the sum total of the individual's behavior." In die **fenomenologiese** teorieë word van die volgende standpunt uitgegaan: "all behavior is determined by the phenomenal field, which is everything experienced by the person at a given moment" (Phares, 1984:154). In die self, as kern van die fenomenologiese veld, is die drang opgesluit om te strewe na instandhouding en verryking. Hierdie drang vorm dus die hoeksteen van gedrag.

As voorbeeld van die idiografiese benadering, lê Stott (1977:303) in sy definisie klem op individuele uniekheid: "Personality, then, is individuality which is made manifest in the particular combination and the uniqueness of patterning of common attributes observable in the human being."

Tot op hede bestaan geen persoonlikheidsteorie wat die volle waarheid omvat nie (Maas, 1975 en Phares, 1984) en voortspruitend ook geen volmaakte persoonlikheidsdefinisie nie. Weens die omvattendheid waarmee die Psigologiewoordeboek van Plug **et al.** (1986:274) persoonlikheid beskryf, en elemente van verskeie ander outeurs (Goldenson, 1970; Ferguson, 1977 en Rychlak, 1977) se persoonlikheidsdefinisies vervat, word hierdie meer volledige definisie ook verskaf: (dit) "dui op die geïntegreerde en dinamiese organisasie van 'n individu se psigiese, sosiale, morele en fisiese eienskappe, soos dit in sy wisselwerking met

sy omgewing, en veral met ander persone, tot uiting kom, en soos bepaal deur die interaksie tussen konstitusionele en omgewingsfaktore".

Soos wat persoonlikheidsteorieë elkeen 'n faset van die waarheid uitlig, blyk dit dieselfde met persoonlikheidsdefinisies te wees. Die persoonlikheidsdefinisie van die teorie wat as verwysingsraamwerk in hierdie studie gebruik word, sal as kriterium dien om die term "algemene persoonlikheidsfunksionering" af te baken. Daarom word 'n definisie benodig wat ruimte sal laat waarin soveel moontlike elemente van die waarheid kan manifesteer. Hoewel die definisie van Plug **et al.** (1986) van die volledigste is, is daar nie 'n spesifieke persoonlikheidsteorie waaraan dit gekoppel word, wat as verwysingsraamwerk in hierdie studie kan dien nie. Die definisie wat vir die doel van hierdie studie gebruik word, word in 2.1.1.2(b) bespreek.

### 2.1.1.2 Verwysingsraamwerk in hierdie studie

#### (a) Die trekbenadering

In die vorige afdeling is gekyk na teorieë en hul definiëring van persoonlikheid, soos dit in die literatuur voorkom. Maas (1975:7) skryf: "Elke teorie, sy eensydig beklemtoonde fasette van die persoonlikheid ten spyt, kan waarskynlik aanspraak maak op 'n mate van waarheid, sodat in sekere omstandighede en vir 'n sekere doel, dit as 'n geskikte raamwerk vir navorsing mag dien."

Vir die doeleindes van hierdie studie is dit nodig om 'n spesifieke verwysingsraamwerk te selekteer wat by die insameling van die gegewens en bespreking van die resultate gebruik kan word. Omdat die faktoranalitiese teorie van Cattell voorsiening maak vir gestruktureerde toetse wat objektief toegepas kan word, en dus die HSPV en IVV as kwantifiseerbare meetmiddels kan rugsteun, sal die trekbenadering as verwysingsraamwerk in hierdie studie gebruik word.

'n Verdere aspek wat in hierdie benadering se guns tel, is dat Cattell in sy beskouing van persoonlikheid beide idiografies en nomoteties te werk gaan. In sy poging om algemeen geldende reëls daar te stel, wat sodoende sal bydra tot gedragsvoorspelling, verleen Cattell ook erkenning aan die uniekheid van persoonlikheid en individuele verskille tussen mense (Weyers, 1976). Hy voldoen dus ook aan die "ideale raamwerk" soos in 2.1.1.1(a) bespreek.

In die globale persoonlikheidstruktuur neem Cattell beide strukturele en funksionele elemente in ag (Maas, 1975; Weyers, 1976 en Phares, 1984). Hierdeur word 'n eensydige bestudering van persoonlikheid soos die van die destydse strukturalisme of funksionalisme (vergelyk 2.1.1.1(a)) gerelativeer.

Vir Cattell is die persoonlikheidstrek die basiese element waarmee die persoonlikheid verstaan kan word (Marsella & Corsini, 1983). Dit is dan ook die basiese vertrekpunt wat eksponente van die trekbenadering , soos Allport (1937), Guilford (1959) en Eysenck (1961) saamsnoer. Die trek, as belangrike faset in hierdie benadering, word soos volg verduidelik. Guilford (1959) definieer 'n trek as enige onderskeibare en uitstaande wyse waarop een individu van 'n volgende verskil. Dit is voorafbepaalde neigings om op sekere wyses te reageer. Volgens Allport (1937) is trekke ook daarvoor verantwoordelik dat stimuli en respons met mekaar integreer. Eers word veelvuldige stimuli wat funksioneel ekwivalent is, vertolk. Daarna word konsekwente, aanpassende en ekspressiewe gedrag geïnisieer.

Marsella en Corsini (1983:391) definieer Cattell se siening van 'n persoonlikheidstrek soos volg: "A trait is a relatively enduring disposition to respond in a given manner across a wide variety of situations." Deur middel van die trek probeer Cattell dus die aansienlike reëlmatigheid en bestendigheid van gedragspatrone verklaar (Maas, 1975). Daarom kan die trek gesien word as 'n karakteristiek wat voorspelbaarheid aan die individu se gedrag gee.

Vir die doel van hierdie bespreking, word gebruik gemaak van die oorsigtelike wyse waarop Marsella en Corsini (1983) persoonlikheidstrekke klassifiseer. Hulle meen dat Cattell veral drie basiese soorte persoonlikheidstrekke uitgelig het:

1. Grondtrekke of eerste-orde faktore, wat die basiese eenheid van persoonlikheid vorm. Dit is suiwer, onafhanklike bronne van gedrag wat beide 'n oorerwings- en omgewingsbasis het. Grondtrekke kan volgens die modaliteite van uiting verdeel word. Dit sluit dinamiese (konatiewe), vermoë (kognitiewe) en temperamentstrekke in.
2. Algemene trekke, wat by 'n groot aantal mense voorkom.
3. Unieke trekke, wat eiesoortig aan 'n individu is.

In sy navorsing het Cattell persoonlikheidsgegewens op drie maniere ingesamel (Maas, 1975):

1. Lewensrekordgegewens (L-data), waar gedrag in werklike daaglikse lewensituasies waargeneem word.
2. Vraelysgegewens (Q-data), wat berus op introspeksie en die selfkennis van die toetsling.
3. Objektiewe toetsgegewens (T-data) word verkry uit gestandaardiseerde gedragsituasies.

Hierdie drie bronne het dus gegewens voorsien waarop faktoranalise toegepas is om grondtrekke of eerste-orde faktore te identifiseer. Plug **et al.** (1986) definieer faktoranalise as 'n statistiese tegniek wat patrone van onderlinge verwantskappe in 'n stel veranderlikes aantoon.

So word daar in die Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys byvoorbeeld 14 onafhanklike persoonlikheidsdimensies of eerste-orde faktore vervat (vergelyk 3.4.1). Alhoewel eerste-orde faktore primêr is, beteken dit nie dat daar geen onderlinge verband tussen hulle is nie (Maas, 1975). Onderlinge korrelasie tussen die eerste-orde faktore, kan gefaktoriseer word om breër, tweede-orde organiserende faktore te gee.

Dit is so 'n tweede-orde faktor, naamlik Aanpassing-angs, oftewel QII, wat in hierdie ondersoek gebruik word om angs te definieer. (Vergelyk die bespreking onder 2.1.2.2(a).)

Hierdie bespreking van Cattell se persoonlikheidsteorie dien as agtergrond in die bepaling van 'n kriterium om die term "algemene persoonlikheidsfunksionering" af te baken. In die volgende afdeling word daar meer spesifiek aandag geskenk aan Cattell se persoonlikheidsdefinisie.

### (b) Cattell se persoonlikheidsdefinisie

In hierdie studie word angs met algemene persoonlikheidsfunksionering gekorreleer. Cattell se persoonlikheidsdefinisie word gebruik as kriterium om die term "algemene persoonlikheidsfunksionering" af te baken.

Cattell verskaf 'n relatief "ruim" definisie van persoonlikheid. Dit word gedoen omdat hy in sy navorsing poog om die basiese strukturele komponente te identifiseer wat mens in staat sal stel om gedrag te voorspel. Hy bepaal hierdie komponente deur 'n berekening wat persoons-, omgewings-, en situasionele veranderlikes kombineer (Marsella & Corsini, 1983).

As wiskundige vergelyking neem dit die volgende vorm aan:

"R = f (P.S.)" (Cattell, 1950a:21), waar R = Reaction
f = function
P = Personality
S = Situation

(Gedrag = Funksie van die situasionele x persoonlikheidsveranderlikes)

Met hierdie vergelyking beskryf Cattell (1965:27) persoonlikheid as "(that) what determines behavior in a defined situation and a defined mood". Phares (1984) sluit hierby aan deur dit te stel dat enige gedrag in 'n gegewe situasie vir Cattell bepaal word deur

1. Die betekenis wat die situasie vir die individu het,

2. en die trekke wat daarin opereer.

Om reg te laat geskied aan die verskillende dimensies waaruit elk van hierdie veranderlikes bestaan, beskryf Cattell (1966:81) hierdie vergelyking ook soos volg: "a multidimensional person (coming) into contact with a multidimensional situation, and the result is a response of magnitude particular to that individual".

Uit bogenoemde verduideliking van die wyse waarop Cattell gedrag bepaal, kan dit lyk of hy meer klem lê op die situasionele, maar in werklikheid fokus hy meer op trekke (Phares, 1984). Maas (1975) beklemtoon óók (soos aangedui in (a)) dat die basiese elemente van die globale persoonlikheid vir Cattell in trekke geleë is.

As kriterium vir die seleksie van komponente wat inhoud gee aan die term "algemene persoonlikheidsfunksionering" in hierdie studie, geld Cattell (1950b:2) se alombekende ruim definisie van persoonlikheid:

> "Personality is that which permits a prediction of what a person will do in a given situation."

Hiervolgens sal komponente wat dus 'n voorspelling toelaat van die aard van 'n persoon se optrede in 'n gegewe situasie, met angs gekorreleer word.

### 2.1.2 ANGS

In hierdie studie word angs met algemene persoonlikheidsfunksionering gekorreleer. Daar word op Cattell se navorsing gesteun om die onafhanklike veranderlike, angs, te definieer. Ten einde 'n konteks te bied waarteen Cattell se benadering toegelig kan word, word basiese konsepte rondom angs wat in die literatuur voorkom, aan die hand van drie breë denkrigtings bespreek. Teen hierdie agtergrond word Cattell se benadering dan in terme van sy tweede-orde angsfaktor, QII, meer

volledig uiteengesit. Dit geskied deur eers die eerste-orde faktore waaruit QII bestaan, te definieer, en dan die dimensies wat in QII weerspieël word, te identifiseer.

#### 2.1.2.1 Begripsomskrywing in die literatuur

Die drie breë strominge wat vandag in die sielkunde aangetref word, naamlik die psigoanalise, die leerteoretiese benadering, en die fenomenologies-eksistensiële teorieë (kyk 2.1.1.1(a)), se standpunte oor angs word kortliks uiteengesit. Omdat angs so 'n sentrale tema in die psigososiale benadering vorm, word hierdie siening van angs ook weergegee. Die aanbieding van elke uitgangspunt word tweeledig uiteengesit:

1. Eksponente en basiese konsepte van elke benadering word kortliks genoem.
2. Angs word omskryf deur te verwys na die ontstaan en gevolge daarvan.

#### (a) Die psigoanalitiese benadering

Die psigoanalise word as die eerste formele persoonlikheidsteorie beskou (Moller, 1980). Dit is 'n dieptepsigologiese denkrigting wat deur S. Freud begin is (Plug et al., 1986). Dit was 'n belangrike prikkel in die ontwikkeling van persoonlikheidsielkunde. Een van die basiese beginsels van psigoanalise is dat gedrag hoofsaaklik vanuit die onbewuste gemotiveer word (Moller, 1980). Die psige word beskryf as bestaande uit die id, ego en superego. Die ego is die bemiddelaar wat die eise van die id, die superego en die buitewêreld moet hanteer.

Oor Freud se bespreking van angs skryf Marsella en Yang (1983:636): "none have offered as complete a perspective on the topic as Sigmund Freud". Sy siening behels basies dat angs 'n reaksie van die ego is as gevolg van botsings tussen die strukturele komponente van die persoonlikheid. Hierdie botsings veroorsaak konflik wat angs presipiteer.

Die bronne van angs kan geleë wees in (1) die realiteit, (2) die id, of (3) die superego. Op grond hiervan word drie tipes angs onderskei (Freud, 1965). Moller (1980) definieer dit soos volg:

1. Realiteits- of objektiewe angs beskou Freud as 'n normale reaksie op die persepsie van eksterne gevaar. Die natuurlike belewing is om van die gevaar te wil wegvlug. Realiteitsangs kan beskou word as 'n manifestering van die oorlewingsinstink.
2. By neurotiese angs is die oorsprong van die gevaar of bedreiging meer gekompliseerd. Onderdrukte gedagte-inhoude neig soms om na die oppervlak te beur. Angs ontstaan wanneer die persoon vrees dat hy beheer sal verloor oor sy basiese drange en dan daaraan uiting sal gee. Uit vroeëre situasies het hy geleer dat hy vir so 'n respons gestraf sal word.
3. Morele angs ontstaan wanneer 'n persoon weet dat bepaalde gedrag wat hy uitgevoer het, of beplan om uit te voer, onaanvaarbaar is in terme van voorgeskrewe morele waardes. Die bedreigde superego reageer dan hierop met angs en skuldgevoelens.

**Otto Rank**, 'n eksponent van hierdie benadering, meen dat angs ontstaan wanneer 'n individu rigied weier om van sy onmiddellike posisie, wat vir hom veiligheid en sekuriteit bied, afstand te doen (Ryke, 1980).

Die funksie van angs is daarin geleë dat dit die ego 'n aanduiding bied dat bedreiging teenwoordig is. Die ego mobiliseer homself deur van verdedigingsmeganismes gebruik te maak. In 'n poging om angs te verminder, maak alle mense gebruik van verdedigingsmeganismes. Indien dit egter permanente responspatrone op bedreigende ervarings word, kan verdedigingsmeganismes persoonlikheidsfunksionering belemmer (Moller, 1980). (Vergelyk ook 2.2.1. Persoonlike verhoudinge en angs.)

### (b) Die psigososiale benadering

Hierdie teoretici maak basies van Freud se benadering gebruik (Plug et al., 1986), maar brei daarop uit deur meer klem te plaas op sosiale kragte wat die mens se gedrag beïnvloed (Marsella & Corsini, 1983). Van die

mees prominente lede in hierdie groep is Karen Horney, Erich Fromm en Harry Stack Sullivan. In hierdie bespreking word verwys na Horney en Sullivan se sieninge, omdat angs so 'n sentrale tema in hulle werk is.

Wanneer angs in die interpersoonlike konteks geplaas word, word dit duidelik dat angs as die grootste ontkoppelende mag in interaksie met ander mense beskou word (Ryke, 1980).

Volgens **Horney** kan ervarings in die kinderjare wat gekenmerk is deur 'n gebrek aan sekuriteit, verwerping en ouerlike dominansie, lei tot die ontwikkeling van basiese angs (Marsella & Corsini, 1983). Basiese angs ontstaan wanneer die individu konflik ten opsigte van 'n betekenisvolle persoon in sy psigososiale wêreld ervaar. Indien die individu gelyktydig afhanklike en vyandige gevoelens jeens 'n betekenisvolle persoon beleef, bevind hy homself in 'n konfliksituasie. Dit is primêr die geantisipeerde vyandigheid van die persoon van wie die individu afhanklik is, wat as 'n bron van gevaar beleef word (May, 1977). Horney (1957:72) definieer angs soos volg: "Anxiety is the reaction to the threat to any pattern which the individual has developed upon which he feels his safety to depend." So 'n individu voel magteloos en hulpeloos. Basiese angs word dus deur Horney gedefinieer as die belewing van alleenheid en onveiligheid in 'n vyandige wêreld (Corsini & Marsella, 1983).

Basiese angs lei tot die ontwikkeling van neurotiese behoeftes wat later gevestigde neurotiese gedragspatrone tot gevolg het. Die strewe na die bevrediging van neurotiese behoeftes is 'n metode waardeur die individu sy angs probeer verminder (Marsella & Corsini, 1983). Horney meen dat 'n groot deel van die volwasse lewe gespandeer word aan die ontvlugting van vroeëre angsgevoelens.

**Sullivan** het geglo dat dit onmoontlik is om 'n individu geïsoleer van sy interpersoonlike verhoudinge te verstaan (Marsella & Corsini, 1983). Dis juis binne interpersoonlike konteks dat angs ontstaan. Soos Horney, meen Sullivan dat angs ontstaan omdat die individu soveel waarde heg aan die afkeur van sy gedrag deur betekenisvolle persone in sy interpersoonlike wêreld (May, 1977). Die individu poog om angs te minimali-

seer, deur veral van meganismes soos selektiewe onoplettendheid en dissosiasie gebruik te maak. Noodwendig perk dit bewustheid in en dit belemmer dus groei en selfaktualisering.

### (c) Die leerteoretiese benadering

Die grondlegger van die behaviorisme was John B. Watson. Saam met hom kan name soos Pavlov en Thorndike en ook latere eksponente soos Hull en Mowrer genoem word. Watson het tot die gevolgtrekking gekom dat sielkunde slegs 'n wetenskap kan wees indien dit op uiterlike waarneembare gedrag, wat eksperimenteel gemanipuleer kan word, fokus (Moller, 1980). Volgens hierdie benadering is kondisionering die teelaarde en basis waaruit aangepaste en nie-aangepaste gedrag ontwikkel. Vir die doel van hierdie bespreking word volstaan met die teorieë van Hull en Mowrer. Hulle bied 'n duidelike verklaring vir die ontstaan van angs binne die leerteoretiese benadering:

Hull (in Moller, 1980) gee dan ook 'n verklaring van angs as synde 'n gekondisioneerde reaksie. Hy meen dat emosionele reaksies 'n biologiese funksie vervul, naamlik die beskerming van die mens: as 'n mens bang is, kom sy liggaam in gereedheid om te reageer, byvoorbeeld om te vlug of om te veg. Hierdie liggaamlike reaksies wat ten grondslag lê van 'n emosie noem hy die aktiveringsindroom. Liggaamlike reaksies kan ook gekondisioneer word. Prikkels wat aanvanklik geen angs tot gevolg gehad het nie, kan tot die aktiveringsindroom lei as dit gekondisioneer word met angswekkende prikkels. Die aktiveringsindroom wat op hierdie gekondisioneerde prikkel volg, is dan 'n gekondisioneerde emosionele reaksie, oftewel angs. Angs skep 'n drang by die individu om pyn of ongemak te vermy. Hierdie behoefte kan ook gekondisioneerd raak. Moller (1980) noem dat die bevrediging van 'n behoefte die kern van die leerproses is.

Die vermydingsreaksies is sekondêre simptome, terwyl die vermydingsdrang en emosionele reaksies die eintlike primêre simptome

uitmaak. Hierdie konsep stem ooreen met die psigo-analitiese beginsel van spanningsvermindering.

**Mowrer** se teorie oor angs begin by die gedragsteorieë en brei dan verder uit om by die psigososiale en psigoanalitiese benaderings aan te sluit (Ryke, 1980). Volgens Ryke (1980) definieer Mowrer angs dan eerstens as die gekondisioneerde vorm van die pynreaksie. Die individu ervaar dus die gevaarteken (stimulus) en die gekondisioneerde respons wat op die afwagting van die gevaar volg, as angs. Enige gedrag wat hierdie angs verminder, word positief belonend ervaar en word dus aangeleer.

Die vraag het egter ook ontstaan waarom mense nie-integrerende (neurotiese) gedrag aanleer. Mowrer het vasgestel dat proefdiere neurotiese gedrag ontwikkel wanneer hulle nie seker was of hulle beloning of straf moet verwag nie. Hierop grond hy sy standpunt dat integrerende gedrag by die mens bepaal word deur sy vermoë tot toekomsperspektief in sy huidige psigologiese situasie. Daar sou dus afgelei kon word dat betroubare toekomsvoorspelling 'n bepaalde mate van sekerheid en sekuriteit aan die individu verskaf.

Soos die psigososiale benadering dit ook huldig, meen Mowrer (in Ryke, 1980) dat dit vir die kind moeilik is om te ontvlug van angs wat uit die gesinsopset ontstaan, omdat die kind tegelykertyd afhanklik van en vreesbevange teenoor sy ouers staan. Hierdie "sosiale dilemma" sien Mowrer dus as 'n voorvereiste vir die belewing van angs. Omdat die volwassene nie so uitgelewer is aan ander vir die direkte versorging van sy behoeftes nie, kan verwag word dat hierdie sosiale dilemma in 'n mindere mate in sy leefwêreld sal presenteer.

### (d) Die eksistensiële en humanistiese benadering

Verskeie nuwe denkrigtings het na die Tweede Wêreldoorlog ontstaan, naamlik die fenomenologie, die eksistensiële sielkunde en die humanisme. Hoewel dit in sekere opsigte van mekaar verskil, sluit dit tog nou bymekaar aan en staan vandag naas die psigoanalise en behaviorisme as

die derde groot krag in die sielkunde bekend (Moller, 1980). As voorbeeld van hierdie periode word die eksistensïele en humanistiese benaderings se sienings ten opsigte van angs bespreek.

- **Eksistensiële benadering**

Hierdie perspektief het sy oorsprong in die filosofieë van onder andere Kierkegaard, Heidegger en Sartre. Die eksistensieël-filosofiese insigte is uitgebrei na sielkundige probleme deur teoretici soos Boss, Frankl, May en Maddi (Kobasa & Maddi, 1983). Hoewel die leidende figure uiteenlopende uitgangspunte en menings huldig, is een van die gemeenskaplike standpunte dat die mens vry is binne 'n situasie wat hy nie self gekies het nie (Plug **et al.**, 1986).

Die eksistensiële persoonlikheidsteoretici beskryf twee basiese persoonlikhede (Kobasa & Maddi, 1983), waarvan die een meer angs as die ander ervaar:

Die outentiese persoon gee uiting aan sy psigologiese behoeftes en is goed geïntegreer. Hy kies om die verlede en hede te aanvaar en toekomsgerig te leef. Hierdie keuse verhoed stagnasie en bring nuwe geleenthede en groei mee. Omdat die persoon nie die toekoms kan voorspel en beheer nie, is daar 'n mate van onsekerheid teenwoordig. Dit lei tot die ervaring van angs. Hierdie persoon aanvaar angs egter as 'n natuurlike bestanddeel van die lewe.

Die inoutentiese persoon inhibeer uitdrukking van sy psigologiese behoeftes. Hy beleef homself as uitgelewer aan groter magte. Hy is so onseker van die toekoms dat hy daarvan wegskram. Hy verkies om homself eerder in terme van die verlede of hede te definieer. Skuld ontstaan omdat hy homself bepaalde geleenthede ontneem, en stagneer in die status quo. Hierdie persoon ervaar angs minder gereeld, en ook met minder intensiteit as die persoon wat die uitdagings van die lewe aanvaar en homself probeer verwesenlik.

Met hierdie perspektief as agtergrond kan verstaan word waarom die eksistensiële terapeute **Rollo May** en **Irvin Yalom** (In Corsini, 1984) sê angs ontstaan na aanleiding van die individuele behoefte om te oorleef. Die gesonde strewe na selfinstandhouding en selfverryking, sluit die neem van risiko's in wat bepaalde onsekerheid meebring. Volgens May (1977:205) ervaar ons angs wanneer ons bewus word van "threat to our existence or to values we identify with our existence". Kobasa en Maddi (1983) skryf dat die blote gedagte aan potensiële verlies van 'n persoon se eie psigologiese bestaan merkbare angs kan meebring.

May en Yalom (1984:371) stel die eksistensiële dinamiek van angs parallel aan die wyse waarop Freud dit gedoen het. In die eksistensiële sisteem word

"DRIVE -- ANXIETY -- DEFENSE MECHANISM"

vervang deur

"AWARENESS OF ULTIMATE CONCERN -- ANXIETY -- DEFENSE MECHANISM".

Beide die Freudiaanse en eksistensiële sisteem plaas angs in die kern van die dinamiese struktuur. Angs beliggaam die moontlikheid van psigopatologie. Alhoewel die psigiese werkinge wat geskep word om angs te hanteer, veiligheid verskaf, kan dit ook groei beperk.

- **Humanistiese benadering**

Moller (1980) verduidelik die basiese konsepte van hierdie benadering soos volg:

Humaniste soos Rogers, Gendlin en Allport verwerp die psigoanalitiese beskouing wat huldig dat die mens deur onbewuste energie gemotiveer word, sowel as die behavioristiese standpunt dat gedrag 'n produk

van kondisionering is. Die humaniste meen dat die mens voortdurend daarna streef om homself te aktualiseer en toekomsgerig te leef. (Hierdie siening stem ooreen met die van die eksistensialiste.) Spanningsvermindering is dus nie die mens se enigste motivering, soos die psigoanaliste veronderstel nie, want selfverwesenliking kan by tye 'n spanningsvolle proses wees.

In **Rogers** se persoonlikheidsteorie is daar twee belangrike konsepte wat op hierdie bespreking van toepassing is, naamlik die fenomenologiese veld en die self. Die fenomenologiese veld dui op die totaliteit van die mens se ervarings, terwyl die self differensieer uit die fenomenologiese veld en die kern van persoonlikheid vorm.

Die humaniste beskou angs as "a response to threat to one's self-concept" (Marsella & Yang, 1983:638). Holdstock en Rogers (1983) verduidelik dit soos volg: die ervaring van nuwe gebeure verhoog die moontlikheid dat daar inkongruensie tussen die ervaring van hierdie gebeure en die selfkonsep kan wees. Wanneer ervarings wat totaal teenstrydig is, met die selfkonsep in die bewuste gesimboliseer word, is die geïntegreerde balans van die selfkonsep versteur.

Samevattend kan die kliëntgesentreerde angsbegrip dus gesien word as 'n toestand waar inkongruensie tussen die selfkonsep en die individu se totale ervaring dreig om in die bewuste vergestalt te word (Meador & Rogers, 1984). Angs is die spanning wat ervaar word wanneer die individu besef dat hierdie teenstrydigheid die bewustheid sal binnedring, en sodoende 'n verandering in die selfkonsep gaan forseer.

Ten einde die beeld van die self te beskerm, begin die individu 'n aantal maneuvers uitvoer wat ooreenkom met verdedigingsmeganismes in die klassieke sin.

Opsommend huldig al die benaderings dit dat angs 'n aanpassingsfunksie vervul, naamlik vir die ego as teken dien sodat hy hom kan mobiliseer ten einde bedreiging af te weer.

Teen hierdie agtergrond word Cattell se siening ten opsigte van angs nou uiteengesit.

### 2.1.2.2 Begripsomskrywing in hierdie studie: Cattell

Omdat Cattell se teorie as verwysingsraamwerk in hierdie studie gebruik word, dien sy siening van angs as operasionele definisie van die onafhanklike veranderlike in hierdie ondersoek. Vervolgens word daar 'n meer volledige bespreking van Cattell se angsfaktor gegee. In hierdie uiteensetting word daar ook gelet na die wyse waarop bogenoemde basiese konsepte rondom angs in Cattell se siening weerspieël word.

#### (a) Die tweede-orde angsfaktor, QII

Cattell (1961) merk op dat daar verskeie betekenisse geheg word aan die woord "angs". Om dit in hierdie studie te voorkom, is dit nodig om een definisie van angs as uitgangspunt te gebruik. Getrou aan Cattell se teorie is egter ook sy definiëring van angs kwantitatief van aard.

Nadat eerste-orde faktore gefaktoriseer is, het dit onder andere die tweede-orde angsfaktor, QII, aan die lig gebring. (Vergelyk Cattell se teorie onder 2.1.1.2(a).) Hy definieer dus sy tweede-orde angsfaktor in terme van veranderlikes wat hoë ladings toon op 'n enkele faktor wat hy as "angs" identifiseer (Smit, 1983). (Kyk ook 2.1.1.2(a).)

Cattell (1961:55) operasionaliseer angs soos volg: "Anxiety is a unitary concept attachable to a broad second-order questionnaire-factor with, however, distinct first-order components whose separate contributions it is important to understand."

Om insig in die psigologiese samestelling van angs te verkry, word kort beskrywings van die angskomponente gegee in volgorde van die

belangrikheid waarmee hulle laai op die tweede-orde angsfaktor (Cattell, 1961:51):

**$Q_4^+$, Gespannenheid**

Hierdie is een van die belangrikste komponente van angs. Dit verteenwoordig die mate waarin angs opgewek word deur onontlaaide energie afkomstig van enige erg. Cattell vind die terme instinkte en drange onaanvaarbaar vir die mens, en daarom stel hy die begrip erg voor (Maas, 1975). Plug et al. (1986) definieer 'n erg as 'n aangebore geneigdheid om betrokke te raak by sekere aktiwiteite in reaksie op bepaalde stimuli.

Cattell, Scheier en Madge (1986:16) verduidelik $Q_4^+$ egter met behulp van psigoanalitiese terminologie: "Dit verteenwoordig die mate waarin angs opgewek word deur druk van die id - deur opgewekte drange en onbevredigde (gefrustreerde) behoeftes van alle soorte. Aktivering van die seksdrang, behoefte aan erkenning, en vrees in 'n onmiddellike situasie, is drange wat positief korreleer met hierdie komponent."

Die sterk rol wat $Q_4^+$ in tweede-orde angs speel bevestig twee psigoanalitiese hipoteses (Cattell, 1961), wat dan ook meer lig werp op die onderliggende dinamika:
Angs word ontlok deur
1. die vrees dat die ego oorgeneem kan word, en
2. 'n vrees dat straf uitgeoefen sal word na uitdrukking van ergiese behoeftes.

**$O^+$, Geneigdheid tot skuldgevoelens**

"Hierdie komponent van angs staan in verband met gevoelens van onwaardigheid, terneergedruktheid en skuld. In Freudiaanse terme suggereer dit die begrip van angs wat ontstaan as gevolg van druk van die superego." (Cattell, Scheier & Madge, 1986:16.) In die HSPV-handleiding gebruik Cattell, Cattell, Madge en Du Toit (1982) vervolgens beide faktore O en G (superegosterkte) om 'n angstelling te bereken.

Madge en Du Toit (1982) noem dat geneigdheid tot skuldgevoelens onder andere korreleer met 'n gevoeligheid vir mense se goedkeuring of afkeuring, en Cattell (1961) noem dat gedrag waar op gangbare wyse en met konsiderering opgetree word, ook korreleer met $O^+$. Dit wil dus voorkom of hierdie persone in so 'n mate op 'n eksterne lokus van kontrole steun, dat gedrag wat nie aan die verwagtinge van ander mense voldoen nie, die ervaring van skuld tot gevolg het.

**$Q_3$-, Gebrekkige selfsentimentontwikkeling**

Die $Q_3$-telling dui aan in watter mate 'n persoon in staat is tot die gedrag wat die samelewing voorskryf (Madge & Du Toit, 1982). Indien die individu nie deur wilskontrole sy impulse sinchroniseer met sy selfbegrip asook met sosiaal aanvaarbare standaarde nie, sal daar innerlike konflik heers (Cattell, 1961). Hierdie onvermoë om te konformeer ($Q_3$) is een van die vernaamste oorsake van angs.

Die ander kant van die munt is dat dit ook moontlik is dat hoë angs stremmend kan inwerk op die ontwikkeling van 'n sterk, geïntegreerde self-konsep (Cattell, 1961). (Vergelyk ook 2.2.1.)

'n Hoë $Q_3$-telling mag moontlik dui op die vermoë om angs produktief te kanaliseer, in plaas daarvan dat dit in 'n gedisintegreerde manifestasie tot uiting mag kom (Smit, 1983). Madge & Du Toit (1982) noem dat $Q_3$ in verband staan met gebonde, teenoor vrye angs.

**C-, Gebrekkige ego**

'n Sterk ego "verteenwoordig die welbekende begrip van egosterkte - die vermoë om op 'n gepaste, realistiese manier uitdrukking te gee aan spannings wat frustrasies mag veroorsaak" (Madge, 1986:16). 'n Onveilige ego dra op twee maniere by tot angs:
a) daar is 'n onvermoë om van ergiese spanning ontslae te raak, en
b) 'n vrees dat die ego oorweldig gaan word, lei tot rigiede egoverdedigings (Cattell, 1961). Hierdie konsep stem ooreen met die

psigoanalitiese siening van angs (Madge & Du Toit, 1982). (Vergelyk ook 2.1.2.1(a).)

Angs kan egter ook bydra tot 'n onveilige ego: hoë spanningsangs kan aanleiding gee tot 'n mate van regressie en die normale ontwikkeling van die egosterkte kan benadeel.

In die handleiding vir die IPAT-angsskaal, wat ook rugsteun op QII, word genoem dat dit in gedagte gehou moet word dat "sommige van die komponente moontlik **bronne** is wat veroorsakend optree ten opsigte van 'n besondere angspeil, terwyl ander **uitdrukkings** is van daardie angspeil" (Cattell **et al.**, 1986:10). Elkeen van hierdie komponente verteenwoordig verskillende kwaliteite van angs, maar nie een van hulle betrek al die eienskappe wat klinies aan angs geheg word nie (Cattell, 1961). Dit herinner aan Schoeman, Nel en Wessels (1983:4) se algemene sisteemteorie waar stand gehou word dat hoewel al die subsisteme 'n bydrae lewer tot die sisteem, nie "al die eienskappe van die sisteem as geheel, ... afleibaar (is) van die eienskappe van die subsisteme nie".

Ter wille daarvan om die onderskeie terminologieë wat Cattell rondom die tweede-orde angsfaktor gebruik, te verstaan, word die volgende uiteensetting, van Maas (1975) gegee. Elke tweede-orde Q-faktor stem ooreen met 'n eerste-orde T-faktor. Prakties sou dit beteken dat die tweede-orde Q-faktor, "Adjustment vs. anxiety", met 'n indeksnommer van QII, ooreenkom met die eerste-orde T-faktor, lae angs teenoor hoë angs, oftewel U.I.24. Daarom is QII en U.I.24 "terme" wat min of meer ekwivalent aan mekaar is. (Vergelyk ook Cattell se teorie onder 2.1.1.2(a).)

Angs, F(Q)II, is een van die twee grootste tweede-orde faktore wat in Cattell se navorsing geidentifiseer is (Madge, 1982). Hierdie feit dra by tot die betroubaarheid van U.I.24 as definiëring van die kliniese konsep van angs.

(b) **Dimensies wat deur QII verteenwoordig word**

In sy poging om faktore wat die kliniese konsep van angs verteenwoordig, empiries te identifiseer beskryf Cattell (1961:14-17) drie klinies waargenome dimensies van angs.

* In sy boek "Neuroticism and anxiety" verklaar Cattell dat QII, oftewel U.I.24, die algemene angsfaktor is en wat veral **die** situasionele, vryvloeiende en bewuste dimensies van angs meet:

> "We might conclude that U.I.24 is a factor primarily in the type defined area of **conscious, free-floating** anxiety." (1961:102.) "Psychiatric evaluations concur in identifying U.I.24 by type definition as the general anxiety factor, especially in **free** and **situational** anxiety."

(1) **Situasionele* en karakterologiese angs**

Situasionele angs ontstaan as reaksie op regte situasionele bedreigings, dus eksterne bedreigings, en neig om realisties saam met die situasie te verander. Anders as by vrees is dit 'n reaksie op aankomende of moontlike gevaar en nie op huidige gevaar nie. Dit is per definisie nie patologies nie, omdat dit bepaal word deur bedreigings vanuit die omgewing. Situasionele angs stem ooreen met die wyse waarop Freud realistiese of objektiewe angs definieer. (Vergelyk 2.1.2.1(a).)

Karakterologiese angs ontstaan as gevolg van interne prosesse in die individu. Die intensiteit word bepaal deur temperamentele verskille en die aspirasievlak of doelwit waarna die individu streef. Soms kan dit patologies van aard wees, alhoewel dit nie noodwendig so is nie. Cattell (1965) bestempel karakterologiese angs as 'n trek.

(2) **Vryvloeiende* en gebinde angs**

Vrye angs is wanneer die persoon angs ervaar sonder om bewus te wees dat hy dit rasioneel aan 'n objek of herinnering kan heg. Cattell (1961)

beskou vrye angs hoofsaaklik as irrasioneel en wanaangepas. Vrye angs impliseer onderdrukking van die kognitiewe assosiasies wat sorg dat angs met die regte oorsake in verband gebring word. Freud beskryf neurotiese angs (kyk 2.1.2.1(a)) ook as swewend van aard (Ryke, 1980). Dit stem dus ooreen met die wyse waarop Cattell vryvloeiende angs bespreek.

Angs word gedefinieer as "gebind" in die sin dat:
1) 'n reaksie net in 'n spesifieke situasie plaasvind, of
2) slegs 'n spesifieke respons na vore kom, soos byvoorbeeld in sommige fobiese gedrag (Cattell, 1961).
Gebinde angs is soms realisties en soms patologies van aard.

(3) **Bewuste* en onbewuste angs**

Bewuste angs is introspektiewe angs wat overt gerapporteer kan word. Empiriese navorsing, soos die van Cattell, en ook die gedragsteoretici, steun dan ook op die meer bewustelik gedefinieerde faset van angs.

Onbewuste angs verwys na angs wat teenwoordig is, alhoewel dit nie bewustelik waargeneem word nie. Cattell (1961) verhelder die onbewuste faset van angs deur na die psigosomatiseringsproses te verwys. Eksterne gedrag of simptome wat met angs geassosieer word, presenteer soms sonder dat angs overt gerapporteer word. Die verklaring wat Cattell (1961) hiervoor bied, is dat die persoon 'n onvermoë ervaar om sy angs bewustelik te hanteer. Hoewel onbewuste angs empiries meetbaar is (Cattell, 1961), vind dit egter uitdrukking in faktore buite U.I.24.

Nieteenstaande die feit dat gebinde (kyk (2)) en onbewuste (kyk (3)) angs veel-fasettige fenomene is waarvan die faktor-identifikasies slegs tentatief is en nie deur U.I.24 verteenwoordig word nie, verduidelik Cattell (1961:102) dat dit nie die bruikbaarheid van U.I.24 benadeel nie: "In general where one type of anxiety loads a particular factor in a given direction, so do the other types." Dit wil dus voorkom of die tweede-orde angsfaktor in elk geval 'n aanduiding gee van dimensies wat nie direk

by U.I.24 ingesluit is nie. Hierdie neiging bevestig soveel te meer die drakrag van U.I.24.

Ten spyte van die verskillende dimensies wat onderskei is, spreek faktoranalise hom duidelik uit dat daar wel een enkele angsfaktor is (Cattell, 1965). Hierdie gedagte word ondersteun deur die omkeerbaarheid van een tipe angs na 'n volgende tipe (Cattell, 1961:17):

> "The single entity view is supported by the apparant convertibility of one type of anxiety into the other."

As voorbeeld van die omkeerbaarheid van angs, noem Cattell (1961) dat terapie dit dikwels ten doel stel om angs waarvan die individu aanvanklik nie bewus was nie, meer bewustelik te definieer. Cattell (1961) sê dat mens eerder moet dink in terme van alternatiewe uitdrukkings van 'n enkele konseptuele entiteit, as in terme van onderskeie funksionele entiteite, of radikaal verskillende soorte van angs.

In die volgende afdeling sal 'n literatuuroorsig van die verband tussen angs en bepaalde persoonlikheidsaspekte (wat 'n voorspelling toelaat van die aard van 'n persoon se optrede in 'n gegewe situasie) gegee word.

#### 2.1.2.3 Samevatting: begripsomskrywing van angs

In hierdie studie word daar van Cattell se tweede-orde angsfaktor, QII, gebruik gemaak om die onafhanklike veranderlike te operasionaliseer. QII het in Cattell se navorsing uitgekristalliseer as die algemene angsfaktor.

Die belangrikste eerste-orde faktore waaruit QII bestaan is $Q_4+$, $O+$, $Q_3-$ en $C-$. Wanneer gekyk word na die kwalitatiewe beskrywing van hierdie faktore, word daar veral ooreenkomste met die psigoanalitiese literatuur aangetref.

Cattell se tweede-orde angsfaktor meet veral die situasionele, vryvloeiende en bewuste angspeil.

Cattell (1961) noem dat daar drie voorwaardes is wat teenwoordig moet wees voordat angs ontstaan. (Hiermee word veral na U.I.24 verwys):

1. 'n simbolies waargenome gevaar
2. 'n gevoel dat behoeftebevrediging en selfkonsep bedreig word, en
3. onmiddellike optrede moet onmoontlik wees.

Hierdie drie punte vervat die elemente wat deur die drie breë strominge in die sielkunde as presipiterende faktore van angs beskou word.

In die volgende afdeling sal 'n literatuuroorsig van die verband tussen angs en algemene persoonlikheidsfunksionering gegee word. Dit sal as konteks dien waarteen die resultate van hierdie ondersoek evalueer kan word.

## 2.2 ANGS EN ALGEMENE PERSOONLIKHEIDSFUNKSIONERING

In hierdie afdeling word gekyk na die verband tussen angs en algemene persoonlikheidsfunksionering. Cattell se persoonlikheidsdefinisie (kyk 2.1.1.2(b)) was die kriterium waarvolgens die afhanklike veranderlikes geselekteer is om inhoud te gee aan die term "algemene persoonlikheidsfunksionering". Die afhanklike veranderlikes sal onder die volgende hoofde bespreek word:

Persoonlike verhoudinge
Fisiese gesondheid
Vryetydsbesteding
Intellektuele funksionering
Skolastiese funksionering
Morele funksionering
Gesinsfunksionering
Sosiale funksionering.

### 2.2.1 PERSOONLIKE VERHOUDINGE EN ANGS

"Persoonlike verhoudinge" word as hoofopskrif gekies, omdat faktoriale studies meeste persoonlikheidsaspekte wat in hierdie afdeling bespreek word, onder hierdie hoof saamgroepeer (Joubert, 1981). Die persoonlikheidsaspekte wat hier betrokke is, is selfvertroue, eiewaarde, selfbeheersing, senuweeagtigheid en liggaamsbeeld. Hierdie afdeling sal tweeledig uiteengesit word: Die eerste vier veranderlikes word saamgegroepeer onder die term persoonlikheidskern. Die verband tussen die persoonlikheidskern en angs word bespreek. Tweedens word die korrelasie tussen angsbelewing en liggaamsbeeld, as belangrike attribuut van die persoonlikheidskern, bespreek.

#### (a) Persoonlikheidskern

Die volgende persoonlikheidsaspekte is hier van belang. Joubert (1981) definieer dit soos volg:

**Selfvertroue** kan afgelei word uit die sekerheid wat die adolessent het dat hy die take wat hy aanpak, suskesvol sal kan uitvoer en tevrede sal wees met die resultate.

**Eiewaarde** kan afgelei word uit die adolessent se selfaanvaarding ('n gevoel van tevredenheid met homself); die mate waarin hy voel dat hy sy persoonlike standaarde kan bereik en die norme van die samelewing kan nakom; die kongruensie tussen dit wat die adolessent dink hy is en dit wat hy dink wat ander van hom verwag en die mate waarin hy meen dat hy goed met maats van sy ouderdomsgroep vergelyk en deur hulle aanvaar word.

**Selfbeheersing** kan afgelei word uit die vermoë wat hy toon om sy emosies en impulse suksesvol te beheer en op 'n sosiaal aanvaarbare wyse te kanaliseer.

**Senuweeagtigheid** of die emosionaliteit van die adolessent kan afgelei word uit die mate van spanning wat aanwesig is, soos geopenbaar deur angstige, doellose gedrag, kompulsiewe handeling en obsessiewe gedagtes.

Hoewel die IVV op Cattell se navorsing gebaseer is, gebruik Cattell nie self die terme selfvertroue, eiewaarde, selfbeheersing en senuweeagtigheid nie. Sy bespreking van egosterkte, en in 'n mindere mate ook van selfsentiment en gespannenheid, verteenwoordig egter dieselfde breë konsep. Dit kan soos volg verduidelik word: Egosterkte, selfsentiment en gespannenheid is basistrekke (Maas, 1975), terwyl die IVV nie opgestel is om persoonlikheidstrekke as sodanig te meet nie, maar eerder om die uiting en belewing daarvan te bepaal (Joubert, 1981). Die IVV-faktore is dus as't ware 'n operasionalisering of objektief waarneembare manifestasie van Cattell se persoonlikheidsfaktore.

In die bespreking van die korrelasie tussen angs en die IVV-faktore word daar dus ook verwys na Cattell en ander teoretici se verduidelikings van die onderliggende proses.

Cattell, Cattell, Madge en Du Toit (1982:10) beskryf egosterkte as "'n faktor wat die vlak van natuurlike dinamiese integrasie, emosionele beheersing en stabiliteit aandui". Van Jaarsveld (1986) noem dat die Dieptepsigologie geleer het dat die sentrale kontrole van gedrag deur 'n psigologiese orgaan, die Ego, die Ek of die self beheer word. Selfvertroue, eiewaarde, selfbeheersing en senuweeagtigheid kan as objektief waarneembare manifestasie van die hipotetiese konstruk, die ego of die persoonlikheidskern, beskou word.

So kan eiewaarde (ii) of selfbeheersing byvoorbeeld as funksie van die persoonlikheidskern beskou word:

Joubert (1981:4) se definiëring van eiewaarde (ii): "Die mate waarin (die puber) voel dat hy sy persoonlike standaarde kan bereik en die norme van die samelewing kan nakom", kom ooreen met die verduideliking wat die psigoanalise (in Plug et al, 1986) van egofunksies gee, naamlik om


as tussenganger op te tree tussen die eise van die id en die superego (persoonlike standaarde te bevredig), om te leer onderskei tussen self en omgewing, en in kontak met die eksterne werklikheid (en samelewing) te wees. (Madge en Du Toit (1982) noem dat daar aanduidings is dat die grondtrek, egosterkte, die psigoanalitiese begrip van egosterkte steun.)

**Selfbeheersing** kan afgelei word uit die vermoë om emosies en impulse suksesvol te beheer en op sosiaal aanvaarbare wyse te kanaliseer (Joubert, 1981). Van Jaarsveld (1986:87) beskryf "die vermoë om verskeie konsepte en stimuli op 'n gegewe tydstip in die bewussyn te hou en daarmee verskillende optredes te oorweeg voordat tot handeling oorgegaan word" as een van die belangrikste vermoëns waaroor die Ego, die Ek of die Self beskik. Selfbeheersing kan dus ook as funksie van die persoonlikheidskern gesien word.

Vervolgens word daar 'n diagrammatiese uiteensetting van die verband tussen angsbelewing en mobilisering deur die persoonlikheidskern (ego) gegee. Die manifestering van selfvertroue, eiewaarde, selfbeheersing en senuweeagtigheid tydens hierdie proses word ook vermeld. Daarna sal aan kousaliteit aandag gegee word.

Steinhauer en Berman (|978:130-135) gee 'n diagrammatiese uiteensetting van die verband tussen angsbelewing en mobilisering deur die persoonlikheidskern (ego):


Figuur 1: **Die normale kind**



Hier is balans tussen angs en verdediging daarteen, met ander woorde, verdediging is voldoende om ondraagsame angs af te weer, sonder om in te meng in die individu se vryheid om te groei, te leer, deel te neem, te skep en te geniet. Die normale individu is nie bang dat byvoorbeeld sy woede buite beheer sou raak nie, omdat hy vertroue in sy selfkontrole het. Hy sal dus 'n situasie realisties kan evalueer en toepaslik reageer.

Sodanige selfbeheersing beskou Joubert (1981) as goed aangepas. In terme van Cattell se eerste-orde faktore, sou gesê kan word dat hierdie persoon se egosterkte goed ontwikkel is (Madge & Du Toit, 1982). Hieruit word 'n negatiewe verband gestipuleer, naamlik dat lae angs korreleer met gesonde manifestering van persoonlike verhoudinge. Daar kan dus verwag word dat selfvertroue en eiewaarde positief sal manifesteer, en dat die persoon nie oormatig senuweeagtig sal wees nie.

Figuur 2: Ontoereikende verdedigingsmeganismes





Angs oorskrei die beskikbare verdediging. Die individu is dus nie in staat om die angsprikkels - wat spruit uit die vrees dat ongekontroleerde emosie of behoefte sal manifesteer - doeltreffend te verwerk nie.

In terme van Cattell se eerste-orde faktore sou gesê kan word dat hierdie persoon se egosterkte 'n onvermoë toon om emosionele impulse realisties te hanteer. Madge en Du Toit (1982) noem dat so 'n persoon vervul is met 'n gevoel van onvoldoendheid wat alle aspekte van sy lewe deurdring en dat daar 'n totale onvermoë is om die lewe die hoof te bied. Dit is dus onwaarskynlik dat hierdie persoon baie selfvertroue en 'n hoë

eiewaarde sal hê, en nie senuweeagtig sal wees nie. Hierdie figuur dui dus op 'n negatiewe verband tussen angs en persoonlike verhoudinge, met ander woorde, hoe hoër die angs hoe swakker sal persoonlike verhoudinge wees.

Figuur 3: Beperkende verdedigende meganismes




Angs word beheer, maar teen 'n hoë prys. Die verdedigingsmeganismes is so rigied en remmend dat die individu nie vry is om 'n bevredigende en produktiewe lewe te lei nie. Die individu kan nie spontaan geniet, waag, deelneem of op 'n natuurlike wyse psigologies groei nie.

Hoewel angs beheer word, weerspieël hierdie figuur ook 'n negatiewe verband tussen angs en persoonlike verhoudinge.

Na aanleiding van hierdie diagrammatiese uiteensetting is dit duidelik dat angsbelewing en die funksionering van die persoonlikheidskern nie losstaande entiteite kan wees nie.

Outeurs soos Allen (1967), Gaudry en Spielberger (1971), Hurlock (1980), Piek **et al.** (1984) en Kroger (1985) konstateer dan ook 'n betekenisvolle negatiewe verband tussen egosterkte/selfkonsep en angs, met ander woorde, hoe hoër die angs, hoe swakker sal die persoonlikheidskern wees, en omgekeerd. 'n Uitsondering op die reël, waar 'n hoë angstelling en 'n hoë selfkonseptelling wel gepaardgaan, word deur Franzoi (1982) verklaar. Hy noem dat 'n verlaagde selfbewustheid tot 'n kunsmatig hoë selfkonseptelling aanleiding kan gee. In werklikheid is hier dus van 'n sterk vorm van verdediging sprake.

In die geval van kousaliteit word eerstens aandag geskenk aan die invloed wat angs op die persoonlikheidskern het. Daar kan eerstens gelet word op die bespreking onder 2.1.2. In daardie afdeling is reeds verwys na die aanpassingsfunksie wat angs vervul, naamlik om te dien as teken vir die ego om hom te mobiliseer teen bedreiging. Om reeds hieruit 'n kousale verband te stipuleer, sou gesê kan word dat onvoldoende angs in 'n gevaarsituasie skynwelvaart aan die ego kan voorhou, terwyl 'n oormaat angs die ego tot rigiede verdediging kan aanspoor. Wanneer die tydskomponent in ag geneem word, kan verwys word na Cattell (1965) wat noem dat onderwerping aan volgehoue angs, een van die faktore is wat tot die ontstaan van 'n swakker egosterkte lei. Hierdie stelling word veral deur psigososiale en humanistiese teoretici bevestig. Hulle meen dat langdurige gebrek aan sekuriteit en gepaardgaande angsbelewinge die ontwikkeling van persoonlikheid verwring . (Kyk 2.1.2.1) 'n Ontoereikende persoonlikheidskern of swak ego manifesteer ook in eiewaarde en selfaanvaarding. So dui Gaudry en Spielberger (1971) op navorsing van Rosenberg wat 'n negatiewe korrelasie tussen eiewaarde en angs vind, en Suinn en Hill wat 'n negatiewe korrelasie tussen selfaanvaarding en angs vind.

In die tweede plek word aandag geskenk aan die invloed wat die persoonlikheidskern op angs het. Hier moet die veelvuldige veranderinge wat tydens adolessensie plaasvind, in ag geneem word. So verwys Ellis en Davis (1982) na verskillende dimensies van die selfkonsep wat tydens adolessensie uitkristalliseer in onafhanklikheidswording: "The traumatic swings in emotions and feelings of adolescents, ... may be related to the aforementioned differentiation and structural changes of self-concept." Thom (1984) stel dit dat die adolessent tydens vroeë adolessensie die stabiele selfkonsep van die kinderjare "verloor" en aanvanklik 'n gevoel van verwarring kan ervaar, wat toenemende spanning en selfbewustheid tot gevolg kan hê. Ook Hurlock (1980) meen dat die puber sy vroeëre selfvertroue verloor. Dit wil dus voorkom of hierdie intensiewe strukturele veranderinge wat geïntegreer moet word, aanleiding kan gee tot die verhoogde angspeil wat so kenmerkend van adolessensie is (Cattell, 1965, Kaplan et al., 1985 & Steinhauer et al., 1978).

In die literatuur word daar 'n duidelike negatiewe verband tussen angs en die persoonlikheidskern gestipuleer. Wat kousaliteit betref, blyk dit dat daar 'n interafhanklike verband tussen angs en funksionering van die persoonlikheidskern bestaan.

### (b) Liggaamsbeeld

Liggaamsbeeld verwys nie net na die individu se "subjektiewe voorstelling van sy eie liggaam nie, maar onder meer ook sy evaluasie van eie liggaamlike voorkoms en motoriese vermoëns" (Van der Westhuysen & Schoeman, 1984). Allport verkies om te praat van die liggaamlike selfgevoel en meen dat dit dwarsdeur die lewe die individu se basiese bewys van sy eie bestaan bly (Meyer, 1984).

Liggaamsbeeld is gedurende alle lewensfases een van die belangrikste attribute van die selfkonsep. As gevolg van die ingrypende liggaamlike veranderinge wat tydens adolessensie plaasvind en die adolessent se akute bewustheid daarvan, het liggaamsbeeld veral tydens adolessensie 'n besonder sterk invloed op selfbeoordeling (Thom, 1984). Papalia en Olds (1981:348) bevestig hierdie akute bewustheid:

> "Most young teenagers are more concerned about their physical appearance than about any other aspect of themselves",

asook die impak van die selfbeeld (349) op die selfkonsep:

> "Adolescent self-concept depend largely on how attractive young people consider themselves."

Brammer en Shostrom (1961) en Thom (1984) beskou adolessensie as 'n kritieke periode vir die vestiging van seksuele identiteit. Vervolgens word daar aangedui hoe hierdie integrasie van veranderende liggaamsbeeld in selfkonsep verband hou met angs:

Die waarde en betekenis wat die individu aan verskeie aspekte van die fisiese self heg, hou nie net verband met sy eie waardebesef nie, maar word ook grotendeels bepaal deur die norme van die verwysingsgroep waarvan hy lid is. As 'n adolessent se liggaamsvoorkoms en vaardighede aan sy portuurgroep se norme beantwoord, sal hy positiewe versterking ontvang, wat tot die ontwikkeling van 'n positiewe selfsiening en -evaluasie kan lei (Gerdes, Ochse, Stander & Van Eede, 1981). Ter wille van aanvaarding neig die adolessent dus om te konformeer. Hurlock (1968:444) skryf: "Being different in appearance makes the adolescent inferior, even if this difference adds to his physical attractiveness." Hieruit voortspruitend is dit voor die handliggend waarom die adolessent soveel waarde aan sy kleredrag heg. Dit verbeter nie net sy fisiese voorkoms nie, maar help hom ook om te identifiseer met sy portuurgroep (Brammer **et al.**, 1961 en Hurlock, 1968). Oor- of ondergewig, 'n probleemvel, of enige fisiese tekortkoming kan 'n bron van verleentheid wees en die adolessent se selfagting negatief beïnvloed (Hurlock, 1968, Gerdes **et al.**, 1981 en Papalia **et al.**, 1981).

Die ouderdom waarop liggaamlike rypheid bereik word, het verreikende psigiese implikasies. "Adolessente wat vroeg ryp word, lyk ouer en sekere verantwoordelikhede word aan hulle toegesê, wat anders nie die geval sou wees nie. Omdat hulle liggaamlik beter ontwikkel is as diegene wat laat ryp word, is hulle meer geneig om in sport te presteer en in ooreenkoms hiermee word sekere rolle soos leierskap aan hulle toegesê wat aan hulle 'n hoër statusposisie in die portuurgroep gee." (Thom, 1984:349.) Dit blyk dat veral seuns wat laat liggaamlike rypheid bereik, swakker aangepas is en angstiger is as seuns wat vroeg ontwikkel. By dogters is die verskil nie so opvallend nie (Hurlock, 1968 en Thom, 1984).

Veral in die lig van die klem wat die moderne Westerse samelewing op fisieke voorkoms plaas (Gerdes **et** al., 1981), blyk dit dat die adolessent op hierdie gebied besonder sensitief is vir verwerping deur sy portuurgroep. Soos reeds aangedui leer die literatuur dat bedreiging vanuit die omgewing (verwerping of antisipasie daarvan) 'n angsrespons vanaf die ego sal ontlok.

Uit die literatuur is dit dus duidelik dat die liggaamsbeeld wat 'n adolessent het, verband kan hou met sy belewing van angs.

## 2.2.2 FISIESE GESONDHEID EN ANGS

"The problem of mind and body, and how they relate, has been considered by all ages." (Kaplan & Sadock, 1985:488.) Hierdie kontroversie duur steeds voort. In hierdie bespreking word drie groepe siektetoestande onderskei:

1. Somatovorme versteurings
2. Psigologiese faktore wat die fisiese toestand beïnvloed
3. Ernstige of chroniese siektes.

In al drie groepe sou 'n respondent met vraelysbeantwoording melding maak van 'n gesondheidsprobleem.

Die eerste twee klassifikasiemoontlikhede is die van die APA (1987), wat die bydrae van die psigiese funksionering in die manifestasie van 'n fisiologiese toestand beklemtoon.

1. By **somatovorme** versteurings is fisiese simptome teenwoordig wat dui op 'n fisiese versteuring, maar daar kan geen organiese bewys voor gevind word nie. Daar is sterk aanduidings dat die simptome verband hou met psigologiese faktore. By hierdie groep versteurings word spesifiek melding van adolessensie as aanvangsouderdom asook die manifestasie van angs as geassosieerde kenmerk. Cattell (1961) meen dat psigosomatisering deur 'n groot aantal navorsers interpreteer word as 'n onvermoë om angs bewustelik te hanteer. Kennedy (1977) verduidelik dat somatiese klagtes 'n spesifieke funksie vervul, naamlik om angs te verminder.

2. By **psigologiese** faktore wat die fisiese toestand beïnvloed, word byvoorbeeld obesiteit, spanningshoofpyn, asma, maagsweer en pynvolle menstruasie ingesluit. "Psigologies" verwys na die betekenis wat die persoon toeskryf aan omgewingstimuli. "Psigologies" sou ook deur angs vertolk kon word: Smit (1983:252) skryf: "'n Baie hoë angstelling is

gewoonlik ontwrigtend en lei tot fisiese steuringe." Madge en Du Toit (1982) beklemtoon ook dat dit baie waarskynlik is dat emosionele spanning en die chroniese uitputting wat dit meebring, aanleiding kan gee tot swak fisiese gesondheid. So verwys Ainsworth en Fraser (1986) na angs wat by hakkelaars teenwoordig is, Nielson en Dobson (1980) na "trait anxiety" as koronêre gedragspatroon, Williamson (1985) vind in sy resultate verhoogde angs by bulimie-pasiënte.

3. Adolessensie word beskryf as 'n tydperk met veelvuldige veranderinge; dit is moontlik dat addisionele verandering as gevolg van siekte soveel te meer angs kan ontlok. Die laaste groep is dus **ernstige of chroniese siektes**. Data wat 'n verband met psigiese faktore aantoon, is teenstrydig. Sommige outeurs meen chroniese of ernstige siekte by adolessente onvermydelik verband hou met psigologiese wanaanpassing, veral omdat dit die ontwikkelingstake nodig vir 'n psigologies gesonde volwassenheid, kan onderbreek of voorkom. Johnson **et al.** (1980), en Johnson (1982) vind dat chroniese siek kinders beduidend meer angstig as gesonde kinders is, terwyl Stewart (1965) 'n verskeidenheid van psigopatologie, waaronder angs, by proefpersone met 'n hoë frekwensie fisiese siektes vind. Cattell skryf reeds in 1950 dat fisiese versteurings in adolessensie uitdrukking vind in angs, vreesagtigheid en skuheid.

Ander outeurs (Kellerman, Zeltzer, Ellenberg, Dash & Rigter, 1980) se navorsingsresultate trek hierdie veronderstelling in twyfel. Hulle vind 'n ooreenkoms tussen gesonde en siek adolessente op metings soos selfesteem en "trait anxiety". Hulle meen die chroniese siek adolessent ontwikkel 'n verhoogde strestoleransie en leer om met sy onvermoë saam te leef.

Alhoewel bogenoemde navorsing die aanname van noodwendige psigopatologie by chroniese siekte teenstaan, blyk daar tog subtiele nuanses van disfunksionaliteit te wees. Simmons (1985:120) skryf: "The high degree of somatic complaints in both sexes that are not related to physical parameters implies that in a chronically ill population, these complaints may have more of an emotional than a physical meaning." Lewis en Khaw (1982), asook Simmons **et al.** (1985) vind dat chroniese

siek adolessente ten spyte van 'n goeie selfkonsep gedragsprobleme ervaar. Hierdie oënskynlik paradoksale bevinding verklaar Simmons (1985:119): "...the good self-concept is maintained by denial and minimization, with emotional stress resulting from efforts to maintain the good self-concept expressed by disturbances in behavior".

Dit blyk dus of daar in die literatuur meer aanduidings gevind word van 'n oneffektiewe psigiese funksionering en verhoogde angsvlak by fisiese siektetoestande wat adolessente onder lede het, as 'n gesonde psigiese funksionering.

Cattell (1950) en Simmons (1985) meen dat seuns oor die algemeen meer aanpassingsprobleme wat deur fisiese probleme veroorsaak word, toon, as meisies. Cattell (1950) skryf dit daaraan toe dat die selfbeeld van 'n seun in die Westerse kultuur meer afhanklik is van 'n gesonde, fikse liggaam. Simmons (1985) voeg by dat meisies pubertuele agterstand ook makliker kan verdoesel deur kosmetika en klere as seuns. Nieteenstaande skryf Simmons (1985:120) "...the emotional balance that females maintain is fragile, so that when they become severely ill or suffer an emotional crisis, denial breaks down revealing a vulnerable, depressed and often regressed individual". Dit blyk dus, alhoewel seuns hul siektetoestand meer problematies ervaar, hul die hantering van hul siekte meer deeglik by hul selfkonsep integreer.

Samevattend lyk dit of daar in die literatuur by al drie groepe, naamlik
1. somatovorme versteurings,
2. psigologiese faktore wat die fisiese toestand beïnvloed, en
3. ernstige of chroniese siektes

'n positiewe verband met angs by adolessente gevind word.

### 2.2.3 VRYETYDSBESTEDING EN ANGS

#### (a) Aktiwiteitsdeelname

Psigiatriese literatuur (APA, 1987; Kaplan & Sadock, 1985) handhaaf die standpunt dat 'n verhoogde aktiwiteitsvlak een van die belangrikste simptome van angstoestande is. Dit manifesteer veral as outonome hiperaktiwiteit. Hoewel aktiwiteitsdeelname nie noodwendig outonome hiperaktiwiteit impliseer nie, lyk dit tog of bogenoemde tendens gedurende adolessensie vergestalt.

Nie net is adolessensie die lewensfase waar angspeil 'n hoogtepunt bereik nie, maar inderdaad ook die lewensfase waarin die meeste stokperdjies bedryf word (Cattell, 1950b). Na adolessensie is daar 'n afname tot slegs een of twee stokperdjies. Dit lyk dus of daar in die literatuur aanduidings van 'n assosiasie tussen hoë angs en veelvuldige aktiwiteitsbeoefening gevind word.

Wanneer Cattell (1950b) oor sport, ontspanning en stokperdjies skryf, beklemtoon hy die positiewe invloed daarvan op persoonlikheid. Hy gee die uitlaatkleppe wat dit voorsien as rede aan: dit fasiliteer aanpassing en stabilisering van die persoonlikheid - waar die lewenssituasie dit miskien nie andersins toelaat nie. Barnett (1984) vind in sy navorsing dat angsvlakke effektief verminder kan word deur spel. Spel dien as emosionele katarsis en herstellende ontspanning na die stres van 'n volgehoue aktiwiteit. 'n Verklaring vir die hoë aktiwiteitsdeelname gedurende adolessensie kan dus wees dat dit as medium gebruik word waardeur angs verminder kan word.

In uiterste gevalle verander die prentjie egter. Sullivan (1948) toon aan dat erge angs dikwels manifesteer in onaktiewe werk en spel. Op hierdie stadium grens die gemoedstoestand aan 'n depressie. Cattell (1961) noem ook dat persoonlikheidsprobleme wat gepaard gaan met angs soms veroorsaak dat die persoon homself ontoereikend voel om enigiets aan te pak.

Samevattend kan gesê word dat daar wel 'n verband in die literatuur tussen angs en vryetydsbesteding gevind word, wat sowel positief as negatief kan manifesteer.

### (b) Sportprestasie

In die literatuur word oënskynlike teenstrydige korrelasies tussen angs en sportprestasie aangedui.

Eerstens word die invloed van angs op sportprestasie ondersoek. Hier moet onderskei word tussen karakterologiese en situasionele angs.

Dit blyk dat karakterologiese angs 'n negatiewe verband met sportprestasie toon. Die holistiese benadering (Angyal, 1973) huldig dit dat mens nie gefragmenteerd nie, maar as 'n eenheid funksioneer. Hierdie benadering word deur sportteoretici, Stydom en Malan (1980) wat die verbetering van die totale lewensstyl beklemtoon, as uitgangspunt gebruik. Wanneer 'n persoon 'n lewensstyl volg waar angs die sentrale tema is, sal dit uitkring na alle fasette van sy lewe, ingesluit sport-deelname. Dit behels dus ook dat die persoon met hoë angs ego-bedreigende situasies wil vermy (Pate, Rotella & McClenaghan, 1984).

As voorbeeld van hierdie tendens word verwys na navorsing van Penney (in Gaudry & Spielberger, 1971). Hy vind dat kinders met hoë angs hulself nie as avontuurlustig beskou nie en 'n bekende leefwyse verkies waar hulle nie op hulself aangewese is nie. Dit wil voorkom of dit onwaarskynlik is dat kinders met hoë angs 'n lewensstyl sal kies waar kompetisie en blootstelling ego-bedreiging kan veroorsaak.

Dit blyk dat situasionele angs, wat een van die dimensies is wat deur Cattell se tweede-orde angsfaktor gemeet word, beide 'n negatiewe en positiewe verband met sportprestasie toon. Wanneer persone wat reeds atlete is, te hoë angs ervaar, kan dit hul prestasie drasties laat daal (Warren, 1983 en Pate **et al.**, 1984). Dit blyk egter dat diegene wat byna geen angs ervaar nie, se motivering swak is (Warren, 1983), en dit kom

voor of hulle nie betrokke is by die taak wat hulle moet uitvoer nie (Pate et al. , 1984). 'n Goeie afrigter moet dus poog om 'n balans tussen die twee uiterstes te bewerkstellig.

Tweedens word gekyk na die effek wat sportprestasie op die angspeil het. Daar is vele aanduidings dat sportdeelname 'n kuur vir die persoon met 'n hoë angspeil kan bied. 'n Negatiewe verband word dus weer eens bevestig:

Dit blyk dat die effek wat hardloop op die gemoedstoestand het, een van die mees nagevorste terreine in sportpsigologie is. Daar is twee afsonderlike navorsingsprojekte by die universiteit van Wisconsin in die VSA geloods (Tuckman, 1986). Dr. Geist het by die mediese skool gevind dat 'n gereelde hardloopprogram depressie net so effektief teëwerk as tradsionele psigoterapie. 'n Sportsielkundige, W. Morgan, het in 'n reeks studies gevind dat angstige persone na afloop van hardloopsessies 'n baie laer telling op angstoetse behaal. Dit blyk ook dat gereelde hardloop 'n sterk akkumulerende effek het. Ook sportteoretici in Suid-Afrika, Strydom en Malan (1985:26), skryf:
"Anxiety levels are reduced following vigorous exercise in both normal men and women as well as anxiety neurotics."

Psigologiese verklarings wat vandag vir hierdie verskynsel gebied word, kom ooreen met standpunte wat Cattell reeds in 1950 gehuldig het. Strydom en Malan (1985) meen dat fisiese aktiwiteite 'n positiewe uilaatklep vir die frustrasie en spanning van die alledaagse lewe bied, terwyl Tuckman (1986:38) oor die psigologiese effek van hardloop skryf: "It incubates feelings of control, discipline and selfworth."

Wat soveel te meer die positiewe effek van sport op die gemoedstoestand onderskryf, is dat dit in Tuckman (1986) se bespreking van dr. Dienstbier se navorsing by die universiteit van Nebraska duidelik word dat fisiologiese veranderinge in die liggaam plaasvind wat 'n algemene welsynsgevoel teweegbring. Professor Van Rooyen (1988) bevestig dat hierdie welsynsgevoel ook 'n positiewe uitwerking op die angsvlak sal hê.

'n Negatiewe verband is ook teenwoordig in die sin dat 'n gebrek aan sportprestasie, angs by die kind kan bewerkstellig. Kulewicz (1981) vind in sy navorsing dat kinders wat hulself nie as toereikend op sportgebied beskou nie, dikwels min selfvertroue het. Hy skryf dit daaraan toe dat sportprestasie 'n belangrike maatstaf is vir die wyse waarop die kind deur sy portuurgroep asook volwassenes waargeneem word. Swak sportprestasie kan dus aanleiding tot die verintensifisering van angsbelewing gee.

Aktiewe sportbeoefening kan egter ook teenproduktief word - Tuckman (1986) noem drie faktore wat gemoedstoestand negatief kan beïnvloed. Die eerste noem hy "exercise addiction" (1986:40). Dit is wanneer die hardloper oorafhanklik raak van die positiewe gevoelens wat hardloop bied, en dit sy lewe begin beheer. Tweedens is daar ooroefening wat vermoeidheid en in uiterste gevalle depressie tot gevolg kan hê. Laastens bespreek hy die stel van onbereikbaar hoë doelwitte. Uit 'n gesprek met prof. Tim Noakes (1988) kan afgelei word dat dit maklik kan gebeur. Hy konstateer: "Pressure on sportsmen is enormous." Toeskouers kan neig om geweldig baie druk op veral toppresteerders te plaas.

Tuckman (1986) beveel hardlopers aan om te hou by die roetine wat 'n positiewe invloed op hul gemoedstoestand het. Dit sluit aan by Cattell **et al.** (1986) wat sê dat dit bekend is dat sekere vorms van matige omgewingsdruk of 'n uitdaging angs kan verminder. Fisiese inspanning of akademiese eksamens word as voorbeelde van matige omgewingsdruk genoem.

Dit is dus duidelik dat sowel geen oefening as ooroefening 'n negatiewe effek op die angspeil kan hê. Samevattend dan gesê word dat daar 'n interafhanklike verband tussen sportprestasie en angs bestaan, wat veral neig om negatief te manifesteer.

### 2.2.4 INTELLEKTUELE FUNKSIONERING EN ANGS

In die literatuur word aanduidings gevind van die invloed wat intelligensie op die gemoedstoestand van die individu het, sowel as navorsing wat aantoon hoe die angspeil intelligensie kan beïnvloed.

Eerstens word die invloed van intelligensie op die gemoedstoestand van die individu bespreek. Hoewel begaafde kinders wel soms isolasie kan beleef, is dit veral die angspeil van persone met 'n lae intelligensie waaroor die literatuur hom uitspreek. Hallahan en Kauffman (1982:60) beklemtoon:

> "Children of limited intelligence are candidates for a variety of social and emotional problems."

Volgens hierdie outeurs blyk daar veral twee redes te wees waarom 'n kind met 'n lae intelligensie emosionele probleme kan ervaar:

1. Hy word gewoonlik uitgesonder in sosiale situasies. Dit gebeur dat daar na hom verwys word as die "dummy", of ander opmerkings gemaak word wat ontoereikendheid suggereer. Sodanige terugvoer vanuit die omgewing kan 'n negatiewe invloed op sy selfwaarde uitoefen.

2. Navorsing toon dat persone wat verstandelik gestrem is, nie glo dat hulle in beheer van hul bestemming is nie: "They believe they are controlled by external or outside forces rather than by their own internal or inner capabilities." (Hallahan & Kauffman, 1982:61.) 'n Verklaring hiervoor kan wees dat hulle uit ervaring leer dat hulle mislukking te wagte kan wees en dat hulle min kan vermag om hulle omgewing te verander of te manipuleer.

Uit die bespreking sover word dus 'n sterk negatiewe verband tussen angs en intelligensie gesuggereer.

Vervolgens word aangetoon hoe die angspeil intelligensie kan beïnvloed. Intelligensie is nie slegs die resultaat van oorerwing nie (Gaudry & Spielberger, 1971). Volgens verskeie outeurs word intelligensie as die resultaat van 'n interaksie tussen oorgeërfde en omgewingseienskappe beskou (Weyers, 1976). Hiervolgens sou dit dus statisties moontlik wees dat die omgewing 'n invloed op intelligensie kan uitoefen.

Wanneer die funksionele definisie van intelligensie soos gestel deur Plug et al. (1986:159) beskou word, lyk dit reeds op sigwaarde dat die verrigting van intelligensie sodanig is dat angs dit sal kan beïnvloed:

> "Die vermoë om (a) abstrakte konsepte effektief te hanteer en toe te pas, (b) verbande in te sien en nuwe leerstof te bemeester en (c) effektief by nuwe omstandighede of situasies aan te pas."

Uit navorsing blyk dit dan ook dat emosionele omstandighede, as omgewingseienskap, verband hou met intellektuele funksionering:

Proeger en Myrick (1980) konstateer navorsingsresultate waar 'n verhoogde angsvlak negatief korreleer met intelligensie. Hulle vind dat wanneer die angsvlak varieer, dit duidelik weerspieël word in die intelligensietelling. Hul navorsingsresultate toon dat angs op verskeie leertake, maar veral op komplekse leerprosesse 'n negatiewe invloed het. Ook Cattell (1961:92) berig dat daar navorsers is wat vind dat spesifieke funksies in assosiasie met angs ingeperk word: "there are admittedly signs of perceptual errors and decline of capacity to memorise". In ooreenstemming met hierdie navorsing hipotetiseer Madge en Van der Westhuizen (1978) dat swak prestasie in die Probleme-, Geheue-, en Blokkies-subtoetse verband kan hou met 'n hoë angspeil. Hierdie kwalifisering van spesifieke verrigtinge waarop angs 'n invloed kan uitoefen, assosieer met die funksionele definisie van Plug et al. (1986).

Cattell (1961) se persoonlike opinie is dat sy tweede-orde angsfaktor nie verband hou met intelligensie nie en hy skryf (p.93): "We conclude that in conceptual terms, impairment of cognitive performance is far from being

the essence of anxiety, at least within the normal range, though it is slightly connected."

Cattell se opinie strook waarskynlik met die standpunt dat veelvuldige faktore betrokke is by die korrelasie tussen angs en intelligensie en dat met omsigtigheid te werk gegaan moet word voordat afleidings gemaak kan word.

So dui Gaudry en Fitzgerald (1971) op verskeie faktore wat betrokke is by hierdie korrelasie:
Die navorsing van Spence en Taylor vind dat angs as motivering dien wanneer makliker take voltooi moet word, maar dat angs prestasie verhinder wanneer komplekse take uitgevoer moet word. Gaudry en Fitzgerald se eie navorsingsresultate dui daarop dat angs verrigting by hoë intelligensiegroepe verbeter, maar prestasie by lae intelligensiegroepe eerder benadeel.

Samevattend kan gesê word dat literatuur veral dui op 'n negatiewe verband tussen intelligensie en angs, met ander woorde, 'n toename in angs word geassosieer met 'n afname in intellektuele prestasie, en omgekeerd.

## 2.2.5 SKOLASTIESE FUNKSIONERING EN ANGS

### (a) Akademiese prestasie

Dit is bekend dat prestasie onder andere deur die emosionele toestand van die individu tydens die toetssituasie beïnvloed word (Thom, 1984). Cattell **et al.** (1961) maak die gevolgtrekking dat, in die algemeen, daar 'n geringe negatiewe verband tussen angs en akademiese prestasie bestaan. Hoë angs is dus geneig om gepaard te gaan met swakker skoolpunte, en lae angs met beter skoolpunte. Cattell **et al.** (1986) benadruk dat dit slegs 'n geringe verband is, omdat angs en leer skynbaar

gevoelig is vir verskeie ander persoonlikheidsfaktore, die inhoud van materiaal wat geleer word en die toestande waaronder leer plaasvind.

Cattell **et al.** (1961) noem dat daar wel studies is waar positiewe korrelasies tussen angs en skoolprestasie gevind is. Smit (1983) meen dat 'n baie lae angstelling aanduidend kan wees van 'n gebrek aan gemotiveerdheid om te voldoen aan eise wat gestel word. In hierdie geval lyk dit dus of 'n baie lae angspeil belemmerend sou inwerk op die leervermoë, omdat die leerling te bedaard en kalm is en hom nie genoeg bekommer oor sy prestasie nie. Na aanleiding van sodanige navorsing beklemtoon Cattell **et al.** (1961:95) dat dit gewaagd is om veralgemenings ten opsigte van hierdie korrelasie te vorm:

> "Even with children, anxiety is far from being the most important personality and dynamic dimension to introduce into a spesification (multiple r) formula for predicting achievement, because some of the first-order anxiety component factors, notably C-, Ego Weakness, and $Q_3$, low Self Sentiment, are negatively related to scholastic achievement."

In meer resente navorsing word Cattell se gevolgtrekking wat betref die "geringe negatiewe verband" sterker beklemtoon:

Proeger **et al.** (1980) stel dit dat baie leerlinge onderpresteer as gevolg van buitengewone angs en stres. Sy navorsingsresultate toon dat angs 'n belangrike deel vorm van die persoonlikheid van kinders wat onderpresteer en dat angs verskeie leertake negatief beïnvloed.

Schwarzer en Schwarzer (1981) het gevind dat hoë presteerders die laagste angstelling behaal, en lae presteerders die hoogste angstelling. Suinn en Edwards (1982) se navorsing sluit hierby aan, hoewel dit spesifiek na prestasie in Wiskunde verwys. Leerlinge wat relatief swak presteer in Wiskunde, behaal 'n hoë Wiskunde-angstelling. Stevens (1980) se resultate dui nie net daarop dat swak presteerders gewoonlik angstig is nie, maar dat toekomssukses ook onwaarskynlik is.

Uit bogenoemde bespreking wil dit voorkom of die literatuur veral 'n negatiewe verband tussen angs en skoolprestasie beklemtoon.

(b) **Houding ten opsigte van geleerdheid**

Colombek **et al.** (1978) gee 'n ontwikkelingsperspektief oor die beroepskeuses wat die adolessent moet maak: terwyl vroeë en middel-adolessente met ander ontwikkelingstake besig is, is dit belangrik vir die laat-adolessent om beheer oor sy toekoms te verkry. Aangesien adolessensie nie duidelik aan chronologiese ouderdom gebind is nie, is dit moontlik dat sommige standerd sewe-leerlinge reeds besig is om vorming te gee aan hierdie konsep. Die adolessent moet belangrike besluite met lewenslange implikasies neem. Dit word beïnvloed deur sy vroeëre skoolprestasie, druk vanaf sy ouers, en verbygaande sosiale en kulturele waardes. Veral wanneer konflik tussen die aspirasies van sy ouers en die van sy portuurgroep bestaan, of wanneer sy ouers deur hom wil leef, kan verwarring en konflik merkbaar vergroot. Gevolglik is dit dus moontlik dat kernbesluite meer deur kragtige, maar onbewustelike emosionele faktore as deur rasionele evaluering gerig word. Hieruit kan dus afgelei word dat in sommige situasies, daar 'n duidelike verband tussen angs en houding jeens geleerdheid kan wees.

Navorsing bevestig min of meer bogenoemde teoretiese gevolgtrekking:

Docking en Thornton (1979) vind dat hoërskoolseuns meer besorg is oor akademiese aangeleenthede as dogters, terwyl Hartman (1985) se bydrae daarop dui dat angs 'n belangrike rol in beroepsbesluitloosheid speel. Waarskynlik sou onsekerheid en vaaghede rondom geleerdheid dus meer angs by seuns ontlok. In die algemeen word laer angsvlakke gevind in die meer geroetineerde beroepe soos by klerke en tegnici in teenstelling met redakteurs, vlieëniers, kadette ensovoorts (Cattell **et al.**, 1986).

**Dogters** blyk meer besorg te wees oor sosiale aangeleenthede (Docking **et al.**, 1979). Schneider en Coutts (1984) se resultate bevestig die perspektief dat hoërskooldogters heelwat sosiale druk ervaar, hoë

angsvlakke rapporteer, maar nie veel bewus is van prestasiedruk vanuit hul skoolomgewing nie.

Na aanleiding van bogenoemde navorsingsresultate lyk dit asof angs negatief sou korreleer met houding ten opsigte van geleerdheid by dogters, met ander woorde, hoe angstiger dogters is, hoe minder belang sou hulle hê by akademiese aangeleenthede (aangesien hulle eerder aandag sou spandeer aan sosiale behoeftebevrediging.) Dit wil voorkom of 'n negatiewe verband ook by seuns teenwoordig kan wees: omdat seuns meer besorg is oor akademiese aangeleenthede, sou beroepsbesluitloosheid ('n negatiewe houding ten opsigte van geleerdheid), waarskynlik meer angs ontlok. Die omgekeerde, naamlik dat 'n angstige persoon onseker kan wees oor watter beroep om te kies, kan ook manifesteer.

Lehn (1980) vind dat aspirasie en akademiese belangstelling geldige voorspellers vir skoolprestasie is. 'n Leerling wat dus negatief teenoor geleerdheid ingestel is, se skoolpunte sal daaronder lei. Hiervolgens kan die korrelasie tussen angs en houding ten opsigte van geleerdheid, ook voorspellingswaarde in terme van skoolprestasie bied.

### 2.2.6 MORELE FUNKSIONERING EN ANGS

#### (a) Godsdiens

Rizzuto (1980) meen dat die ontstaan van geloof die resultaat van 'n komplekse ontwikkelingsproses is, wat die hele persoonlikheid in berekening bring. Na aanleiding van die ontwikkeling van kognitiewe vermoëns, is dit deel van die normale ontwikkelingstake om tydens die aanvang van adolessensie geloofsoortuiginge wat in die kinderjare gevestig is, te bevraagteken (Hurlock, 1968 en Thom, 1984). Die jong adolessent hersien as't ware sy religieuse idees om sy meer volwasse behoeftes te ontmoet. Om 'n duidelike konsep hiervan te vorm, gee Rizzuto (1980:134) 'n metaforiese beelding:

"All children arrive at the house of God with their own God under their arm."

Hoewel die integrasie van geloofsoortuigings in 'n nuwe geheel bepaalde voordele kan hê, soos Strang (in Hurlock, 1968:429) aandui: "(he) who does not have the courage to doubt may not acquire the wisdom to believe", kan die aanvanklike verwarring en twyfel, veral tydens adolessensie, 'n emosie soos angs ontlok (Hurlock, 1968).

Daar kan dus verwag word dat daar tydens die ontplooiing van hierdie ontwikkelingstaak 'n verband tussen godsdiens en angs kan manifesteer.

Hurlock (1968) noem egter dat daar 'n uitsondering in baie streng, dogmatiese ouerhuise voorkom, en daar weens vrees nie bevraagtekening van eertydse geloofsoortuigings plaasvind nie. Hoewel hier dus ook 'n korrelasie tussen angspeil en godsdiensbeoefening kan wees, is 'n ander presipiterende faktor daarvoor verantwoordelik.

In aansluiting by Rizzuto (1980) se uitgangspunt dat geloofsoortuiging "gekleur" word deur die "persoonlikheidsbril" wat mense dra, is daar teoretici wat meen dat godsdiens soms deur mense beoefen word as verdedigingstrategie teen angs. Hierdie siening is veral belangrik as in gedagte gehou word dat angspeil 'n hoogtepunt tydens adolessensie bereik (vergelyk 1.1). So is daar Lilliston en Brown (1981) se navorsingsresultate wat daarop dui dat studente godsdiens beoefen het as nuttige noodhulp ("crutch") om angs te verminder, hoewel hulle dit nie as oplossing vir hul persoonlike probleme beskou het nie. Horney (1937:94) se beskrywing van die ooreenkoms tussen "existence anxiety" en "neurotic anxiety" as "the element of helplessness toward great powers" herinner sterk aan die adolessent se situasie waar hy vele ontwikklingstake te bowe moet kom. Hier sou die onsekerheid om die kragte wat op hom inwerk, te hanteer, dus kan lei tot intensiewer godsdiensbeoefening. Hier is dus sprake van 'n positiewe korrelasie tussen godsdiens en angs.

Die teorie van Frankl (1978) het hier betrekking. Persone wat in onsekerheid leef ten opsigte van hul bestemming, kry sin in hul lewe deur godsdiens wat 'n lewe na die dood impliseer. Na aanleiding van hierdie sekuriteitsfunksie wat godsdiens vervul, vrees individue nie hul huidige situasie nie.

Daar is navorsing wat dui op 'n negatiewe korrelasie tussen angs en godsdiensbeoefening. Minear en Brush (1980) vind dat vrees vir die dood ("existence anxiety") en selfmoordgedagtes beleef word wanneer godsdiensbeoefening swak is. Daar sou gesê kan word dat hierdie angs waarskynlik daartoe kan bydra dat die persoon meer aktief by godsdiens betrokke raak. Dit wil dus voorkom of beide 'n positiewe en negatiewe korrelasie gevind kan word, afhangende van die moment in die aanpassingsproses waartydens die proefpersoon geëvalueer word.

**(b) Moraliteit**

In terme van Kohlberg se teorie van morele ontwikkeling beweeg die vroeë adolessent van konvensionele reëlkonformering (vlak II) tot die vestiging van 'n persoonlike waardestelsel (Thom, 1984). Die doel van hierdie proses is om eksterne kontroles te vervang deur 'n interne lokus van kontrole (Hurlock, 1968). Dit blyk dat dit veral in hierdie groeiproses is waar daar 'n verband tussen angs en moraliteit manifesteer:

Thom (1984:370) beskryf stadium 3 en 4 van Kohlberg (vlak II) as die "goeie seun/meisie-oriëntasie" en die "wet-en-orde-oriëntasie". Hiertydens word gepoog om kritiek te vermy en goedkeuring te ontvang. Indien die doelwit dus is om sosiaal wenslik op te tree, produseer die gewete angsresponse wanneer gedrag wat deur die groep verwerp word, uitgevoer word (Hurlock, 1968).

In die moderne samelewing word die vestiging van 'n eie waardestelsel bemoeilik, omdat daar nie soos in die tradisionele samelewing homogene riglyne of reëls is van watter waardes aanvaar en watter liefs vermy moet

word nie. Aangesien die adolessent deur 'n groot verskeidenheid waardes gekonfronteer word, kan hierdie verantwoordelikheid verwarrende implikasies hê (Thom, 1984).

Dit wil dus voorkom of daar 'n negatiewe verband tussen angs en moraliteit, in die stadium voordat 'n persoonlike waardestelsel ontwikkel is, verwag kan word. (Met ander woorde hoe groter die selfstandigheid wat in morele ontwikkeling bereik is, hoe laer die angs.)

Wat meer persoonlikheidsgebonde faktore betref, skryf Thom (1984) dat adolessente wat onseker en minderwaardig voel, nie hulself voldoende vertrou in die neem van besluite nie, en daarom eerder op die sosiale voorskrifte en die oordeel van byvoorbeeld volwassenes sal staatmaak. Dit lyk dus asof 'n angstige persoon konstant besig is om te vrees om in opposisie tot ander persone te wees, of om sy regte gevoelens te onthul. In hierdie verband verduidelik Cattell (1961:94):

> "Conforming is a way of dealing with high anxiety, and that the conformist is 'afraid to be different'."

Bendig (1959b) se navorsingsresultate dui ook daarop dat hoe meer bewus 'n persoon daarvan is dat hy angstig is, hoe groter sal sy poging wees om sosiaal wenslik op te tree. Navorsingsresultate van beide Penney en Sarason (in Gaudry & Spielberger, 1971), dui daarop dat kinders met hoë angs probleme ondervind om vyandigheid en woede met gemak uit te druk, en eerder op "veilige" metodes staat sal maak. Dit wil voorkom of 'n onseker en nie-gevestigde persoonlikheidskern wat oorstroom word deur angs, nie die vertroue sal hê om besluite te neem wat teenstrydig is met dié van 'n belangrike persoon nie (Steinhauer & Berman, 1978). Daar kan dus 'n positiewe verband tussen angs en byvoorbeeld leuenvertellery verwag word.

### 2.2.7 GESINSFUNKSIONERING EN ANGS

In hierdie afdeling word eerstens die behoefte van die adolessent wat nodig is vir gesonde groei, bespreek. (Daar is reeds genoem dat geestesgesondheid die "afwesigheid" van angs impliseer, kyk 1.1.) Hierdie behoefte word aan die hand van die ontwikkelingsfase waarin die adolessente verkeer en die take wat dit impliseer, uiteengesit. Tweedens word gefokus op die deurslaggewende rol wat die ouer vervul. Derdens word daar aan die hand van twee basiese dimensies verduidelik hoe die hanteringstrategie wat die ouers volg, verband kan hou met die adolessent se belewing van angs.

#### (a) Ouers

"Adolessensie is 'n 'brug' tussen die wêreld van die kind en die wêreld van die volwassene." (Van Wyk, 1983:32.) Die kern van die **ontwikkelingstaak** van die adolessent is dat hy bewus word dat hy 'n persoon apart van sy ouers is, en wegbeweeg van gesinsdominansie na emosionele onafhanklikheid en outonomie (Brammer & Shostrom, 1961). Vir die adolessent beteken outonomie om die persepsie te verkry dat hy beheer oor sy gedrag het (Santrock, 1983) en onafhanklikheid om self die verantwoordelikheid te dra vir die gevolge van sekere besluite (Thom, 1984). Tog voel hy dikwels onseker, omdat hy voor heelwat nuwe ervarings en besluite te staan kom en verlang dus partykeer terug na sy sorgvrye kinderjare. Hierdie ambivalensie veroorsaak dat sy gedrag dikwels onbestendig is (Thom, 1984). In die nastrewing van onafhanklikheid bied die adolessent dikwels weerstand teen sy ouers se pogings om hom te lei en wys soms neerhalend hul opinies van die hand (Papalia et al., 1981). Om dit te akkommodeer verg dus ook 'n besondere aanpassing van die ouers.

In terme van Piaget se teorie oor kognitiewe ontwikkeling, betree die adolessent nou die formeel-operasionele stadium. Met verbeterde abstrake vermoëns, verander die adolessent se konsep van sy gesin (Hill soos aangehaal deur Santrock, 1983). Die vermoë om hipoteses te formuleer,

verbreed die repertoire van alternatiewe waaruit 'n oplossing selekteer moet word. Die moontlike word met die werklike vergelyk en waar hy voorheen die ouers geïdealiseer het, bevraagteken hy nou byvoorbeeld die ouers se waardes en vergelyk dit met dié van ander ouers. Die besef dat sy ouers nie so volmaak was as wat hy aanvanklik geglo het nie, is dikwels vir die adolessent 'n groot skok (Papalia **et al.**, 1981). Hierdie ontwikkelende kognitiewe vermoë stel dus nuwe eise aan beide ouers en adolessent (Thom, 1984).

Na aanleiding van die **kragtige** rol wat die ouers vervul (Papalia **et al.**, 1981), kan verwag word dat hulle die angsbelewing van die adolessent kan beïnvloed: "Belangrike ander persone is persone met wie die ontwikkelende persoon baie kontak het en met wie 'n intieme verhouding bestaan wat beïnvloeding maklik maak. In die meeste mense se lewens is die moeder en die vader die belangrikste persone." (Meyer & Weyers, 1984:29.)

Om die omvattende impak wat die ouer op die kind se vorming uitoefen, aan te dui:

> "An effective parent is a child's most important therapist. By sheer length and frequency of contact, an effective parent gives his child more noncontingent approval than Carl Rogers could, does more interpreting, confronting and clarifying than Freud could, anthesizes more than Muriel James could, correct more internal sentences than Albert Ellis could and assists with more reality planning than William Glaser could." (Arnold soos aangehaal deur Van Wyk, Eloff & Heyns, 1984:15.)

Dit is nodig om te bepaal watter ouerlike **gedrag** die adolessent in staat sal stel om outonomie te bereik. Thom (1984) verdeel ouerlike gedrag in twee dimensies. Dit is opvallend dat die psigiater Andras Angyal (1973:75) juis die positiewe pool van hierdie twee dimensies as voorwaardes vir die fasilitering van 'n gesonde persoonlikheidskern beskou: "The essential condition of health is that ... there should be ample opportunities for the child to begin to exercise his two basic trends:

opportunities to explore, to learn to handle his surroundings, and opportunities for emotional relatedness, for feelings of closeness of others."

Die eerste dimensie wat Thom (1984) bespreek, is **liefdevolle** teenoor vyandige optrede. Liefdevolle optrede word gekenmerk deur aanvaarding, begrip en goedkeuring. Ouers moedig kinders dus aan om hul gevoelens te eien en uit te druk (Van Wyk, 1983). Dissipline geskied deur middel van verduidelikings en lofbetuiging en min lyfstraf word toegepas. Angyal (1973) stel dit dat die persoon moet voel hy is die moeite werd om liefgehê te word. Dit stel die adolessent in staat om onafhanklik op te tree en met vertroue 'n eie identiteit te ontwikkel. Wanneer die ouer vyandig optree, die kind verwerp en verwaarloos, voel hy ontmoedig om sy gevoelens te eien, te kommunikeer en met sekerheid 'n eie identiteit te ontwikkel. Van Jaarsveld (1986) noem dat verwaarlosing en emosionele ontbering dikwels 'n lewenslange onversadigbare behoefte aan 'n simboliese moeder kan ontlok. Die ouerlike hanteringstrategieë 'verwerping', 'onrealistiese hoë eise' en 'irrasionele kommunikasie' soos deur Coleman, Butcher en Carson (1980) bespreek, sou dus hieronder kan ressorteer.

Hierdie dimensie word verhelder deur Moustakas (1965:1):

> "Of the many challenges that children face in their relations with parents and other signifant adults, none is more devastating than the continual experience of not being listened to, not being recognized or understood. Repeated failure to communicate effectively one's own feelings, preferences, desires and thoughts inevitably leads to painful frustration and doubts about one's value as a person. Ultimately, a profoundly diminishing sense of self is experienced."

Ook Cattell (1961), wie se navorsing bydra tot die operasionalisering van die onafhanklike veranderlike in hierdie studie, identifiseer met die hipotese dat deprivasie van die sekuriteitsbehoefte 'n teelaarde vir angsbelewing bied. Omdat hierdie deprivasie tot 'n swakker persoon-

likheidskern aanleiding gee, beleef die individu homself as minder paraat en is dus as't ware gepredisponeer om met 'n angsreaksie teenoor bedreiging vanuit die omgewing te reageer (Angyal, 1973).

Die tweede dimensie is die van outonomie versus beheer. Santrock (1983) bevestig dat daar 'n verband is tussen die hanteringstrategie wat die ouer volg en die outonomie wat die adolessent beleef. In die geval van outonomie, gee ouers hulle kinders realistiese vryheid om hul omgewing te eksploreer en te leer bemeester. Thom (1984) meen dat sulke adolessente aktief, uitlewend, onafhanklik en goed aangepas is.

Ouers vir wie dit nodig is om ten volle in beheer te bly, beperk adolessente. Van Jaarsveld (1986) sê dat indien daar nie geleentheid is vir die kind se natuurlike behoefte om te verken, te eksperimenteer en te ontdek nie, 'n duur prys met betrekking tot 'n beperking aan ervaring, 'n fragmentering van waarneming, en 'n gebrekkinge ontwikkeling van interne kontrole betaal word. Angyal (1973) stel dit dat sodanige individue die gevoel kry dat hulle nie die moeite werd is om hul omgewing te bemeester nie. Die ouerlike gedragspatroon 'oorbeskerming' en 'oorkontrolering' soos deur Coleman et al. (1980) bespreek, sou dus hieronder kan ressorteer. Thom (1984) meen dat hierdie adolessente se sosiale gedrag, kreatiwiteit, inisiatief en vermoë om onafhanklik probleme op te los, geïnhibeer is. Twee voorbeelde om hierdie tendens te illustreer:

Soos reeds aangedui is dit belangrik vir die adolessent om te voel dat hy onafhanklik 'n besluit kan neem. Indien die ouers nie aanvaar dat die adolessent 'n eie mening het nie, en dus 'n outoritêre besluitnemingstrategie volg, ontstaan daar dus konflik (Thom, 1984). Santrock (1983) noem dat hierdie adolessente op die langtermyn min outonomie toon. (Baie ouer-adolessent konflikte ontstaan in werklikheid voordat adolessensie bereik word, maar omdat die kind soveel kleiner as die ouer was, was die ouer in staat om opposisionele gedrag te onderdruk (Santrock, 1983).) Daar kan dus afgelei word dat die persoonlikheidskern (kyk 2.2.1) nie vry voel om op 'n natuurlike wyse sy grense te eksploreer en psigologies te groei nie. Hierdie situasie hou die moontlikheid in om angs te presipiteer.

Om 'n evaluasie van enige probleemsituasie te kan maak (resultaat van formeel operasionele denke), verwag die adolessent dat ouers redes verstrek wanneer hulle bepaalde verwagtinge van hul adolessent koester (Hurlock,. 1968). Daar kan dus afgelei word dat indien hierdie inligting weerhou sou word, dit die adolessent onseker kan maak ten opsigte van die volwasse-realiteit en dus gevolglik ook sy eie oriëntasie daarin. In hierdie situasie is daar ook ruimte waarin angs kan presenteer.

Uit hierdie literatuuroorsig is dit dus duidelik dat daar 'n verband tussen die gesinsbelewing en angsbelewing van die adolessent bestaan.

**(b) Sosio-ekonomiese status**

Na afloop van navorsing in Suid-Afrikaanse skole, gee Cattell, Scheier en Madge (1986) 'n oorsig van die korrelasie tussen sosio-ekonomiese agtergrond en die gemiddelde angspeil van leerlinge:

- Die leerlinge met die hoogste gemiddelde Angsskaaltelling se ouers was by die boerderybedryf betrokke.

- Die groep wat die minste angstig was, se vaders beklee professionele of administratiewe poste.

- Leerlinge wie se ouers in die klerklike groep val, geskoolde en halfgeskoolde werkers is, was meer angstig as diegene wie se ouers professionele en adminstratiewe werkers is.

Hoewel veranderlikes soos intelligensie nie uitgeskakel of gekontroleer is nie, meen Cattell **et al.** (1986) dat hierdie gegewens die vermoede versterk dat sosio-ekonomiese faktore wel 'n rol in die totale angspeil speel.

Die verskynsel dat sosio-ekonomiese status die angspeil van die leerling beïnvloed, kan waarskynlik verklaar word deur daarop te let dat so 'n wye verskeidenheid aspekte van die lewe daardeur beïnvloed word: Hurlock (1980) dui op selfkonsep en gesinsverhoudinge, Meyer en Weyers

(1984) op algemene ontwikkeling, Thom (1984) op morele rypheid, beroepsideale en sosiale aanvaarding en Van der Westhuysen en Schoeman (1984) op skolastiese sukses. Veral die werk van Hurlock (1980) en Thom (1984) dui op die neiging dat 'n lae sosio-ekonomiese status negatiewe belewenisse by die adolessent kan ontlok.

Wanneer meer spesifiek na die boerderybedryf in Suid-Afrika gekyk word, kan gehipotetiseer word dat uitgelewerdheid aan weersomstandighede onsekerheid en 'n gebrek aan sekuriteit kan meebring. In hierdie afdeling (a) is so 'n toestand reeds as teelaarde van angs uitgelig. Die ander moontlikheid is dat 'n meer outokratiese opvoedingstyl as byvoorbeeld deur stedelik-professionele persone gevolg word. Daar is reeds in die vorige afdeling aangedui dat so 'n styl kan bydra tot 'n verhoogde angspeil by die adolessent. Vir hierdie twee hipoteses kon egter nie ondersteunende navorsing binne die Suid-Afrikaanse konteks verkry word nie.

Hoewel 'n oorsaaklike verband nie aangetoon is nie, bevestig Cattell et al. (1986) se navorsing egter 'n korrelasie tussen sosio-ekonomiese agtergrond en die gemiddelde angspeil van leerlinge.

### 2.2.8 SOSIALE FUNKSIONERING EN ANGS

In die eerste gedeelte van hierdie afdeling word gewys op die funksie wat die portuurgroep in die ontwikkelingsproses van die adolessent vervul. Daarna word verbandhoudende faktore wat as angsveroorsakende agente kan meewerk aangetoon. Laastens word daar kortliks verwys na die korrelasie tussen angs en die wens om 'n leier in die portuurgroep te wees. In die tweede gedeelte van hierdie afdeling word aandag geskenk aan die verband tussen die adolessent se verhouding met die teenoorgestelde geslag en die belewing van angs.

(a) **Portuurgroep**

Een van die moeilikste ontwikkelingstake wat gedurende adolessensie voltooi moet word, is die aanleer van volwasse sosialiseringspatrone (Hurlock, 1980:180). In die voltooing van hierdie ontwikkelingstaak, speel die portuurgroep 'n besondere rol. Suksesvolle deelname in die portuurgroep bewerkstellig 'n mate van onafhanklikheid van die ouers en dra so by tot die ontwikkeling van selfstandigheid (Van der Westhuyzen **et al.**, 1984). Cattell (1950:191) verhelder die **funksie** van die portuurgroep soos volg:

> "It ... offers a half-way house between the dependent relation to parental authority and the eventual adjustment to society."

In die adolessent se pogings om meer selfstandig te word en onafhanklik van sy ouers op te tree, kan hy dus vir 'n tyd lank swaar leun op sy gelykes vir ondersteuning en selfomlyning (Gerdes **et al.**, 1981:72). Dit is hier waar die adolessent andersins onaanvaarbare gevoelens filtreer (Cattell, 1950), leer om self reëls te formuleer (Thom, 1984), 'n kapasiteit vir hegte verhoudings uitbrei (Sullivan, 1948), met rolle eksperimenteer en sy selfkonsep herintegreer (Hurlock, 1980).

Craig (in Van der Westhuyzen **et al**, 1984) noem dat daar dus gelyktydig twee teenstrydige behoeftes by die adolessent teenwoordig is: outonomie (geleidelike selfstandigwording van die ouers), en intimiteit (identifisering met die portuurgroep).

Die gekonsentreerdheid waarmee die vroeë adolessent hom na die portuurgroep rig, veroorsaak dat portuurgroepaanvaarding 'n baie belangrike rol in sy selfbeoordeling speel. Hy neig dus om sterk te konformeer met die standaarde en gedragsbepalings wat die groep stel (Thom, 1984). Namate onafhanklikheid, selfvertroue en 'n identiteitsgevoel uitkristalliseer, gewoonlik na die veertiende of vyftiende jaar, begin konformering weer afneem (Coleman in Thom, 1984).

Die volgende faktore maak die adolessent besonder kwesbaar vir die ervaring van sosiale verwerping: (Aangesien dit bekend is dat verwerping lei tot 'n negatiewe selfkonsep - vergelyk 2.2.1 en 2.2.7 - kan hierdie faktore ook dien as angsveroorsakende agente)

- **'n Toenemende mate van introspeksie** tydens adolessensie lei daaroe dat liggaams- en persoonlikheidskenmerke voortdurend vergelyk word met die norme van die portuurgroep en samelewing.

  Daar kan dus afgelei word dat die individu baie bewus daarvan sal wees wanneer hy nie aan groepstandaarde voldoen nie. Thom (1984) skryf tereg dat hierdie analise dikwels kan lei tot selfkritiek.

- Aangesien die adolessent met sy nuutontwikkelde denkvermoë gepreokkupeer is, slaag hy nie altyd daarin om te onderskei tussen dit waaroor hy dink en dit waaroor ander persone dink nie. Hy glo dus dat hulle, net soos hy, met sy voorkoms en gedrag gepreokkupeer is. Hierdie **denkbeeldige gehoor** verklaar ook die sterk neiging tydens adolessensie om met die norme van die portuurgroep te konformeer (Thom, 1984). Hier is dus as't ware 'n predisposisie wat die adolessent besonder sensitief maak vir verwerping deur die portuurgroep.

- Coleman en Mussen (in Thom, 1984) meen dat adolessente wat min aandag en belangstelling tuis ontvang, 'n **gebrek aan ouerlike warmte en begrip ervaar**, meer geneig sal wees om slaafs aan die groep te konformeer. Die gekonsentreerdheid waarmee veral hierdie adolessent hom na die portuurgroep rig, lokaliseer hom duidelik as kwesbaar vir sosiale verwerping.

- Navorsing van Schneider en Coutts (1984) toon aan dat **meisies** meer sensitief is vir sosialiseringsdruk as seuns en dus ook makliker angs hier rondom beleef. Dit hou waarskynlik daarmee verband dat meisies selfbeoordeling eerder op sosiale suksesse as beroepsuksesse grond (Docking **et al.**, 1979; Thom, 1984).

Verdere faktore wat tot angs tydens die voltooing van hierdie ontwikkelingstaak kan bydra:

- Indien ouers konformering te sterk teëstaan, vrees die adolessent nie net sosiale verwerping nie, maar word evaluasiegeleenthede en dus die medium waardeur die adolessent sy identiteit formuleer en omlyn, ingeperk. Om hierdie oorgangstadium sonder die stuur van die portuurgroep in te gaan, kan die adolessent se angs verhoog.

- Veral die adolessent wat 'n lae status of swak bande in die portuurgroep vorm, het die toeganklikheid van emosionele afhanklikheid van hul ouers nodig vir sekuriteitsbelewing (Hurlock, 1980). Hoewel afhanklikheid tydens die kinderjare goedgekeur en beloon word, is dit nie die geval tydens adolessensie nie. Volgens die leerteoretici is die resultaat 'n verhoogde angsvlak tydens adolessensie (Thom, 1984).

Uit hierdie bespreking is dit dus duidelik dat daar 'n verband tussen angs en sosialiteit bestaan. Hierdie verband word deur Ferguson (1977:310) bevestig, wat dit negatief postuleer: "Anxiety in school children tends to be negatively associated with social adjustment and self-esteem."

### (b) Leierskap

Vervolgens word gekyk na die verband tussen angs en die wens om 'n **leier** te wees. Leiers is aktiewe deelnemers in die sosiale lewe, meer ekstrovert, energiek en het minder neurotiese kenmerke as nie-leiers (Hurlock, 1980). Leiers is populêre kinders wat oor interpersoonlike vaardighede beskik wat groepsintegrasie sal fasiliteer. Ferguson (1977) noem dat lae angs en hoë self-esteem geassosieer word met populariteit en aanvaarding deur die portuurgroep. Dit is dus waarskynlik dat dit eerder 'n adolessent is wat lae angs ervaar wat 'n leier sal wees.

Die adolessent voel dat sy leiers hom moet verteenwoordig in die samelewing en daarom stel hy hoë eise aan sy leiers (Hurlock, 1980). Hulle moet oor bo-gemiddelde vaardighede beskik, wat deur ander respekteer word, en waardeur die adolessent dus ook erkenning sal geniet. Dit kan bevraagteken word of 'n angstige persoon die wens sal hê om hierdie ekstroverte rol te vervul.

Uit Hurlock (1980) kan afgelei word dat angstige persone so besig is om hul eie probleme op te los en angs af te weer, dat daar nie energie beskikbaar is om aan hul onmiddellike omgewing aandag te skenk gee. Leiers kan hul energie uitwaarts rig en na die belange van groeplede omsien.

Daar word dus 'n negatiewe verband tussen angs en die wens om 'n leier te wees in die navorsingsresultate van hierdie studie verwag.

### (c) Teenoorgestelde geslag

Brammer en Shostrom (1961:75) interpreteer Erikson se "stage of identity" gedurende vroeë adolessensie veral in terme van geslagsrolontplooing. 'n Gevestigde geslagsidentiteit beteken dat die individu die self as óf manlik óf vroulik aanvaar. Dit word positief gevestig deur 'n netwerk van faktore, waarvan die kern is dat die ouer van dieselfde geslag 'n effektiewe rolmodel is, wat die adolessent leiding gee betreffende persoonlike en sosiale standaarde wat geslagstoepaslik is, en die ouer van die teenoorgestelde geslag dan hierdie rolmodel goedkeur (Thom, 1984). Sekerheid oor die geslagsidentiteit dra by tot die oplossing van die identiteitskrisis en stel die adolessent in staat om intieme verhoudings aan te knoop.

Ook tydens hierdie ontwikkelingstaak kan 'n paar faktore uitgesonder word wat as angsveroorsakende agente kan figureer.

- Vanaf die media en rolmodelle vorm die vroeë adolessent 'n duidelike konsep van wat manlikheid of vroulikheid behels (Hurlock, 1980).

Daar kan verwag word dat adolessente wat voel hul voldoen nie aan hierdie kriteria nie, byvoorbeeld oorgewig of 'n groeitempo wat hul in 'n verleentheid plaas, of adolessente wat nie voldoende erkenning betreffende hul geslagsidentiteit ervaar nie, of so onseker voel dat hul onttrek van heteroseksuele kontak, of met oormatige intensiteit probeeer om 'n bevestiging om 'n bevestiging van hul manlikheid of vroulikheid te kry. Brammer **et** al., (1961) dui aan dat suksesvolle heteroseksuele afsprake kan bydra tot geslagsekuriteit.

- Heteroseksuele afsprake het tydens adolessensie ook 'n verdere funksie, naamlik te dien as 'n onafhanklikheidsverklaring en 'n bevestiging van status in die portuurgroep. Die samelewing begin ook van die adolessent verwag om verhoudings met die teenoorgestelde geslag aan te knoop. Wanneer hy nie aan hierdie verwagting kan voldoen nie, of as sy ouers negatief optree wanneer hy belangstelling toon, kan dit konflik by die adolessent veroorsaak (Sullivan, 1948, Thom, 1984).

- Wat heteroseksuele verhoudinge tydens vroeë adolessensie kompliseer, is dat 'n antagonisme jeens die teenoorgestelde geslag in die laat kinderjare ontwikkel (Hurlock, 1980). Daar moet dus van nuuts af geleer word om in 'n heteroseksuele verhouding te staan.

- Omdat dogters meer as seuns hulle identiteit gekonsentreerd vestig op sukses in interpersoonlike verhoudings behaal (Docking **et** al., 1979), is hulle as't ware gepredisposisioneer om meer angs in heteroseksuele verhoudings te ervaar.

Uit hierdie bespreking is dit dus duidelik dat daar 'n korrelasie tussen die verhouding met die teenoorgestelde geslag en die angs wat beleef word, kan bestaan.

### 2.2.9 SAMEVATTING

Die doel van hierdie ondersoek is om 'n duidelike beeld te verkry van die rol wat angs in die algemene persoonlikheidsfunksionering van die adolessent speel.

Die doel van die literatuurstudie was dus eerstens om "angs" en "algemene persoonlikheidsfunksionering" aan die hand van 'n spesifieke verwysingsraamwerk te omskryf, en tweedens om bestaande literatuur en navorsingsbevindinge wat dui op 'n verband tussen angs en algemene persoonlikheidsfunksionering, aan te toon:

Daar is besluit op die trekbenadering van Cattell as verwysingsraamwerk, synde dat daar van sy meetinstrumente in hierdie studie gebruik gemaak word.

Cattell definieer persoonlikheid as daardie komponente wat 'n voorspelling toelaat van die aard van 'n persoon se optrede in 'n gegewe situasie. Hierdie definisie dien dus as kriterium vir die seleksie van komponente wat inhoud gee aan die term "algemene persoonlikheidsfunksionering".

Cattell definieer angs empiries deur middel van 'n tweede-orde angsfaktor. Die belangrike eerste-orde faktore waaruit dit bestaan, is in volgorde van belangrikheid: $Q_4+$, Gespannenheid; $O+$, Geneigdheid tot skuldgevoelens; $Q_3-$, Gebrekkige selfsentimentontwikkeling en C-, Gebrekkige ego. Die operasionalisering van angs in hierdie studie, rugsteun op Cattell se tweede-orde angsfaktor.

Die verband tussen angs en algmene persoonlikheidsfunksionering is onder die volgende hoofde bespreek:

1. Persoonlike verhoudinge en angs
Uit die literatuur blyk dit dat hoe hoër die angspeil, hoe swakker is die persoonlike verhoudinge.

2. Fisiese gesondheid en angs

Uit die literatuur blyk dit dat 'n hoë angspeil geassosieer word met 'n swakker gesondheidstoestand.

**3. Vryetydsbesteding en angs**

In die literatuur word aangetoon dat 'n hoë angspeil gepaardgaan met onproduktiewe vryetydsbesteding.

**4. Intellektuele funksionering**

In die literatuur tree 'n duidelik negatiewe verband na vore, met ander woorde, 'n toename in angs word geassosieer met 'n lae intellektuele funksionering.

**5. Skolastiese funksionering**

Uit die literatuur blyk dit dat 'n toename in angs geassosieer word met 'n afname in skolastiese funksionering.

**6. Morele funksionering**

In die literatuur word 'n toename in angs geassosieer met 'n afname in morele funksionering.

**7. Gesinsfunksionering**

In die literatuur blyk dit dat 'n hoë angspeil verband hou met oneffektiewe gesinsfunksionering.

**8. Sosiale funksionering**

Uit die literatuur blyk dit dat hoë angs geassosieer word met swak sosiale funksionering.

Uit die literatuurstudie is dit dus duidelik dat hoë angs die algemene persoonlikheidsfunksionering negatief kan beïnvloed.

Hierdie studie is daarop gemik om 'n beeld te vorm van die rol wat angs in algemene persoonlikheidsfunksionering speel. In die volgende hoofstuk gaan op 'n empiriese wyse gekyk word hoe manifesteer dit in die praktyk. Die resultate wat uit hierdie ondersoek verkry word, sal met die literatuur wat so pas bespreek is, vergelyk word.

# HOOFSTUK 3. EMPIRIESE ONDERSOEK

Hoofstuk 3 behels 'n uiteensetting van die metode van navorsing wat gevolg is. Daar word verwys na die formulering van die hipoteses, die identifikasie van die veranderlikes, 'n omskrywing van die meetinstrumente gebruik, die samestelling van die toetsgroepe en die wyse waarop die gegewens ingesamel is. Laastens word die metode waarvolgens die resultate statisties verwerk is, verduidelik, waarna die resultate dan bespreek word.

## 3.1 HIPOTESEFORMULERING

Uit die bespreking in die voorafgaande literatuuroorsig, blyk dit dat 'n lae angstelling oor die algemeen aanduidend is van 'n persoon met 'n vervulde lewe, wat in staat is om dit wat vir hom van belang is, te bereik. Waar 'n persoon 'n hoë angstelling behaal, is dit aanduidend van aanpassingsproblematiek. So 'n persoon ondervind gewoonlik probleme rondom die hantering van alledaagse eise wat aan hom gestel word.

Hieruit word die volgende breë hipoteses gestel om die huidige studie te rig en te struktureer:

NULHIPOTESE: Daar is geen verband tussen angs en algemene persoonlikheidsfunksionering nie.

ALTERNATIEWE HIPOTESE: Daar is 'n verband tussen angs en algemene persoonlikheidsfunksionering.

## 3.2 IDENTIFIKASIE VAN VERANDERLIKES

### 3.2.1 ONAFHANKLIKE VERANDERLIKE: ANGS

Die operasionele definisie van angs word gerugsteun deur die tweede-orde faktor U.I.24 (die objektiewe manifestasie van F (Q)II), wat in Cattell se werk uitkristalliseer.

As ondersteuning hiervoor: "F(Q)II is the only known Q and L factor which significantly and consistently discriminates between higher and lower anxiety persons. On both type and trait definition grounds, F(Q)II is the only or, at least, the major factor to which the clinical concept of anxiety pertains." (Cattell, 1961:54.)

Cattell se seleksie van primêre faktore wat die angskonsep omvat, berus op nie-Suid-Afrikaanse gegewens. Omdat die HSPV vir Suid-Afrikaanse omstandighede gestandaardiseer is, word daar gehou by die primêre faktore wat Madge en Du Toit (1982) in die HSPV-handleiding gebruik om angstellings vir Afrikaanssprekendes te bereken:

Angs word dus in hierdie ondersoek operasioneel gedefinieer as tweede-ordefaktor soos gemeet deur HSPV-faktore A, C, D, G, O, $Q_3$ en $Q_4$ en soos volg bereken: (Oorgeneem uit Madge & Du Toit, 1982:24.)

'n VOORBEELD OM DIE BEPALING VAN TWEEDE-ORDEFAKTORTELLINGS UIT PRIMêRE STIENTELLINGS TE ILLUSTREER

ANGSTELLING

| | Stientelling | | gewig(Afr.) | | Telling |
|---|---|---|---|---|---|
| A : | 8 | x | 0,1 | = | 0,8 |
| C : | 5 | x | -0,3 | = | -1,5 |
| D : | 2 | x | 0,2 | = | 0,4 |
| G : | 8 | x | 0,1 | = | 0,8 |
| O : | 5 | x | 0,3 | = | 1,5 |
| $Q_3$: | 6 | x | -0,1 | = | -0,6 |
| $Q_4$: | 4 | x | 0,4 | = | 1,6 |
| | | | Totaal | = | 3,0 |
| | | | Konstante | = | 1,65 |
| | | | Jan Venter se angstelling | = | 4,65 |

### 3.2.2 AFHANKLIKE VERANDERLIKES: ALGEMENE PERSOONLIKHEIDSFUNKSIONERING

Volgens die hipotese sal die verkreë tellings op die verskeie persoonlikheidstrekke verband hou met die indirekte manipulasie (ex post facto) van die onafhanklike faktor. Gevolglik word hierdie tellings operasioneel as die afhanklike veranderlikes gedefinieer.

Op die grond van die gesigsgeldigheid wat faktore het ten opsigte van voorspelling van 'n persoon se optrede in 'n gegewe situasie, is die volgende 27 afhanklike veranderlikes selekteer om die hipotese mee te vergestalt. Hulle word onder ses hoofde gegroepeer - sodoende kan veranderlikes gemeet deur verskillende meetinstrumente tydens bespreking in een raamwerk akkommodeer word.

| | |
|---|---|
| 1. Persoonlike verhoudinge: | 1. (IVV 1) selfvertroue<br>2. (IVV 2) selfesteem<br>3. (IVV 3) selfbeheersing<br>4. (IVV 4) senuweeagtigheid<br>5. (B.V.1) gevoel oor eie liggaamlike voorkoms |
| 2. Fisiese gesondheid: | 6. (B.V.2) gesondheidstoestand<br>7. (IVV 5) gesondheid |
| 3. Vryetydsbesteding: | 8. (B.V.3) aktiwiteitsdeelname<br>9. (B.V.4) sportprestasie |
| 4. Intellektuele funksionering: | 10. (NSAG) intelligensie |
| 5. Skolastiese funksionering: | 11. (B.V.5) skoolprestasie<br>12. (B.V.6) druipfrekwensie<br>13. (B.V.7) houding jeens geleerdheid |
| 6. Morele funksionering: | 14. (B.V.8) houding teenoor godsdiens<br>15. (IVV 11) morele inslag<br>16. (IVV 13) leuenvertelling |
| 7. Gesinsfunksionering: | 17. (B.V.9) beroep van vader (sosio-ekonomiese status)<br>18. (B.V.10) verhouding met vader<br>19. (B.V.11) verhouding met moeder<br>20. (B.V.12) hoeveelheid straf in ouerhuis<br>21. (IVV 6) gesinsinvloede<br>22. (IVV 7) persoonlike vryheid |

8. Sosiale funksionering:

23. (IVV 8) sosialiteit algemeen
24. (IVV 9) sosiale verhoudinge (teenoorgestelde geslag)
25. (IVV 10) sosiale verhoudinge (dieselfde geslag)
26. (B.V.13) leierskap

## 3.3 METODE VAN NAVORSING

### 3.3.1 EX POST FACTO-NAVORSINGSONTWERP

In die geval van ex post facto-navorsing, het die navorser geen beheer oor die **onafhanklike veranderlike**, in die sin dat individue reeds vóór die aanvang van die ondersoek aan die bepaalde vlakke van hierdie veranderlike behoort (Huysamen, 1983). In die huidige ondersoek handhaaf die proefpersone reeds 'n bepaalde angsvlak, sonder dat een of ander eksperimentele behandeling toegepas is. De Wet, Monteith, Steyn en Venter (1981:104) stel dit as: "die natuurlike verloop van omstandighede (het) self die veranderlike gemanipuleer". Die afhanklike veranderlike en onafhanklike veranderlike kan dus slegs retrospektief bestudeer word.

Hoewel die benaminge onafhanklike en afhanklike veranderlike ook in verband met ex post facto-navorsing gebruik word, is die onafhanklike veranderlike in werklikheid 'n klassifikasiefaktor (Huysamen, 1983). Daarom is daar geen manier om die veranderlike te identifiseer waaraan enige moontlike verskil in die afhanklike veranderlike (tussen die twee groepe) toegeskryf moet word nie. "Anders gestel, daar is geen wyse om die probleem van **strengeling** tussen die betrokke onafhanklike veranderlike en een of meer steuringsveranderlike te hanteer nie." (Huysamen, 1983:128.) Gevolglik stel sodanige ondersoeke die navorser nie in staat om tot die gevolgtrekking te kom dat die onafhanklike veranderlike 'n behandelingseffek op die afhanklike veranderlike het nie. Die bedoeling is dus nie om oorsaak-en-gevolg-verbande tussen die veranderlikes bloot te lê nie. Al wat hierdie ontwerpe kan demonstreer

is of daar 'n interafhanklike verband tussen die onafhanklike en afhanklike veranderlike is (Huysamen, 1983).

Ex post facto-navorsing verskil van pre-eksperimentele navorsing deurdat geen behandeling toegepas word nie (Huysamen, 1983). Dit blyk dat in die huidige studie die afhanklike veranderlikes deur die indirekte manipulasie (ex post facto) van die onafhanklike faktor beïnvloed word. Dit ressorteer egter steeds onder die ex post facto-navorsingsontwerp en dus kan oorsaak-en-gevolg-verbande nie tussen die veranderlikes getrek word nie.

## 3.4 MEETINSTRUMENTE

Tydens die 1986-Zastron Leierskapsprojek is van verskeie meetinstrumente gebruik gemaak. Vir hierdie ondersoek is gegewens van die volgende meetinstrumente gebruik:

### 3.4.1 HOëRSKOOL-PERSOONLIKHEIDSVRAELYS (HSPV)

Omdat Cattell se persoonlikheidsteorie as persoonlikheidsraamwerk vir hierdie ondersoek dien, is dit gepas om van sy meetmiddels gebruik te maak. Afgesien hiervan, het Cattell se meetinstrumente ook opsigself meriete: "Raymond Cattell's theory had had its greatest application in the field of psychometrics." (Marsella & Corsini, 1983:394.)

Alhoewel die HSPV oorspronklik in die VSA deur R.B. Cattell en H.A Beloff opgestel en ontwikkel is, is dit deur die RGN vir Suid-Afrikaanse omstandighede gestandaardiseer vir gebruik in kliniese situasies en navorsing. Die leespeil vir blanke Suid-Afrikaners is aangepas vir die ouderdomsgroepe 12 tot 18 jaar. Die HSPV meet 14 funksionele en onafhanklike persoonlikheidsdimensies wat met behulp van faktoranalitiese metodes geïsoleer is. Die persoonlikheidsfaktore word by wyse van bipolêre beskrywings voorgestel, met ander woorde, hulle bevat twee interpreteerbare pole wat negatief korreleer.

| | |
|---|---|
| A Vriendelikheid | H Avontuurlustigheid |
| (B Intelligensie) | I Sensitiwiteit |
| C Egosterkte | J Passiewe individualisme |
| D Prikkelbaarheid | O Vreesagtigheid |
| E Selfhandhawing | $Q_2$ Selfgenoegsaamheid |
| F Entoesiasme | $Q_3$ Selfbeheersing |
| G Pligsgetrouheid | $Q_4$ Gespannenheid |

(Aangesien faktor B so 'n lae betroubaarheidskoëffisient het, en volgens Maas (1975) Cattell dit as wenslik beskou dat ander intelligensie metings aanvullend tot faktor B gedoen moet word, is besluit om eerder van die NSAG as faktor B-data gebruik te maak.)

Tussen hierdie eerste-ordefaktore bestaan daar ook onderlinge korrelasies. Uit so 'n korrelasiematriks is nege tweede-ordefaktore ontbloot. Aanpassing-angs, een van die grootste tweede-ordefaktore, definieer die onafhanklike veranderlike in die huidige studie. (Vergelyk 3.2.1.)

**Rasionaal vir insluiting**

Daar is aanduidings dat die selfinvul- vraelys geskik is as meetinstrument vir angs:

Huysamen (1980:188) stel een van die probleme van selfbeskrywingsvraelyste as "die neiging van proefpersone om min of meer konsekwent daardie responsies te verskaf wat hulle vermoed of besef op sosiaal aanvaarbare gedrag dui, afgesien daarvan of daardie responsie in ooreenstemming is met die werklike toedrag van sake". Verskeie outeurs (Bendig, 1959b; Cattell, 1961; Couch, 1960) het egter gevind dat bereidwilligheid om gebreke te erken, 'n intrinsieke deel is van die wyse waarop angstige persone hulself uitdruk. Cattell **et al.** (1986) vind dus die vraelysmetode geskik om 'n ware beeld van die manifeste angspeil te gee.

### 3.4.2 INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGEVRAELYS (IVV)

Hierdie toets is opgestel en gestandaardiseer vir Blanke Suid-Afrikaanse leerlinge in die vroeë adolessensiejare 12 tot 15 jaar. Die doel met die IVV is om die uiting en belewing van persoonlikheidstrekke, in die puber se strewe na 'n eie identiteit, te bepaal. Swak aanpassing word geïmpliseer wanneer hanteringstrategieë en spanningsreaksies verhoed dat harmonie binne die 'self' bereik kan word, en ook tussen die 'self' en die eise van die omgewing bereik kan word. Dit het selfdiffusie of roldiffusie tot gevolg. Die volgende komponente van sielkundige aanpassing is in die IVV betrek: Selfvertroue; Eiewaarde; Selfbeheersing; Senuweeagtigheid; Gesondheid; Gesinsinvloede; Persoonlike Vryheid; Sosialiteit Algemeen; Sosialiteit met die Teenoorgestelde geslag; Sosialiteit met Dieselfde geslag en Morele Inslag. Die vraelys bevat ook 'n Leuenskaal wat 'n aanduiding kan gee van die eerlikheid waarmee 'n toetsling die vraelys beantwoord het.

### 3.4.3 BIOGRAFIESE VRAELYS (B.V.)

Die Biografiese vraelys is spesiaal vir die Zastron-leierskapprojek opgestel. Die doel daarvan is om agtergrondgegewens van elke leerling te bekom. Die vraelys het uit 36 vrae bestaan, waaruit 13 vrae vir die doeleindes van hierdie studie selekteer is. By elke vraag word 'n aantal moontlike antwoorde gegee waaruit die leerling die een moet kies wat op hom van toepassing is. Die antwoorde wat gegee word, is so saamgestel dat dit vir 'n leerling moontlik is om elke vraag te beantwoord.

Die volgende is die geselekteerde vrae ten opsigte waarvan die twee angspopulasies met mekaar vergelyk is:

1 Gevoel oor liggaamlike voorkoms
2 Gesondheidstoestand
3 Aktiwiteitsdeelname
4 Sportprestasie
5 Skoolprestasie
6 Jare gedruip in skool
7 Houding jeens geleerdheid
8 Houding teenoor godsdiens
9 Beroep van vader
10 Verhouding met vader
11 Verhouding met moeder
12 Hoeveelheid straf in ouerhuis
13 Strewe na leierskap

* Die ondersoek is ten opsigte van die twee geslagte afsonderlik en gesamentlik gedoen.

Vrae op die ordinale skaal is uit die oorspronklike biografiese vraelys geselekteer. Dus is deurgaans van gemiddelde skaaltellings gebruik gemaak.

**Rasionaal vir insluiting**

Die Biografiese vraelys is saam met ander meetmiddels by hierdie ondersoek ingesluit om die verskillende angspopulasies ten opsigte van sekere persoonlikheidseienskappe met mekaar te vergelyk. Die biografiese vraag, jare gedruip in skool, is byvoorbeeld geselekteer om gereedheid ten opsigte van 'n sekere taak by die onderskeie angspopulasies te vergelyk. Hierdie is 'n eienskap met voorspellingswaarde vir 'n persoon se optrede in 'n gegewe situasie, en ooreenkomstig Cattell se definisie, gereken as deel van persoonlikheid.

Cattell het gevoel dat daar in die identifikasie van grondtrekke voldoende gegewens ten opsigte van alle aspekte wat van menslike belang is, verkry moet word (Maas, 1975). Die globale persoonlikheid moet dus betrek word. Ten einde hierdie doel te bereik, het hy ook van lewensrekordgegewens (L-data) gebruik gemaak om inligting in te samel. L-data verwys na gedrag in werklike daaglikse situasies. Die biografiese vraelys kan dus gesien word as 'n wyse waarop lewensrekordgegewens ingesamel word.

Sommige biografiese vrae het op sekere houdings betrekking. Houdings is vir Cattell (1966) belangrik as oppervlaktrek van die totale dinamiese struktuur en word deur hom (1966:175) gedefinieer as "an interest in a course of action, in a given situation". Omdat oppervlaktrekke 'n manifestasie van overte gedrag is, is selfwaarneming moontlik op hierdie direkte vrae.

In die lig van bogenoemde rasionaal meen die navorser dat die insluiting van 'n biografiese vraelys 'n doeltreffende tegniek is om die angspopulasies beter te analiseer.

### 3.4.4 NUWE SUID-AFRIKAANSE GROEPTOETS (NSAG)

Die NSAG gee 'n betroubare meting van sekere aspekte van die ontwikkelingsintelligensie; dit is oorgeërfde intellektuele potensiaal wat tot op die dag van toetsing onder omgewingsinvloede ontwikkel het. Die Senior reeks is bedoel vir ouderdomme 13 jaar tot 17 jaar 11 maande. Vir die doel van hierdie ondersoek word van die totale intelligensietelling van die NSAG gebruik gemaak.

Die meting van intelligensie vind aansluiting by Cattell se persoonlikheidsteorie in die opsig dat dit vermoë wat 'n grondtrek van persoonlikheid is (Cattell, 1950a), meet.

## 3.5 SAMESTELLING VAN TOETSGROEPE

Die toetsgroepe is relatief homogeen saamgestel:

### 3.5.1 OUDERDOM EN OPVOEDKUNDIGE PEIL

Standerd 7-leerlinge is as proefpersone geneem. Almal het dus dieselfde opvoedkundige kwalifikasie en is min of meer van dieselfde ouderdom.

### 3.5.2 KULTUUR

Hierdie leerlinge is van hoërskole in die OVS wat die Zastron Buitelugskool in 1986 bygewoon het en almal Afrikaanssprekend. Die grootte (N) van hierdie populasie was 1006.

### 3.5.3 GESLAG

Standerd sewe seuns en dogters verskil soveel van mekaar met betrekking tot ontwikkelingstake wat reeds suksesvol termineer is, dat hulle nie van dieselfde populasie beskou kan word nie. Die verband tussen angs en algemene persoonlikheidsfunksionering is dus ondersoek ten opsigte van seuns afsonderlik, dogters afsonderlik, en die twee geslagte gesamentlik.

### 3.5.4 ANGS

Die populasie Afrikaanssprekende standerd 7-leerlinge word in 'n angstige en nie-angstige populasie verdeel na aanleiding van die tweede-orde angstelling wat op die HSPV behaal is: (Kyk 3.2.1. waar verduidelik word hoe hierdie angstellings bepaal word.)
Maksimum angstelling wat hiervolgens behaal kan word: 8,65
Minimum angstelling wat hiervolgens behaal kan word: 2,35
Variasiemoontlikheid van tellings is dus: 6,3.

Literatuur soos die van Cattell et al. (1986) en Smit (1983) toon dat indien die variasiemoontlikheid van tellings 10 sou wees (soos stientellings), 'n telling van 1 tot 3 behaal sou word deur 'n rustige, flegmatiese, stabiele en geestesgesonde persoon, en 8 tot 10 deur 'n persoon wie se angspeil in 'n ernstige lig beskou moet word en beslis hulp nodig het.

Met hierdie riglyn as agtergrond is besluit om bogenoemde 6,3 in 10 eenhede te deel (= 0,63) en die populasies soos volg saam te stel:

Angstige populasie:

persone met angstellings $\geq$ 8,65 - 3 eenhede van 0,63 = 6,76

Nie-angstige populasie:

persone met angstellings $\leq$ 2,35 + 3 eenhede van 0,63 = 4,24

## 3.6 INSAMELING VAN GEGEWENS

In hierdie ondersoek is gebruik gemaak van die gegewens van die Zastron-leierskapsprojek, wat prof. A. Weyers gedurende 1986 op versoek van die Vrystaatse Onderwysdepartement geloods het.

Alle standerd sewe-leerlinge van die OVS besoek die Zastron Buitelugskool deur die jaar. By die leierskapsprojek is sekere geselekteerde skole, naamlik stedelike, semi-stedelike en plattelandse skole betrek.

3.6.1 Psigometriese vraelyste, die HSPV en IVV, asook die biografiese vraelys is onder homogene omstandighede deur personeel by die Zastron Buitelugskool afgeneem. Die vraelyste is in groepe beantwoord en die antwoordblaaie is rekenaarmatig nagesien.

3.6.2 Vraelyste is aan elke skool gestuur, waarop die intelligensiekwosiënt soos gemeet deur die NSAG, en die gemiddelde skoolprestasie van elke leerling, ingevul is.

## 3.7 STATISTIESE ONTLEDING VAN RESULTATE

In wese behels die navorsingsvraag of daar beduidende verbande tussen angs en algemene persoonlikheidsfunksionering bestaan. In hierdie hoofstuk gaan gepoog word om die navorsingshipotese op empiriese wyse te verifieer.

### 3.7.1 VERWERKING VAN GEGEWENS

Die ingesamelde gegewens is deur die Eenheid vir Professionele Opleiding en Dienslewering in die Gedragswetenskappe (EPOG) by die UOVS voorberei vir rekenaarverwerking. Hierdie data is verwerk by die UOVS-rekensentrum volgens aanbevelings van die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO. By hierdie verwerking is gebruik gemaak van die BMDP 3D-program (Hill, 1984), wat ontwikkel is deur die Universiteit van Californië.

### 3.7.2 BESKRYWENDE STATISTIESE METODES

Meestal vind navorsers dit onmoontlik om die totale toepaslike populasie te betrek. Daarom word steekproewe gebruik op grond waarvan inligting omtrent populasies afgelei kan word. Dit is hier waar inferensieel-statistiese metodes aàn die hand van een of ander navorsingsontwerp gebruik word (Huysamen, 1980b).

"Indien die volledige versameling gevalle waaroor 'n navorser gevolgtrekkings wil maak, bekombaar is, is die gebruik van beskrywend-statistiese metodes voldoende." (Huysamen, 1980b:15.) Die rede hiervoor is dat opsommingseienskappe van die populasie regstreeks bepaal kan word.

"'n Populasie kan gedefinieer word as die totale versameling gevalle wat een of meer eienskap gemeen het en wat potensieel vir waarneming beskikbaar is." (Huysamen, 1980a:101.) Die onderhawige navorsingsprojek is van toepassing op die totale hoë angs en lae angs populasies van die standerd sewe-leerlinge in die Vrystaat wat die Zastron Buitelugskool in 1986 besoek het.

Statistiese tegnieke om statisties beduidende verskille aan te dui, is dus nie toepaslik nie. Beskrywende statistiek word gebruik. Ten einde die verband tussen angs en onderskeie persoonlikheidsveranderlikes te bepaal, word algemene beduidendheid oftewel betekenisvolheid van verskille

in die hoë en lae angsgroep-gemiddeldes aangetoon. Om die navorser in staat te stel om te besluit of die verskil in tellings beduidend/betekenisvol is of nie, moet hy kennis hê van die skaal waarvolgens gemeet word (byvoorbeeld staneges) en tweedens kan gekyk word na die verspreiding van die tellings wat deur die persone binne elke populasie op die meetinstrument behaal is (Steyn, 1985).

## 3.7.3 PROSEDURE OM DIE VERSKIL TUSSEN GEMIDDELDES TE VERGELYK

### 3.7.3.1 Die rekenkundige gemiddelde

Eerstens moet die gemiddelde telling wat die populasie by 'n bepaalde afhanklike veranderlike behaal het, bereken word. Die rekenkundige gemiddelde is 'n populasieparameter wat dien as maatstaf van sentrale neiging. Die rekenkundige gemiddelde van 'n versameling tellings word bereken deur die som van die tellings ($\Sigma X$) te deel deur die getal tellings (N). Die populasie gemiddelde ($\mu$) kan algebraïes gedefinieer word as

$$\mu = \frac{\Sigma X}{N}$$ (Huysamen, 1980a:42).

### 3.7.3.2 Die standaardafwyking

"Indien die gemiddelde beskou word as 'n indeks om al die tellings in 'n versameling te verteenwoordig, dui die afwykings van die tellings vanaf die gemiddelde op die mate waarin die gemiddelde nie daarin slaag om hierdie tellings voldoende te verteenwoordig nie." (Huysamen, 1980a:50.) Hoe groter die afwykings van die gemiddelde is, hoe groter is die verskille tussen die tellings self. Die variansie of standaardafwyking dien as maatstaf van varieerbaarheid, dit wil sê die omvang van die verskil tussen tellings.

Die variansie van 'n versameling tellings word gedefinieer as die gemiddelde van die gekwadreerde afwykings van die gemiddelde af. Die standaardafwyking word gewoonlik bo die variansie verkies omdat dit in dieselfde eenhede as die oorspronklike metings uitgedruk word. Die standaardafwyking is die positiewe vierkantswortel van die variansie van 'n versameling tellings (Huysamen, 1980a:54). Die standaardafwyking vir 'n populasie kan algebraïes weergegee word as:

$$\sigma = \sqrt{\frac{\Sigma (X-\mu)^2}{N}}$$

Hoe kleiner die standaardafwyking dus is, hoe meer is die tellings rondom die gemiddelde gekonsentreerd.

### 3.7.3.3 Cohen se maatstaf vir praktiese beduidendheid

#### (a) Die effekgrootte, d

Die praktiese beduidende verskille tussen gemiddeldes word by die gebruik van beskrywende statistiek op 'n arbitrêre wyse deur die navorser self bepaal. Om die twee parameters te vergelyk, is dit dus nodig om 'n kriterium van beduidendheid neer te lê. Die rede hiervoor is dat alhoewel daar 'n verskil tussen groepe mag bestaan, dit nie beteken dat dit 'n beduidende bevinding is nie. Die verskil tussen twee populasiegemiddeldes van 280 en 270 is 10 punte, maar hoe groot is 'n punt? Hierdie verskil moet dus eers teen 'n kriterium van beduidendheid geëvalueer word (Cohen, 1977).

Cohen beskou die effekgrootte, d as só 'n kriterium. Die effekgrootte-indeks is gebaseer op geselekteerde kriteria wat met 'n subjektiewe gemiddelde van effekgroottes ooreenstem, soos ons dit in die gedragswetenskappe vind. Hier word dan gebruik gemaak van die terme klein, medium en groot effek. Die formule om die effekgrootte van

verskille tussen gemiddeldes mee te bereken, kan algebraïes soos volg uitgedruk word:

$$d = \frac{| gH - gL |}{\sigma}$$

waar d = tweekantige-toets-effekgrootte van gemiddeldes in standaardeenhede

gH en gL = twee groepgemiddeldes, byvoorbeeld van die hoë angsgroep en die lae angsgroep

σ = standaardafwyking van enige groep (In die huidige ondersoek is daar met die gemiddeld van die twee standaardafwykings gewerk.)

(Cohen, 1977:20.)

As voorbeeld:

gH = 30,18

gL = 38,29

$\sigma = \frac{1}{2}\ (6{,}59 + 11{,}88)$

$= 9{,}24$

$$d = \frac{| 30{,}18 - 38{,}29 |}{9{,}24} = \frac{8{,}11}{9{,}24} = 0{,}878$$

(b) **Die effekwaardes**

Die drie effekwaardes word soos volg deur Cohen (1977:25-27) omskryf:

**Klein effek**

'n Klein effekwaarde word bereken op d = 0,2. Dit stem ooreen met die punt-biseriale korrelasie r = 0,10 en verklaar 1% van die variansie tussen twee eksperimentele groepe. Gevolglik is $r^2$ = 0,010. Die groepverskil is dus verantwoordelik vir 1% van die variansie van die betrokke metings in die gekombineerde groep (H en L populasies).

Die waarde van 'n klein effekgrootte lê daarin dat dit 'n sinvolle wyse van evaluasie bied in nuwe navorsingsvelde waar die fenomene onder bestudering gewoonlik nie eksperimenteel goed gekontroleer kan word nie. Die invloed van hierdie ongekontroleerde eksterne veranderlikes veroorsaak dan dat die effekgrootte baie klein is.

**Medium effek**

'n Medium effekgrootte word gesien as 'n verskil wat groot genoeg is, sodat 'n persoon met normale ervaring dit met die blote oog kan waarneem. Die medium effekwaarde word bepaal op d = 0,5. Die punt-biseriale korrelasie r tussen populasielidmaatskap (gH en gL) en die afhanklike veranderlike, is 0,243. Gevolglik is $r^2$ = 0,059. Die groepverskil is dus 6% van die variansie van die betrokke meting in die gekombineerde groep (H en L populasies).

Groot effek

'n Groot effekwaarde word bepaal op d = 0,8. In hierdie geval is die punt-biseriale korrelasie r = 0,371 en $r^2$ = 0,138. Die groepverskil is dus verantwoordelik vir 14% van die variansie van die betrokke meting in die gekombineerde groep (H en L populasies). So 'n verskil is baie duidelik sigbaar. Die verskil wat gevind word in die gemiddelde IK van doktorandi en eerstejaar-universiteitstudente is 'n voorbeeld van groot effekwaarde.

Uit die voorafgaande beskrywings is dit duidelik dat die definisies van die effekwaardes baie arbitrêr is en voortdurend deur die navorser se verwysingsraamwerk beoordeel moet word. In die lig hiervan kan daar 'n sekere risiko aan verbonde wees om hierdie operasionele kriteria en

vlakke van effekgrootte te gebruik. Cohen (1977) meen dat die gedragswetenskaplike navorser meer kan wen as verloor, veral waar daar nie 'n beter basis is waarop die effekgrootte bereken kon word nie, byvoorbeeld wanneer die verskille klein is as gevolg van die geldigheid van die meetinstrumente wat aangewend is, of die subtiliteit van die veranderlikes wat bestudeer word.

### 3.7.4 RESULTATE EN BESPREKING VAN RESULTATE

In hierdie afdeling gaan gepoog word om op 'n wetenskaplike en empiriese wyse die nulhipotese soos in 3.1 geformuleer, naamlik
$H_0$: Daar is geen verband tussen angs en algemene persoonlikheidsfunksionering nie,
te verifieer of te falsifiseer. Die hoë angspopulasie en lae angspopulasie word ten opsigte van die NSAG-, B.V.-, en IVV-veranderlikes vergelyk. Hierdie vergelyking is getref ten opsigte van seuns afsonderlik, dogters afsonderlik, en die twee groepe gesamentlik.

Die navorsingsresultate wat verkry is na aanleiding van statistiese verwerking, word dus eerstens getabelleer en uiteengesit. In hierdie uiteensetting word die biografiese vraag wat op die betrokke afdeling betrekking het, ook weergegee.

Tweedens sal die bevindinge van hierdie studie vergelyk word met bepaalde tendense wat in die literatuur (hoofstuk 2) aangetref is. Bespreking van resultate geskied aan die hand van die sistematiek van afdelings 2.2 en 3.2.2.

Ten slotte word 'n samevatting (Tabel 10) van die verband tussen angs en persoonlikheidsfunksionering gegee.

#### 3.7.4.1 Voorkomssyfer en geslagsratio

**(a) Resultate**

Die grootte (N) van die populasie standerd sewe-leerlinge in die Vrystaat wat die Zastron Buitelugskool bygewoon het, was 1006. Hierin was die volgende populasies, wat in hierdie studie ondersoek is, teenwoordig:

Tabel 1

| Geslag | Hoë angs populasie | Lae angs populasie |
|---|---|---|
| Seuns | N = 5 | N = 38 |
| Dogters | N = 29 | N = 11 |
| Gesamentlik | N = 34 | N = 49 |

**(b) Bespreking van resultate**

Dit is opvallend dat uit die betrokke navorsingspopulasie van 1006, daar 34 persone is, wat deur Cattell se tweede-orde angs-faktore geïdentifiseer word as persone met hoë angs. Hierdie aantal dui op 'n persentasie van 3,4%. Dit stem ooreen met die voorkomssyfer wat die DSM III in 1980 (p.225) aandui:

> "It has been estimated that from 2-4% of the general population has at some time had a disorder that this manual would classify as an Anxiety Disorder."

Van hierdie 3,4% is 0,5% seuns en 2,9% dogters. Daar is dus ongeveer ses keer soveel dogters as seuns met hoë angs in 'n populasie van 1006 geïdentifiseer. Dit stem ooreen met outeurs soos Bendig (1959a; 1959b & 1960) en Cattell (1961) wat bevind het dat dogters konsekwent 'n hoër gemiddeld ten opsigte van vrye angspeil toon as seuns. Hierdie blyk die oorwoë mening in die literatuur te wees.

Ook wanneer na die psigiatrie beweeg word, is daar verskeie outeurs wat konstateer dat die (veralgemeende angs)versteuring ongeveer twee keer meer by vrouens voorkom (Gelder, Gath & Mayou, 1983; Horrowitz,1984; Kaplan & Sadock, 1985). 'n Uitsondering op die reël is die opvatting van die APA (1987), wat meen die geslagsverhouding is dieselfde.

3.7.4.2 Persoonlike verhoudinge en angs

(a) Resultate

Tabel 2

Vergelyking van Selfvertroue, Eiewaarde, Selfbeheersing, Senuweeagtigheid en Liggaamlike voorkoms gemiddeldes ten opsigte van angs

| VERANDERLIKES | HOE ANGS POPULASIE | LAE ANGS POPULASIE | EFFEK-GROOTTE d. | PRAKTIESE BEDUIDENDHEID | AANPASSING ** (Joubert,1981) (HOE ANGS) | (LAE ANGS) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| SELFVERTROUE (IVV 1) | | | | | | |
| Seuns | 29,20 (12,09)* | 36,44 (12,87) | 0,58 | Medium | 2 Swak | 4 Goed |
| Dogters | 30,34 (5,49 | 44,54 (2,98) | 3,35 | Groot | 3 Swak | 7 Goed |
| Gesamentlik | 30,18 (6,59) | 38,29 (11,88) | 0,88 | Groot | | |
| EIEWAARDE (IVV 2) | | | | | | |
| Seuns | 30,20 (5,45) | 33,61 (13,78) | 0,35 | Medium | 3 Swak | 3 Swak |
| Dogters | 32,17 (6,61) | 30,00 (14,53 | 0,21 | Klein | 3 Swak | 3 Swak |
| Gesamentlik | 31,88 (6,41) | 32,80 (13,88) | 0,08 | Klein | | |

* Standaardafwykings in hakies ** Staneges onder Aanpassing

| VERANDERLIKES | HOE ANGS POPULASIE | LAE ANGS POPULASIE | EFFEK-GROOTTE d. | PRAKTIESE BEDUIDENDHEID | AANPASSING ** (Joubert,1981) (HOE ANGS) (LAE ANGS) |
|---|---|---|---|---|---|
| SELFBEHEERSING (IVV 3) | | | | | |
| Seuns | 29,40 (10,16) | 32,89 (14,03) | 0,29 | Medium | 2 Swak 3 Swak |
| Dogters | 27,83 (7,30) | 32,73 (16,56) | 0,41 | Medium | 3 Swak 4 Goed |
| Gesamentlik | 31,88 (7,62) | 32,80 (14,45) | 0,08 | Klein | |
| SENUWEEAGTIGHEID (IVV 4) | | | | | |
| Seuns | 27,40 (6,77)* | 35,95 (12,24) | 0,90 | Groot | 2 Swak 4 Goed |
| Dogters | 26,82 (11,01) | 38,27 (9,64) | 1,11 | Groot | 3 Swak 6 Goed |
| Gesamentlik | 26,94 (10,41) | 36,47 (11,65) | 0,86 | Groot | |
| LIGGAAMLIKE VOORKOMS (B.V. 1) | | | | | |
| Seuns | 1,40 (0,55)* | 2,05 (0,52) | 1,21 | Groot | |
| Dogters | 1,76 (0,58) | 2,09 (0,30) | 0,75 | Groot | |
| Gesamentlik | 1,71 (0,58) | 2,06 (0,47) | 0,67 | Groot | |

* Standaardafwyking in hakies ** Staneges onder Aanpassing

Die tabellering van die IVV en B.V. veranderlikes verskil effens. Afgesien van die effekgrootte, d, is daar by die IVV ook 'n inherente kriterium beskikbaar: die opstellers differensieer ten opsigte van elk van die IVV-tellings tussen goeie en swak aanpassing. Hierdie aanduiding gee dus addisionele inligting betreffende die verskil tussen die hoë en die lae angspopulasies.

1. **Selfvertroue** (IVV 1)

$H_0$: Daar is geen verband tussen angs en selfvertroue nie.
$H_1$: Daar is 'n verband tussen angs en selfvertroue.

Die gemiddelde persoon in die hoë angsgroepe vir **beide die seuns** en die **dogters**, het sulke lae staneges behaal dat dit dui op swak aanpassing ten opsigte van selfvertroue, terwyl die gemiddelde persoon in die lae angsgroepe staneges behaal het wat dui op goeie aanpassing.
Toe die effekgrootte van die verskil in gemiddelde roupunte bereken is, was daar 'n beduidende verskil by die dogters en die **gesamentlike** groep. Die verskil in gemiddeldes by seuns was nie beduidend nie.

Daar is geen beduidende verband tussen angs en selfvertroue by seuns gevind nie en $H_0$ is dus hier behou.

Daar is 'n negatiewe verband tussen angs en selfvertroue by sowel die dogters as die gesamentlike groep gevind. $H_0$ is hier dus ten gunste van $H_1$ verwerp.

2. **Eiewaarde** (IVV 2)

$H_0$: Daar is geen verband tussen angs en eiewaarde nie.
$H_1$: Daar is 'n verband tussen angs en eiewaarde.

Die gemiddelde persoon in beide die hoë en lae angsgroepe, vir **beide seuns en dogters**, het staneges behaal wat dui op swak aanpassing ten opsigte van eiewaarde. Toe die verskil tussen die gemiddeldes van die hoë en lae angs populasies bereken is, is geen beduidendheid gevind nie.

Daar is geen verband tussen angs en eiewaarde by seuns, dogters, of die gesamentlike groep gevind nie. $H_0$ is dus in al drie gevalle behou.

3. **Selfbeheersing** (IVV 3)

$H_0$: Daar is geen verband tussen angs en selfbeheersing nie.
$H_1$: Daar is 'n verband tussen angs en selfbeheersing.

In die **seuns**groepe het die gemiddelde persoon in beide die hoë en lae angs populasie response gelewer wat dui op swak aanpassing ten opsigte van selfbeheersing. Die verskil tussen die twee gemiddeldes was nie beduidend nie. Die gemiddelde persoon in die hoë angsgroep vir **dogters** het 'n telling behaal wat dui op swak aanpassing, terwyl die gemiddelde persoon in die lae angsgroep 'n telling behaal het wat op goeie aanpassing dui. Hierdie verskil was egter nie beduidend nie. Toe die effekgrootte bereken is, was die verskil in gemiddeldes by die **gesamentlike** groep ook nie beduidend nie.

Daar is geen verband tussen angs en selfbeheersing by die seuns, dogters, sowel as gesamentlike groep gevind nie. $H_0$ is hier dus behou.

4. **Senuweeagtigheid** (IVV 4)

$H_0$: Daar is geen verband tussen angs en senuweeagtigheid nie.
$H_1$: Daar is 'n verband tussen angs en senuweeagtigheid.

In **beide die seuns- en dogtersgroep** het die gemiddelde persoon in die hoë angspopulasies staneges behaal wat dui op swak aanpassing ten opsigte van senuweeagtigheid. Die gemiddelde persoon in beide die lae angspopulasies het staneges behaal wat dui op goeie aanpassing. Die verskil in gemiddeldes was by beide die seuns- en dogtersgroep beduidend. In die **gesamentlike** groep was die verskil steeds beduidend.

Daar is 'n positiewe verband tussen angs en senuweeagtigheid by die seuns, dogters en gesamentlike groep gevind. $H_0$ is dus in al drie gevalle ten gunste van $H_1$ verwerp.

2. **Liggaamlike voorkoms** (B.V.1)

$H_0$: Daar is geen verband tussen angs en liggaamlike voorkoms gevind nie.

$H_1$: Daar is 'n verband tussen angs en liggaamlike voorkoms gevind.

| | |
|---|---|
| Oor my liggaamlike voorkoms: | |
| Is ek tevrede ........................................ | 1 |
| Is ek skaam ........................................ | 2 |
| Steur ek my nie aan nie ............................ | 3 |

Omdat hierdie vraag nie heeltemal 'n ordinale meting is nie (vraag 2 en 3 moet omruil), en deurgaans van gemiddelde skaaltellings gebruik gemaak is, kan die statistiese gegewens verkry nie as geldig beskou word nie. (Kyk 3.4.3)

Volgens die statistiese gegewens, was die gemiddelde persoon in die **seuns, dogters en gesamentlike** groepe, wat in die hoë angs populasie was, meer tevrede oor hom/haar liggaamlike voorkoms, as die gemiddelde persoon in die lae angspopulasie. By die seuns en dogters sowel as die gesamentlike groep was die verskil tussen gemiddeldes beduidend, toe die effekgrootte bereken is.

Dit is egter waarskynlik dat die gemiddelde persoon in die lae angspopulasie hom nie steur aan sy liggaamlike voorkoms nie. Weens swak vraagstelling kan 'n telling van 2,06 dus bedrieglik wees.

Volgens die huidige gegewens is 'n positiewe verband tussen angs en liggaamlike voorkoms by seuns en dogters afsonderlik, en ook wanneer hulle saamgroepeer is, gevind.

**Samevatting van die bevindinge**

'n Beduidende negatiewe verband is tussen **selfvertroue** en die kwaliteit van angs by die dogters, sowel as die gesamentlike seuns-dogtersgroep, verkry. (IVV 1)

Daar is geen verband tussen **eiewaarde** en die kwaliteit van angs by die seuns, die dogters, sowel as die gesamentlike groep, verkry nie. (IVV 2)

Daar is geen verband tussen **selfbeheersing** en die kwaliteit van angs by die seuns, die dogters, sowel as die gesamentlike groep, verkry nie. (IVV 3)

'n Beduidende positiewe verband is tussen **senuweeagtigheid** en die kwaliteit van angs by die seuns, die dogters en die gesamentlike groep, verkry. (IVV 4)

Omdat die vraag oor **liggaamlike voorkoms** nie 'n ordinale meting is nie, word die huidige bevinding in twyfel getrek, en kan daar dus geen waarde aan geheg word nie. (B.V.1)

**(b) Bespreking van resultate**

**Implikasies van die bevindinge**

- **Selfvertroue** kan as beduidende indikasie van die angsvlak teenwoordig, dien.
  * Angsvlak kan as beduidende voorspeller van 'n adolessent se selfvertroue dien.
  * 'n Negatiewe verband impliseer dat 'n toename in angs geassosieer word met 'n afname in selfvertroue, en omgekeerd.
  * Die assosiasie dui nie noodwendig op 'n kousale verband nie.

- **Senuweeagtigheid** kan as beduidende voorspeller van die adolessent se angsvlak dien.
  * Angsvlak kan as beduidende indikasie van 'n persoon se senuweeagtigheid dien.

* 'n Positiewe verband impliseer dat 'n toename in angs geassosieer word met 'n toename in senuweeagtigheid, en omgekeerd.
* Die assosiasie dui nie noodwendig op 'n kousale verband nie.

Wat kousaliteit betref, wys Cattell (1961) daarop dat sommige persoonlikheidskomponente figureer as bronne wat veroorsakend optree ten opsigte van die angspeil, terwyl ander komponente uitdrukkings is van die angspeil.

In die geval van 'n kousale verband tussen angs en die afhanklike veranderlikes so pas bespreek, sou die afleiding gemaak kon word dat die kwaliteit van angs die adolessent se persoonlikheidskern beïnvloed. Hier figureer persoonlikheidskern dus as **uitdrukking** van die angspeil. Hierdie aanname kan met bestaande literatuur in verband gebring word:

In die stelling dat angs dien as teken vir die persoonlikheidskern om hom te mobiliseer teen bedreiging (Kaplan & Sadock, 1981 en 1985), is die gedagte dat die persoonlikheidskern as uitdrukking van die angspeil reageer, reeds opgesluit. In Cattell (1965) se verduideliking is 'n tydskomponent ingebou. Hy noem dat die onderwerping aan volgehoue angs, die selfstruktuur (ego) negatief kan beïnvloed. Hierdie stelling word bevestig deur psigososiale en humanistiese teoretici wat van die standpunt uitgaan dat 'n voortdurende gebrek aan sekuriteit die ontwikkeling van persoonlikheid kan verwring. (Kyk 2.2.1) Onder 2.2.8 word verduidelik hoe angsbelewinge na aanleiding van ontoereikende gesinsfunksionering persoonlikheid nadelig kan beïnvloed.

Die afleiding sou ook gemaak kan word dat die persoonlikheidskern die angspeil beïnvloed. Hier tree die persoonlikheidskern dus **veroorsakend** op ten opsigte van die angspeil. Hierdie aanname word ook deur bestaande literatuur ondersteun:

Freud (1965) het reeds aangedui dat bronne van angs geleë is in die realiteit, sowel as in die selfstrukture naamlik die id, ego en superego. (Kyk 2.1.2.1.(a)) Meador en Rogers (in Corsini, 1984) toon aan dat angs 'n respons is op aanduidings wat verandering in die selfkonsep gaan

forseer. (Kyk 2.1.2.1.(d).) Cattell (1965), Ellis en Davis (1982), Kaplan en Sadock (1985) en Steinhauer en Bernman (1978) noem dat dit juis tydens adolessensie is waarin intensiewe strukturele veranderinge in die selfkonsep geïntegreer word, en sodoende aanleiding kan gee tot 'n verhoogde angspeil.

Die positiewe verband tussen liggaamsbeeld en angs wat uit die huidige gegewens onttrek is, word nie deur die literatuur bevestig nie. In die literatuur is daar slegs aanduidings van 'n negatiewe verband, met ander woorde 'n toename in angs word geassosieer met 'n swakker liggaamsbeeld, en omgekeerd. Die verskil tussen die literatuur en die huidige resultate word daaraan toegeskryf dat die vraag oor liggaamlike voorkoms nie 'n ordinale meting is nie.

Hoewel daar nie 'n verband tussen die afhanklike veranderlikes, eiewaarde en selfbeheersing, verkry is nie, is dit opvallend dat die hoë angs seuns- en dogtersgroepe in beide gevalle 'n telling behaal het wat Joubert (1981) beskou as aanduidend van swak aanpassing. Eiewaarde en selfbeheersing kan egter nie as voorspellers van die angspeil dien nie en die angspeil ook nie as indikasie van eiewaarde en selfbeheersing nie.

### 3.7.4.3 Fisiese gesondheid en angs

(a) Resultate

Tabel 3

Vergelyking van Gesondheidstoestand en Gesondheid gemiddeldes ten opsigte van angs

| VERANDERLIKES | HOE ANGS POPULASIE | LAE ANGS POPULASIE | EFFEK-GROOTTE d. | PRAKTIESE BEDUIDENDHEID | AANPASSING ** (Joubert,1981) (HOE ANGS) (LAE ANGS) |
|---|---|---|---|---|---|
| GESONDHEIDS-TOESTAND (B.V.2) | | | | | |
| Seuns | 1,20 (0,45)* | 1,11 (0,31) | 0,24 | Klein | |
| Dogters | 1,52 (0,57) | 1,09 (0,30) | 0,99 | Groot | |
| Gesamentlik | 1,47 (0,56) | 1,10 (0,31) | 0,85 | Groot | |
| GESONDHEID (IVV 5) | | | | | |
| Seuns | 36,60 (6,50)* | 47,00 (7,12 | 1,53 | Groot | 3 Swak 6 Goed |
| Dogters | 38,41 (9,49) | 49,09 (4,87) | 1,49 | Groot | 4 Goed 7 Goed |
| Gesamentlik | 38,15 (9,06) | 47,47 (6,69) | 1,18 | Groot | |

* Standaardafwykings in hakies ** Staneges onder Aanpassing

**6. Gesondheidstoestand** (B.V.2)

$H_0$: Daar is geen verband tussen angs en gesondheidstoestand nie.
$H_1$: Daar is 'n verband tussen angs en gesondheidtoestand.

| | |
|---|---|
| Hoe was jou gesondheid gedurende die afgelope jaar? | |
| Goeie gesondheid .................................... | 1 |
| Gemiddeld ............................................ | 2 |
| Swak gesondheid .................................... | 3 |

Tussen die tellings van die gemiddelde seunspersoon in die hoë angspopulasie en die lae angspopulasie, was daar nie 'n beduidende verskil nie. Nieteenstaande was die persoon in die hoë angspopulasie se gesondheid effens swakker as die persoon in die lae angspopulasie. Die gemiddelde persoon in die hoë angsgroep vir dogters het 'n telling van 1,52 behaal, terwyl die lae angsgroep met 'n gemiddelde telling van 1,09 nader aan goeie gesondheid was. Toe die effekgrootte bereken is, was daar 'n beduidende verskil. In die gesamentlike groep was die verskil in gemiddeldes steeds beduidend.

Daar is geen verband tussen angs en gesondheidstoestand by die seunsgroep gevind nie. Hier is $H_0$ dus behou.

Daar is 'n negatiewe verband tussen angs en gesondheidtoestand by dogters, sowel as die gesamentlike groep gevind. $H_0$ is dus hier ten gunste van $H_1$ verwerp.

**7. Gesondheid** (IVV 5)

$H_0$: Daar is geen verband tussen angs en gesondheid nie.
$H_1$: Daar is 'n verband tussen angs en gesondheid.

Die gemiddelde persoon in die hoë angspopulasie vir seuns het 'n telling ten opsigte van gesondheid behaal wat dui op swak aanpassing, terwyl die stanege behaal deur die gemiddelde persoon in die lae angspopulasie dui op goeie aanpassing. Toe die effekgrootte bereken is, was die verskil

in gemiddeldes beduidend. Beide die gemiddelde persoon in die hoë en lae angspopulasies vir dogters het staneges behaal wat dui op goeie aanpassing ten opsigte van gesondheid. Nieteenstaande was die effekgrootte beduidend. Ook in die gesamentlik groepering van seuns en dogters was die verskil in gemiddeldes beduidend.

Daar is 'n negatiewe verband tussen angs en gesondheid by die seuns, dogters en gesamentlike groep gevind. $H_0$ is dus in al drie gevalle ten gunste van $H_1$ verwerp.

**Samevatting van die bevindinge**

'n Beduidende negatiewe verband is tussen gesondheidstoestand en die kwaliteit van angs by die dogters, sowel as die gesamentlike seuns-dogtersgroep, verkry. (B.V. 2)

'n Beduidende negatiewe verband is tussen gesondheid en die kwaliteit van angs by die seuns, die dogters en die gesamentlike groep, verkry. (IVV 5)

## (b) Bespreking van resultate

**Implikasies van die bevindinge**

- **Gesondheid** kan as beduidende indikasie van die angsvlak teenwoordig, dien.

  * Angsvlak kan as beduidende voorspeller van 'n adolessent se belewenis van sy gesondheidstoestand dien.

  * 'n Negatiewe verband impliseer dat 'n toename in angs geassosieer word met 'n afname in gesondheidstoestand, en omgekeerd.

  * Die assosiasie dui nie noodwendig op 'n kousale verband nie.

In die geval van 'n kousale verband tussen die twee veranderlikes, sou die afleiding gemaak kan word dat die kwaliteit van angs die adolessent se belewenis van sy gesondheidstoestand beïnvloed. Hier figureer gesondheid dus as uitdrukking van die angspeil. Hierdie aanname kan met bestaande literatuur ondersteun word:
Smit (1983) toon aan dat 'n baie hoë angstelling gewoonlik ontwrigtend is en kan lei tot fisiese versteuringe. Dit kan tweërlei verduidelik word. Madge (1982) koppel emosionele spanning aan chroniese uitputting wat sodoende aanleiding gee tot swak fisiese gesondheid. Cattell (1961) en Kennedy (1977) dui aan dat 'n onvermoë om angs bewustelik te hanteer, aanleiding gee tot psigosomatisering, as poging om die angs te verminder. (Kyk 2.2.2.)

Die afleiding sou ook gemaak kan word dat gesondheid die angspeil beïnvloed. Hier tree gesondheid dus veroorsakend op ten opsigte van die angspeil. Hierdie aanname kan met bestaande literatuur en navorsingsbevindinge in verband gebring word:
Navorsing van Johnson (1980), Johnson (1982) en Stewart (1965) toon 'n beduidende hoë angstelling by chroniese siek kinders. Cattell (1950) skryf dat fisiese siektetoestande gedurende adolessensie uitdrukking vind in gemoedsversteuringe soos 'n hoë angspeil. Gesien in die lig daarvan dat adolessensie 'n tydperk is waarin veelvuldige veranderinge plaasvind, blyk dit dat ernstige siekte die voltooing van ontwikkelingstake kan onderbreek of kompliseer en sodoende tot 'n verhoogde angsvlak kan lei (Simmons, 1985). (Kyk 2.2.2.)

3.7.4.4 Vryetydsbesteding en angs

(a) Resultate

Tabel 4

Vergelyking van Aktiwiteitsdeelsname en Sportprestasie gemiddeldes ten opsigte van angs

| VERANDERLIKES | HOE ANGS POPULASIE | LAE ANGS POPULASIE | EFFEK-GROOTTE d. | PRAKTIESE BEDUIDEND HEID | AANPASSING (Joubert,1981) (HOE ANGS) (LAE ANGS) |
|---|---|---|---|---|---|
| AKTIWITEITS-DEELNAME (B.V.3) | | | | | |
| Seuns | 2,20 (0,84)* | 2,53 (0,60) | 0,46 | Medium | |
| Dogters | 2,34 (,67) | 2,45 (0,52) | 0,18 | Klein | |
| Gesamentlik | 2,32 (0,68) | 2,51 (0,58) | 0,30 | Klein | |
| SPORTPRESTASIE (B.V.4) | | | | | |
| Seuns | 2,60 (0,55)* | 1,95 (0,32) | 1,49 | Groot | |
| Dogters | 2,14 (0,44) | 2,00 (0,00) | 0,64 | Medium | |
| Gesamentlik | 2,21 (0,48) | 1,96 (0,29) | 0,65 | Groot | |

* Standaardafwyking in hakies

**9. Aktiwiteitsdeelname** (B.V.3)

$H_0$: Daar bestaan geen verband tussen angs en aktiwiteitsdeelname op skool nie.
$H_1$: Daar bestaan 'n verband tussen angs en aktiwiteitsdeelname op skool.

| | |
|---|---|
| Aan hoeveel van die volgende aktiwiteite, wat deur jou skool georganiseer word, het jy die afgelope twee jaar deelgeneem? Rugby, sokker, atletiek, tennis, krieket, swem, stoei, boks, judo, korfbal, netbal, hokkie, gimnastiek, Voortrekkers, debatsverenigings, toneelverenigings, orkes. | |
| Geen ........................................ | 1 |
| Tussen een en drie ........................... | 2 |
| Tussen vier en ses ........................... | 3 |
| Tussen sewe en nege .......................... | 4 |
| Meer ........................................ | 5 |

Al die groepe het 'n gemiddelde behaal wat tussen keusemoontlikheid 2 en 3 val. Daar was 'n neiging by al die lae angsgroepe om 'n gemiddelde telling te behaal wat dui op effens hoër aktiwiteitsdeelname.

Hierdie negatiewe verband tussen angs en aktiwiteitsdeelname was egter nie by een van die groepe beduidend nie. $H_0$ is dus behou.

**9. Sportprestasie** (B.V.4)

$H_0$: Daar is geen verband tussen angs en sportprestasie nie.
$H_1$: Daar is 'n verband tussen tussen angs en sportprestasie.

| | |
|---|---|
| Hoe presteer jy in sport? | |
| Bo gemiddeld .................................... | 1 |
| Gemiddeld .......................................... | 2 |
| Onder gemiddeld .................................. | 3 |

Die gemiddelde persoon in die hoë angsgroep vir **seuns** het 'n telling van 2,60 behaal, terwyl die gemiddelde telling in die lae angsgroep 1,95 was. Toe die effekgrootte bereken is, was hierdie verskil beduidend. Die dogters-gemiddelde in onderskeidelik die hoë en lae angsgroep was 2,14 en 2,00. Hierdie verskil is nie beduidend nie. Die effekgrootte vir die **gesamentlike** groep was egter beduidend.

Daar is geen verband tussen angs en sportprestasie by dogters gevind nie en $H_0$ is dus hier behou.

Daar is 'n negatiewe verband tussen angs en sportprestasie by seuns sowel as die gesamentlike groep gevind en $H_0$ is dus hier ten gunste van $H_1$ verwerp.

Samevatting van die bevindinge

Daar is geen verband tussen die **hoeveelheid aktiwiteite** wat die adolessente beoefen het en hul angsvlak verkry nie. (B. v. 3)

Daar is 'n negatiewe verband tussen **sportprestasie** en angsvlak by die seuns en die gesamentlike seuns-dogtersgroep, verkry. (B. v. 4)

(b) Bespreking van resultate

Implikasies van die bevindinge

- **Sportprestasie** kan as beduidende voorspeller van die angsvlak by adolessente dien.
  * Angsvlak kan as beduidende indikasie van die sportprestasie van adolessente dien.
  * 'n Negatiewe verband impliseer dat 'n toename in angs geassosieer word met 'n afname in sportprestasie, en omgekeerd.
  * Die assosiasie dui nie noodwendig op 'n kousale verband nie.

In die geval van 'n kousale verband tussen die twee veranderlikes sou die afleiding gemaak kon word dat die kwaliteit van angs die adolessent se sportprestasie beïnvloed. Hier figureer sportprestasie dus as uitdrukking van die angspeil. Die aanname word deur bestaande literatuur ondersteun:

Wat karakterologiese angs betref, dui Angyal (1973) en Strydom en Malan (1980) daarop dat 'n persoon as 'n eenheid funksioneer en nie gefragmenteerd lewe nie. Dit is dus onwaarskynlik dat 'n angstige persoon 'n lewensstyl sal kies waar kompetisie en blootstelling ego-bedreiging kan veroorsaak. Pate **et al.** (1984) dui ook daarop dat 'n persoon met hoë angs ego-bedreigende situasies wil vermy. Hierdie tendens word deur navorsing van Penney (in Gaudry & Spielberger, 1971) bevestig.

Wat meer situasionele angs betref, blyk dit dat hoë angs sportprestasie drasties kan laat daal, terwyl diegene wat geen angs ervaar nie, se motivering so swak kan wees dat sportprestasie ook nadelig beïnvloed kan word (Warren, 1983 en Pate **et al.**, 1984).

Die afleiding sou ook gemaak kan word dat sportprestasie die angspeil beïnvloed. Hier tree sportprestasie dus veroorsakend op ten opsigte van die angspeil. Hierdie aanname word deur bestaande literatuur en navorsingsbevindinge bevestig:
Tuckman (1986) beskryf navorsing wat aandui dat gereelde hardloopprogramme die belewenis van angs verlig en 'n omvattende psigologiese proses in werking kan stel, wat positief op die persoonlikheid inwerk. Dit word verder ondersteun deurdat dit in Tuckman (1986) en ook uit gesprek met Van Rooyen (1988) duidelik word, dat sportbeoefening be-

paalde fisiologiese veranderinge kan meebring, wat 'n positiewe uitwerking op die angsvlak sal hê. 'n Ander aspek wat deur Kulewicz (1981) se navorsing belig word, is dat sportdeelname erkenning by die portuurgroep en volwassenes ontlok, wat persoonlikheidsfasilitering aan die hand werk. (Kyk 2.2.3. b).)

Hoeveelheid aktiwiteite waaraan deelgeneem word, kan nie as indikasie van die kwaliteit van angs dien nie, en angspeil ook nie as voorspeller van die hoeveelheid aktiwiteite wat beoefen word nie.

### 3.7.4.5 Intellektuele funksionering

(a) Resultate

Tabel 5

Vergelyking van Intelligensietelling gemiddeldes ten opsigte van angs

| VERANDERLIKES | HOE ANGS POPULASIE | LAE ANGS POPULASIE | EFFEK-GROOTTE d. | PRAKTIESE BEDUIDENDHEID | AANPASSING (Joubert,1981) (HOE ANGS) (LAE ANGS) |
|---|---|---|---|---|---|
| INTELLIGENSIE-TELLING (NSAG) | | | | | |
| Seuns | 80,80 (46,15)* | 114,43 (22,48) | 0,98 | Groot | |
| Dogters | 106,65 (10,84) | 117,00 (6,37) | 1,20 | Groot | |
| Gesamentlik | 102,48 (21,80) | 115,02 (19,92) | 0,60 | Medium | |

* Standaardafwyking in hakies

Intelligensie (NSAG)

$H_0$: Daar bestaan geen verband tussen angs en intelligensie nie.
$H_1$: Daar bestaan 'n verband tussen angs en intelligensie.

Die hoë angsgroep-**dogters** het gemiddeld 10 punte laer op die NSAG presteer as die lae angsgroep dogters. Wanneer die effekgrootte van hierdie verskil bereken word, word 'n groot praktiese beduidendheid gevind. Die hoë angsgroep **seuns** het gemiddeld 34 punte laer op die NSAG presteer as die lae angsgroep. Hierdie verskil is ook betekenisvol. Wanneer die seuns en dogters **saamgroepeer** word, is die verskil tussen die hoë angsgroep- en lae angsgroeptellings egter nie meer betekenisvol nie. (Die standaardafwyking het dus tydens die gesamentlike groepering vergroot.)

Daar is 'n negatiewe verband tussen angs en intelligensie by seuns en dogters afsonderlik. Hier word $H_0$. dus ten gunste van $H_1$ verwerp.

(b) Bespreking van resultate

Implikasies van die bevindinge

- **Intellektuele prestasie** kan as beduidende indikasie van die angsvlak teenwoordig dien.
  * Angsvlak kan as beduidende voorspeller van intellektuele prestasie dien.
  * 'n Negatiewe verband impliseer dat 'n toename in angs geassosieer word met 'n afname in intellektuele prestasie, en omgekeerd.
  * Die assosiasie dui nie noodwendig op 'n kousale verband nie.

In die geval van 'n kousale verband tussen die twee veranderlikes sou die afleiding gemaak kon word dat die kwaliteit van angs intellektuele prestasie beïnvloed. Hier figureer intelligensie dus as uitdrukking van

die angspeil. Hierdie aanname word deur die literatuur en navorsingsbevindinge ondersteun:
Intelligensie word allerweë as 'n resultaat van 'n interaksie tussen oorgeërfde en omgewingseienskappe beskou (Weyers, 1976). Navorsing van Proeger en Myrick (1980) toon dat wanneer die angsvlak, as omgewingsgeïnduseerde faktor varieer, dit duidelik weerspieël word in die intelligensietelling. Madge en Van der Westhuizen (1978) hipotetiseer dat swak prestasie in die Probleme-, Geheue- en Blokkies- subtoetse van die NSAIS geassosieer kan word met 'n hoë angspeil. Ook Cattell (1961) noem dat 'n hoë angstelling geassosieer word met perseptuele foute en 'n afname in geheueprestasie. (Kyk 2.2.4.)

Die afleiding sou ook gemaak kan word dat intelligensie die angspeil beïnvloed. Hier tree intelligensie dus veroorsakend op ten opsigte van die angspeil. Die rasionaal wat aan hierdie aanname gekoppel kan word, is dat die persoon met 'n lae intelligensie nie met dieselfde gemak lewenseise en abstrakte inhoude kan hanteer as die persoon met 'n hoër intelligensie nie. Die APA (1980) noem dat die belangrikste komplikasie van verstandelike vertraging, as uiteinde van die intellektuele spektrum, 'n onvermoë is om onafhanklik te funksioneer. Hoe meer ontoereikend 'n persoon dus voel om sy omgewing te beheers, hoe hoër die angspeil waartoe dit aanleiding kan gee (Angyal, 1973). (Vergelyk ook 2.2.7. (a).)

### 3.7.4.6 Skolastiese funksionering en angs

(a) Resultate

Tabel 6

Vergelyking van Skoolprestasie, Druipfrekwensie en Houding jeens geleerdheid gemiddeldes ten opsigte van angs

| VERANDERLIKES | HOE ANGS POPULASIE | LAE ANGS POPULASIE | EFFEK-GROOTTE d. | PRAKTIESE BEDUIDENDHEID | AANPASSING (Joubert,1981) (HOE ANGS) (LAE ANGS) |
|---|---|---|---|---|---|
| SKOOLPRESTASIE (B.V.5) | | | | | |
| Seuns | 3,00 (1,00)* | 3,61 1,00) | 0,61 | Medium | |
| Dogters | 3,18 (1,16) | 4,27 (0,65) | 1,20 | Groot | |
| Gesamentlik | 3,15 (1,12) | 3,75 (0,96) | 0,58 | Medium | |
| DRUIP-FREKWENSIE (B.V.6) | | | | | |
| Seuns | 1,00 (0,00) | 1,05 (0,32) | 0,31 | Klein | |
| Dogters | 1,34 (0,81) | 1,00 (0,00) | 0,84 | Groot | |
| Gesamentlik | 1,29 (0,76) | 1,04 (0,29) | 0,48 | Medium | |
| GELEERDHEID (B.V.7) | | | | | |
| Seuns | 4,00 (0,00) | 4,00 (0,00) | 0,00 | Klein | |
| Dogters | 3,69 (0,71) | 4,00 (0,00) | 0,87 | Groot | |
| Gesamentlik | 3,74 (0,67) | 4,00 (0,00) | 0,78 | Groot | |

* Standaardafwyking in hakies.

11. **Skoolprestasie** (B.V.5)

$H_0$: Daar bestaan geen verband tussen angs en skoolprestasie nie.
$H_1$: Daar bestaan 'n verband tussen angs en skoolprestasie.

Daar is geen verband tussen angs en skoolprestasie by sowel die seuns as die gesamentlike groep gevind nie. $H_0$ is hier dus behou.

Daar was egter 'n negatiewe verband tussen angs en skoolprestasie by dogters. $H_0$ is dus hier ten gunste van $H_1$ verwerp.

12. **Druipfrekwensie** (B.V.6)

$H_0$: Daar is geen verband tussen angs en druipfrekwensie nie.
$H_1$: Daar is 'n verband tussen angs en druipfrekwensie.

| | |
|---|---|
| Hoeveel keer het jy al op skool gedruip? | |
| Nog nooit gedruip nie ................................ | 1 |
| Een keer ................................ | 2 |
| Twee keer ................................ | 3 |
| Drie keer ................................ | 4 |

Die gemiddelde persoon in die hoë angsgroep vir **dogters** het 'n telling van 1,34 behaal, terwyl 'n telling van 1,00 daarop dui dat die lae angsgroep-dogters nooit gedruip het nie. Toe die effekgrootte bereken is, was daar 'n beduidende verskil by die angsgroepe. Die verskille tussen die hoë en lae angs **seuns**groepe en ook die **gesamentlike** hoë en lae angsgroepe was nie betekenisvol nie.

Geen verband is tussen angs en druipfrekwensie by sowel die seuns as die gesamentlike groep gevind nie. Hier is $H_0$ dus behou.

Daar is 'n positiewe verband tussen angs en druipfrekwensie by dogters gevind en hier is $H_0$ dus ten gunste van $H_1$ verwerp.

13. **Houding ten opsigte van geleerdheid** (B.V.8)

$H_0$: Daar bestaan geen verband tussen angs en houding ten opsigte van geleerdheid nie.

$H_1$: Daar bestaan 'n verband tussen angs en houding te opsigte van geleerdheid.

| | |
|---|---|
| Wat is jou houding ten opsigte van geleerdheid? | |
| Geleerdheid het nie veel waarde nie .................. | 1 |
| Met geleerdheid kan 'n mens meer geld verdien ....... | 2 |
| Geleerdheid bring 'n mens in hoer aansien by andere . | 3 |
| Geleerdheid is nodig vir vooruitgang in die lewe ...... | 4 |

Al drie die lae angsgroepe het 'n gemiddelde van 4 behaal wat dui op 'n opinie dat geleerdheid nodig is vir vooruitgang in die lewe. Die hoë angsgroep **dogters** en ook die **gesamentlike** hoë angsgroep het gemiddelde tellings nader aan die 3. behaal. Die verskil tussen die hoë en lae angsgroepe dogters en die hoë en lae gesamentlike angsgroep was beduidend.

Daar is geen verband tussen angs en houding ten opsigte van geleerdheid by seuns gevind nie; $H_0$ is hier dus behou.

Daar is 'n negatiewe verband tussen angs en houding ten opsigte van geleerdheid by dogters gevind, sowel as by die gesamentlike groepering van seuns en dogters. $H_0$ is dus hier ten gunste van $H_1$ verwerp.

**Samevatting van bevindinge**

'n Beduidende negatiewe verband is tussen **skoolprestasie** en angs by die dogtersgroep verkry. (B.V.5)

'n Beduidende positiewe verband is tussen **druipfrekwensie** en angs by die dogtersgroep verkry. (B.V.6)

'n Beduidende negatiewe verband is tussen **houding ten opsigte van geleerdheid** en angs by die dogters en die gesamentlike seuns-dogtersgroep, verkry. (B.V.7)

(b) **Bespreking van resultate**

**Implikasies van die bevindinge**

- **Skoolprestasie** kan as beduidende indikasie van die angsvlak teenwoordig, dien.
  * Angsvlak kan as beduidende voorspeller van skoolprestasie dien.
  * 'n Negatiewe verband impliseer dat 'n toename in angs geassosieer word met 'n afname in skoolprestasie, en omgekeerd.
  * Die assosiasie dui nie noodwendig op 'n kousale verband nie.

- **Druipfrekwensie** kan as beduidende indikasie van die angspeil dien.
  * Angspeil kan as beduidende voorspeller van druipfrekwensie dien.
  * 'n Positiewe verband impliseer dat 'n toename in angs geassosieer word met 'n toename in druipfrekwensie, en omgekeerd.
  * Die assosiasie dui nie noodwendig op 'n kousale verband nie.

- **Houding ten opsigte van geleerdheid** kan as beduidende indikasie van die angsvlak teenwoordig, dien.
  * Angsvlak kan as beduidende voorspeller van houding ten opsigte van geleerdheid dien.
  * 'n Negatiewe verband impliseer dat 'n toename in angs geassosieer word met 'n belangelose houding ten opsigte van geleerdheid, en omgekeerd.
  * Die assosiasie dui nie noodwendig op 'n kousale verband nie.

In die geval van 'n kousale verband tussen angs en die afhanklike veranderlikes sou die afleiding gemaak kon word dat die kwaliteit van angs die adolessente dogter se skolastiese funksionering beïnvloed. Hier figureer skolastiese funksionering dus as uitdrukking van die angspeil. Die literatuur en navorsingsbevindinge ondersteun hierdie aanname:
Thom (1984) noem dat prestasie deur die emosionele toestand van die individu tydens die toetssituasie beïnvloed word. Na aanleiding van

navorsingsresultate, stel Proeger (1980) dit dat baie leerlinge onderpresteer as gevolg van buitengewone angs en stres. (Kyk 2.2.5.(a).)

Die afleiding sou ook gemaak kan word dat skolastiese funksionering die angspeil beïnvloed. Hier tree skolastiese funksionering dus veroorsakend op ten opsigte van die angspeil. Hierdie aanname word deur bestaande literatuur bevestig:
Stevens (1980) se navorsing dui daarop dat swak presteerders gewoonlik angstig is. Dit kan waarskynlik daarmee in verband gebring word dat hulle negatiewe terugvoer vanuit hulle omgewing ontvang en dat 'n onvermoë om take en opdragte suksesvol uit te voer, angs presipiteer. (Kyk 2.2.5.(a).)

Hoewel dogters minder besorg is oor beroepsaangeleenthede as seuns, volgens Docking en Thornton (1979), blyk dit uit die navorsingsresultate van hierdie studie dat belangeloosheid ten opsigte van geleerdheid tog geassosieer word met 'n hoë angstelling by die dogtersgroep. (Vergelyk 2.2.5.(b).) Dit kan waarskynlik verklaar word deur die emansipasieproses waarvan Hurlock (1980) melding maak, en die klem nou op beroepsukses as deel van die beoordelingspakket van die vrou val.

### 3.7.4.7 Morele funksionering en angs

#### (a) Resultate

Tabel 7

Vergelyking van Godsdiens, Morele Inslag en Leuenskaal gemiddeldes ten opsigte van angs

| VERANDERLIKES | HOE ANGS POPULASIE | LAE ANGS POPULASIE | EFFEK-GROOTTE d. | PRAKTIESE BEDUIDENDHEID | AANPASSING ** (Joubert,1981) (HOE ANGS) (LAE ANGS) |
|---|---|---|---|---|---|
| GODSDIENS (B.V.8) | | | | | |
| Seuns | 3,00 (0,00)* | 2,95 (0,23) | 0,42 | Medium | |
| Dogters | 2,86 (0,35) | 2,91 (0,30) | 0,16 | Klein | |
| Gesamentlik | 2,88 (0,33) | 2,94 (0,24) | 0,02 | Klein | |
| MORELE INSLAG (IVV 11) | | | | | |
| Seuns | 34,20 (4,66) | 31,74 (8,38) | 0,38 | Medium | 4 Goed 3 Swak |
| Dogters | 32,14 (4,43) | 31,73 (8,79) | 0,06 | Klein | 3 Swak 2 Swak |
| Gesamentlik | 32,44 (4,46) | 31,73 (8,38) | 0,11 | Klein | |
| LEUENSKAAL (IVV 13) | | | | | |
| Seuns | 32,40 (4,22)* | 22,08 (6,78) | 1,88 | Groot | 6 Oneerlik 3 Eerlik |
| Dogters | 33,14 (6,77) | 21,45 (11,16) | 1,30 | Groot | 7 Oneerlik 3 Eerlik |
| Gesamentlik | 33,03 (6,41) | 21,94 (7,86) | 1,35 | Groot | |

* Standaardafwykings in hakies ** Staneges onder Aanpassing

## 14. Godsdiens (B.V.8)

$H_0$: Daar is geen verband tussen angs en houding ten opsigte van godsdiens nie.
$H_1$: Daar bestaan 'n verband tussen angs en houding ten opsigte van godsdiens.

| | |
|---|---|
| Wat is jou houding ten opsigte van godsdiens? | |
| Godsdiens het vir my geen waarde nie ................ | 1 |
| Godsdiens het vir my waarde ......................... | 2 |
| Godsdiens het vir my baie waarde .................... | 3 |
| Ek weet nie ......................................... | 4 |

Hierdie vraag is byna deurgaans dieselfde beantwoord. Die gemiddelde telling toon dat godsdiens vir die gemiddelde persoon in beide die hoë en lae angs populasies baie waarde gehad het. Verskille tussen gemiddeldes is nie beduidend nie.

Daar is geen verband tussen angs en houding ten opsigte van godsdiens gevind nie en $H_0$ is dus behou.

## 15. Morele Inslag (IVV 11)

$H_0$: Daar is geen verband tussen angs en morele inslag nie.
$H_1$: Daar is 'n verband tussen angs en morele inslag.

Die gemiddelde persoon in die hoë angspopulasie vir seuns het 'n stanege behaal wat aanduidend is van goeie aanpassing ten opsigte van morele inslag, terwyl die gemiddelde persoon in die lae angspopulasie se stanege dui op swak aanpassing. Hierdie verskil in gemiddeldes was nie beduidend nie. Die gemiddelde persoon in beide die hoë en lae angspopulasies vir dogters het staneges behaal wat aanduidend was van swak aanpassing. Die verskil in gemiddeldes was nie beduidend nie. Dit was opvallend dat in beide die seuns- en dogtersgroepe die gemiddelde

persoon in die lae angspopulasie swakker aangepas was ten opsigte van morele inslag as die gemiddelde persoon in die hoë angspopulasie.

Daar is geen verband tussen angs en morele inslag by die seuns, dogters en gesamentlike groep gevind nie. $H_0$ is dus behou.

16. **Leuenskaal** (IVV 13)

$H_0$: Daar is geen verband tussen angs en die IVV-leuenskaal nie.
$H_1$: Daar is 'n verband tussen angs en die IVV-leuenskaal.

Vir beide die seuns- en dogtersgroepe het die gemiddelde persoon in die hoë angspopulasies staneges behaal wat daarop dui dat hulle op 'n oneerlike basis sosiaal aanvaarbare response probeer gee het. Die gemiddelde persoon in die lae angspopulasies se staneges was aanduidend van meer eerlike antwoorde. Toe die effekgrootte vir die verskil in gemiddeldes by die seuns, dogters en gesamentlike groepe bereken is, is 'n groot praktiese beduidendheid gevind.

Daar is 'n positiewe verband tussen angs en die IVV-leuenskaal by die seuns, dogters en gesamentlike groep gevind. $H_0$ is dus ten gunste van $H_1$ verwerp.

**Samevatting van bevindinge**

Daar is geen verband tussen godsdiens en angs verkry nie. (B.V.8)

Daar is geen verband tussen morele inslag en angs verkry nie. (IVV 11)

'n Beduidende positiewe verband is tussen leuenvertellery en angs verkry by die seuns, die dogters, sowel as die gesamentlike groep. (IVV 13)

(b)Bespreking van resultate

**Implikasies van die bevindinge**

- **Leuenvertellery** kan as beduidende indikasie van die angsvlak teenwoordig, dien.
  * Angsvlak kan as beduidende voorspeller van leuenvertellery dien.
  * 'n Positiewe verband impliseer dat 'n toename in angs geassosieer word met 'n toename in leuenvertellery, en omgekeerd.
  * Die assosiasie dui nie noodwendig op 'n kousale verband nie.

In die geval van 'n kousale verband tussen die twee veranderlikes sou die afleiding gemaak kon word dat die kwaliteit van angs adolessente leuenvertellery beïnvloed. Hier figureer leuenvertellery dus as uitdrukking van die angspeil. Hierdie aanname word deur die literatuur ondersteun:
Die leuenskaal het ten doel om die adolessent se neiging tot die verdraaiing van antwoorde, deur sosiaal aanvaarbare response te gee, te meet (Joubert, 1981). Bendig (1959b) se navorsingsresultate dui daarop dat hoe meer bewus 'n persoon daarvan is dat hy angstig is, hoe groter sal sy poging wees om sosiaal wenslik op te tree. (Kyk 2.2.6.(b).) Dit wil dus voorkom of 'n onseker en nie-gevestigde persoonlikheidskern wat oorstroom word deur angs, nie die vertroue sal hê om besluite te neem wat teenstrydig is met die van 'n belangrike ander persoon nie. (Vergelyk 2.2.1.) Hierdie afleiding word deur die perspektiewe van Cattell (1961) en Thom (1984) bevestig. (Vergelyk 2.2.6.(b).)

Die afleiding sou ook gemaak kan word dat leuenvertellery die angspeil beïnvloed. Hier tree leuenvertellery dus veroorsakend op ten opsigte van die angspeil. Die rasionaal wat hieraan gekoppel kan word, is dat die persoon voortdurend waaksaam moet wees, sodat die waarheid nie ontbloot word nie. Die kliëntgesentreerde benadering (Meador & Rogers in Corsini, 1984) huldig dit dat angs veroorsaak word wanneer inkongruensie tussen die selfkonsep en die individu se totale ervaring dreig om in die bewuste vergestalt te word. (Kyk 2.1.2.1.(d).)

Godsdiens en morele inslag kan nie as beduidende indikasie van die angspeil dien nie, en angspeil ook nie as beduidende voorspeller van hierdie afhanklike veranderlikes nie.

3.7.4.8 Gesinsfunksionering en angs

(a) Resultate

Tabel 8

Vergelyking van Beroep van Vader, Verhouding met Vader, Verhouding met Moeder, Strafmaatreëls, Gesinsinvloede en Persoonlike Vryheid gemiddeldes ten opsigte van angs

| VERANDERLIKES | HOE ANGS POPULASIE | LAE ANGS POPULASIE | EFFEK-GROOTTE d. | PRAKTIESE BEDUIDENDHEID | AANPASSING (Joubert, 1981) (HOE ANGS) (LAE ANGS) |
|---|---|---|---|---|---|
| BEROEP VAN VADER (B.V.9) | | | | | |
| Seuns | 4,20 (2,28)* | 2,68 (2,05) | 0,70 | Groot | |
| Dogters | 3,55 (2,01) | 2,73 (2,05) | 0,40 | Medium | |
| Gesamentlik | 3,63 (2,03) | 2,67 (2,03) | 0,48 | Medium | |
| VERHOUDING MET VADER (B.V.10) | | | | | |
| Seuns | 1,20 (0,45)* | 1,08 (0,27) | 0,33 | Klein | |
| Dogters | 1,59 (1,02) | 1,00 (0,00) | 1,16 | Groot | |
| Gesamentlik | 1,53 (0,96) | 1,06 (0,24) | 0,78 | Groot | |
| VERHOUDING MET MOEDER (B.V.11) | | | | | |
| Seuns | 1,20 (0,45) | 1,03 (0,16) | 0,55 | Medium | |
| Dogters | 1,38 (0,73) | 1,00 (0,00) | 1,04 | Groot | |
| Gesamentlik | 1,35 (0,69) | 1,02 (0,14) | 0,80 | Groot | |

* Standaardafwyking in hakies.

| VERANDERLIKES | HOE ANGS POPULASIE | LAE ANGS POPULASIE | EFFEK-GROOTTE d. | PRAKTIESE BEDUIDEND HEID | AANPASSING ** (Joubert,1981) (HOE ANGS) (LAE ANGS) |
|---|---|---|---|---|---|
| STRAF-MAATREëLS (B.V.2) | | | | | |
| Seuns | 2,20 (1,10)* | 2,53 (0,92) | 0,33 | Klein | |
| Dogters | 2,21 (0,86) | 2,82 (0,98) | 0,66 | Groot | |
| Gesamentlik | 2,21 (0,88) | 2,59 (0,93) | 0,42 | Medium | |
| GESINSINVLOEDE (IVV 6) | | | | | |
| Seuns | 39,80 (12,19) | 50,87 (5,74) | 1,23 | Groot | 4 Goed 6 Goed |
| Dogters | 40,45 (11,73) | 52,91 (3,18) | 1,67 | Groot | 4 Goed 7 Goed |
| Gesamentlik | 40,35 (11,61) | 51,33 (5,31) | 1,30 | Groot | |
| PERSOONLIKE VRYHEID (IVV 7) | | | | | |
| Seuns | 36,60 (6,19)* | 41,87 (6,56) | 0,82 | Groot | 4 Goed 5 Goed |
| Dogters | 34,31 (9,10) | 38,00 (9,87) | 0,39 | Medium | 3 Swak 4 Goed |
| Gesamentlik | 34,64 (8,70) | 41,00 (7,50) | 0,79 | Groot | |

* Standaardafwykings in hakies   ** Staneges onder Aanpassing

17. Beroep van vader (B.V.9)

$H_0$: Daar bestaan 'n verband tussen angs en beroep van die vader.
$H_1$: Daar bestaan geen verband tussen angs en beroep van die vader nie.

Wat is die beroep van jou vader/stiefvader/voog wat vir jou verantwoordelik is? (Indien geen vader dan moeder)

| | |
|---|---|
| Professionele en semi-professionele werkers ........... | 1 |
| Administratiewe werkers ............................. | 2 |
| Klerklike werkers .................................. | 3 |
| Verkoopswerkers .................................... | 4 |
| Geskoolde ambagsmanne .. ......................... | 5 |
| Boere, tuiniers ........ ........................... | 6 |
| Persoonlike en huishoudelike dienswerkers ........... | 7 |
| Operateurs en halfgeskoolde werkers ................ | 8 |
| Ongeskoolde werkers ................................ | 9 |
| Pensioentrekkers ................................... | 10 |
| Geen beroep ........................................ | 11 |

Die gemiddelde persoon in die hoë angsgroep vir seuns het 'n telling van 4,20 behaal en die gemiddelde persoon in die lae angsgroep 2,68. Toe die effekgrootte van die verskil bereken is, is 'n praktiese beduidendheid gevind. Die gemiddelde tellings van die dogters en gesamentlike groepe het gevarieer tussen 2,6 en 3,6. Die effekgrootte van die verskille tussen die hoë en lae angspopulasies was hier nie prakties beduidend nie.

Daar is geen verband tussen angs en beroep van die vader by dogters, sowel as die gesamentlike groep gevind nie. Hier is $H_0$ dus behou.

Daar is 'n negatiewe verband tussen angs en beroep van die vader by seuns gevind. $H_0$ is dus hier ten gunste van $H_1$ verwerp.

18. Verhouding met vader (B.V.10)

$H_0$: Daar bestaan 'n verband tussen angs en verhouding met die vader.
$H_1$: Daar bestaan geen verband tussen angs en verhouding met die vader nie.

| | |
|---|---|
| Hoe sal jy jou verhouding met jou vader/stiefvader/voog beskrywe? (Indien oorlede, dan nie van toepassing) | |
| Goed .............................................. | 1 |
| Gemiddeld .......................................... | 2 |
| Swak ............................................... | 3 |
| Nie van toepassing ................................. | 4 |

Beide die hoë en lae angspopulasies seuns het 'n telling behaal wat hulle gemiddeld net verby keusemoontlikheid 1 geplaas het. Verskille hier was nie beduidend nie. Die gemiddelde persoon in die hoë angsgroep vir **dogters** het die verhouding met haar vader as effens swakker beskryf as die gemiddelde persoon in die lae angsgroep. Wanneer die effekgrootte van die verskil tussen gemiddeldes bepaal word, was die verskil beduidend. Die gemiddelde persoon in die **gesamentlike** hoë angs seuns-dogters-groep het 'n telling van 1,53 behaal, terwyl die gesamentlike lae angs groep 'n telling van 1,06 behaal het. Hierdie verskil was ook beduidend.

Daar is geen verband tussen angs en verhouding met die vader by seuns gevind nie. Die $H_0$ is hier dus behou.

Daar is 'n negatiewe verband tussen angs en verhouding met die vader by dogters sowel as by die gesamentlike groep gevind. $H_0$ is dus hier ten gunste van $H_1$ verwerp.

19. Verhouding met moeder (B.V.11)

$H_0$: Daar bestaan 'n verband tussen angs en verhouding met die moeder.
$H_1$: Daar bestaan geen verband tussen angs en verhouding met die moeder nie.

> Hoe sal jy jou verhouding met jou moeder/stiefmoeder/ voog beskrywe? (Indien oorlede, nie van toepassing)
>
> Goed .............................................. 1
> Gemiddeld .......................................... 2
> Swak .............................................. 3
> Nie van toepassing ................................. 4

Beide die hoë en lae angsgroep vir seuns het 'n telling behaal wat hulle gemiddeld net verby keusemoontlikheid 1 geplaas het. Die verskil in gemiddeldes was nie beduidend nie. Die gemiddelde persoon in die hoë angsgroep vir dogters het die verhouding met haar moeder effens swakker beskryf as die gemiddelde persoon in die lae angsgroep. Hier was die effekgrootte vir praktiese beduidendheid groot. In die gesamentlike groep het die gemiddelde hoë angs-persoon 'n telling van 1,35 behaal en die gemiddelde lae angs-persoon 1,02. Hierdie verskil was ook beduidend, toe die effekgrootte bereken is.

Daar is geen verband tussen angs en verhouding met die moeder by seuns gevind nie en $H_0$ is dus hier behou.

Daar is 'n negatiewe verband tussen angs en verhouding met die moeder by dogters, sowel as die gesamentlike groep gevind. Hier is $H_0$ dus ten gunste van $H_1$ verwerp.

**20. Strafmaatreëls in die huis** (B.V.12)

$H_0$: Daar is geen verband tussen angs en strafmaatreëls in die huis nie.
$H_1$: Daar is 'n verband tussen angs en strafmaatreëls in die huis.

| | |
|---|---|
| As kind word ek in die huis: | |
| Swaar gestraf ........................................ | 1 |
| Matig of gemiddeld gestraf ............................ | 2 |
| Min gestraf ........................................... | 3 |

Die gemiddelde persoon in die hoë angspopulasie vir **seuns**, en ook die gesamentlike groep, is swaarder gestraf as die gemiddelde persoon in die lae angspopulasie. Toe die effekgrootte vir verskille in gemiddeldes bereken is, was die verskil nie beduidend nie. Die gemiddelde persoon in die hoë angsgroep vir **dogters** is ook swaarder gestraf as die gemiddelde persoon in die lae angsgroep. Hier was die verskil in gemiddeldes beduidend. Dieselfde tendens wat bo bespreek is, was ook in die **gesamentlike** teenwoordig, hoewel die verskil in gemiddeldes nie beduidend was nie.

Daar is geen verband tussen angs en strafmaatreëls by die seuns, sowel as die gesamentlike groep gevind nie. Hier is $H_0$ dus behou.

Daar is 'n positiewe verband tussen angs en strafmaatreëls in die huis by dogters gevind. $H_0$ is dus hier ten gunste van $H_1$ verwerp.

21. Gesinsinvloede (IVV 6)

$H_0$: Daar is geen verband tussen angs en gesinsinvloede nie.
$H_1$: Daar is 'n verband tussen angs en gesinsinvloede.

Hoewel die gemiddelde persoon in beide die hoë en lae angspopulasies vir **seuns**, en die hoë en lae angspopulasies vir **dogters**, staneges behaal het wat dui op goeie aanpassing, was die verskil in gemiddeldes beduidend. Die gemiddelde persoon in die hoë angspopulasies se stanegetellings was nader aan die grens van swak aanpassing ten opsigte van gesinsinvloede as die gemiddelde persoon in die lae angspopulasies.

Daar is 'n negatiewe verband tussen angs en gesinsinvloede by die seuns, dogters en gesamentlike groep gevind. $H_0$ is dus in al drie gevalle ten gunste van $H_1$ verwerp.

**22. Persoonlike Vryheid (IVV 7)**

$H_0$: Daar is geen verband tussen angs en persoonlike vryheid nie.
$H_1$: Daar is 'n verband tussen angs en persoonlike vryheid.

Hoewel die gemiddelde persoon in beide die hoë en lae angspopulasies vir seuns staneges behaal het wat dui op goeie aanpassing ten opsigte van persoonlike vryheid, was die verskil in gemiddeldes beduidend. Die gemiddelde persoon in die hoë angspopulasie vir seuns se stanegetelling was nader aan die grens van swak aanpassing. Die gemiddelde persoon in die hoë angspopulasie vir dogters het 'n stanege behaal wat aanduidend was van swak aanpassing ten opsigte van persoonlike vryheid, terwyl die gemiddelde persoon in die lae angspopulasie se telling gedui het op goeie aanpassing. Toe die effekgrootte vir verskil in gemiddeldes bereken is, was hierdie verskil egter nie beduidend nie. In die gesamentlike groepering vir seuns en dogters was die verskil beduidend.

Daar is geen verband tussen angs en persoonlike vryheid by dogters gevind nie. $H_0$ is dus hier behou.

Daar is 'n negatiewe verband tussen angs en persoonlike vryheid by sowel die seuns as die gesamentlike groep gevind. Hier is $H_0$ dus ten gunste van $H_1$ verwerp.

**Samevatting van die bevindinge**

'n Beduidende negatiewe verband is tussen sosio-ekonomiese status en .die kwaliteit van angs by die seunsgroep,verkry. (B.V.9)

'n Beduidende negatiewe verband is tussen verhouding met die vader en die kwaliteit van angs by die dogters, sowel as die gesamentlike seuns-dogtergroep, verkry. (B.V.10)

'n Beduidende negatiewe verband is tussen verhouding met die moeder en die kwaliteit van angs by die dogters, sowel as die gesamentlike seuns-dogtersgroep verkry. (B.V.11)

'n Beduidende positiewe verband is tussen strafmaatreëls in die huis en die kwaliteit van angs by die dogtersgroep, verkry. (B.V.12)

'n Beduidende negatiewe verband is tussen gesinsinvloede en die kwaliteit van angs by die seuns, die dogters en die gesamentlike groep, verkry. (IVV 6)

'n Beduidende negatiewe verband is tussen persoonlike vryheid en die kwaliteit van angs by die seuns en die gesamentlike seuns-dogtersgroep, verkry. (IVV 7)

(b) Bespreking van die resultate

Implikasies van die bevindinge:

- Sosio-ekonomiese status, verhouding met die vader, verhouding met die moeder, gesinsinvloede en persoonlike vryheid kan as beduidende voorspellers van die angsvlak teenwoordig, dien.
  * Angsvlak kan as beduidende voorspeller van die aard van bogenoemde afhanklike veranderlikes dien.
  * 'n Negatiewe verband impliseer dat 'n toename in angs geassosieer word met 'n afname in sosio-ekonomiese status, persoonlike vryheid, 'n swakker verhouding met die vader, 'n swakker verhouding met die moeder, en disfunksionele gesinsinvloede, en omgekeerd.
  * Die assosiasie dui nie noodwendig op 'n kousale verband nie.

- Strafmaatreëls in die huis kan as beduidende indikasie van die angspeil dien.

* Angspeil kan as beduidende voorspeller van strafmaatreëls in die huis dien.
* 'n Positiewe verband impliseer dat 'n toename in angs geassosieer word met 'n toename van die strafmaatreëls in die huis, en omgekeerd.
* Die assosiasie dui nie noodwendig op 'n kousale verband nie.

In die geval van 'n kousale verband tussen angs en die afhanklike veranderlikes, sou die afleiding gemaak kon word dat gesinsfunksionering die angspeil van die adolessent beïnvloed. Hier tree gesinsfunksionering dus veroorsakend op ten opsigte van die angspeil. Hierdie aanname kan met bestaande literatuur in verband gebring word:
Vanweë die kragtige rol wat die ouers in die kind se lewe speel (Papalia & Olds, 1981; Meyer & Weyers, 1984; Arnold in Van Wyk et al., 1984), is dit noodwendig dat hulle sy emosionele belewenisse sal beïnvloed. Die dimensies wat Thom (1984) en Angyal (1973) bespreek, dui op twee basiese hanteringstrategieë wat angs by die adolessent kan ontlok. Vyandige optrede sluit onder andere verwerping, onrealistiese hoë eise, irrasionele kommunikasie soos deur Coleman et al. (1980) bespreek, in. Cattell (1961) en Moustakas (1965) huldig dit dat deprivasie van die sekuriteitsbehoefte 'n teelaarde vir angsbelewing bied. Beperking van outonomie sluit byvoorbeeld oorbeskerming en oorkontrolering soos Coleman et al. (1980) bespreek, in. (Vergelyk 2.2.7.)

### 3.7.4.9 Sosiale funksionering en angs

(a) Resultate

Tabel 9

Vergelyking van Sosialiteit: Algemeen, Teenoorgestelde Geslag en Dieselfde Geslag en Aspirasie ten opsigte van Leierskap gemiddeldes ten opsigte van angs

| VERANDERLIKES | HOE ANGS POPULASIE | LAE ANGS POPULASIE | EFFEK-GROOTTE d. | PRAKTIESE BEDUIDENDHEID | AANPASSING ** (Joubert,1981) (HOE ANGS) | (LAE ANGS) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| SOSIALITEIT: ALGEMEEN (IVV 8) | | | | | | |
| Seuns | 37,00 (3,74)* | 46,37 (5,33) | 2,07 | Groot | 4 Goed | 6 Goed |
| Dogters | 41,83 (10,07) | 48,00 (7,14) | 0,72 | Groot | 4 Goed | 6 Goed |
| Gesamentlik | 41,18 (9,53) | 46,73 (5,75) | 0,73 | Groot | | |
| SOSIALITEIT: TEENOORGESTELDE GESLAG (IVV 9) | | | | | | |
| Seuns | 33,60 (6,88) | 36,74 (7,33) | 0,44 | Medium | 4 Goed | 4 Goed |
| Dogters | 33,07 (7,95) | 35,27 (6,39) | 0,31 | Klein | 4 Goed | 4 Goed |
| Gesamentlik | 33,15 (7,71) | 36,41 (7,10) | 0,44 | Medium | | |

* Standaardafwykings in hakies ** Staneges onder Aanpassing

| VERANDERLIKES | HOE ANGS POPULASIE | LAE ANGS POPULASIE | EFFEK-GROOTTE d. | PRAKTIESE BEDUIDEND HEID | AANPASSING ** (Joubert,1981) (HOE ANGS) (LAE ANGS) |
|---|---|---|---|---|---|
| SOSIALITEIT: DIESELFDE GESLAG (IVV 10) | | | | | |
| Seuns | 38,00 (5,52)* | 36,92 (9,67) | 0,14 | Klein | 4 Goed 4 Goed |
| Dogters | 35,55 (5,99) | 36,36 (7,32) | 0,12 | Klein | 3 Swak 3 Swak |
| Gesamentlik | 35,9 (5,91) | 36,80 (9,13) | 0,12 | Klein | |
| ASPIRASIE tov.LEIERSKAP (B.V.13) | | | | | |
| Seuns | 1,40 (0,55)* | 1,29 (0,61) | 0,19 | Klein | |
| Dogters | 1,86 (0,69) | 1,45 (0,69) | 0,59 | Medium | |
| Gesamentlik | 1,79 (0,69) | 1,33 (0,63) | 0,70 | Groot | |

* Standaardafwyking in hakies

** Staneges onder Aanpassing

13. **Sosialiteit: Algemeen** (IVV 8)

$H_0$: Daar is geen verband tussen angs en algemene sosialiteit nie.
$H_1$: Daar is 'n verband tussen angs en algemene sosialiteit.

Hoewel die gemiddelde persoon in beide die hoë en lae angspopulasies vir seuns, en die hoë en lae angspopulasies vir dogters staneges behaal het wat dui op goeie aanpassing ten opsigte van algemene sosialiteit, was die verskil in gemiddeldes beduidend. Die gemiddelde persoon in die hoë angspopulasies se stanegetellings was nader aan die grens van swak aanpassing as die gemiddelde persoon in die lae angspopulasies.

Daar is 'n negatiewe verband tussen angs en algemene sosialiteit by die seuns, dogters en gesamentlike groep gevind. $H_0$ is dus in al drie gevalle ten gunste van $H_1$ verwerp.

23. **Sosialiteit: Teenoorgestelde geslag** (IVV 9)

$H_0$: Daar is geen verband tussen angs en sosialiteit met betrekking tot die teenoorgestelde geslag nie.
$H_1$: Daar is 'n verband tussen angs en sosialiteit met betrekking tot die teenoorgestelde geslag.

Die gemiddelde persoon in beide die hoë en lae angspopulasies vir seuns, en die hoë en lae angspopulasies vir dogters het staneges behaal wat dui op goeie aanpassing ten opsigte van sosialiteit met betrekking tot die teenoorgestelde geslag. Toe die effekgrootte bereken is, was die verskil in gemiddeldes vir beide die seuns, dogters en gesamentlike groep nie beduidend nie.

Daar is geen verband tussen angs en sosialiteit met betrekking tot die teenoorgestelde geslag by die seuns, dogters en gesamentlike groep gevind nie. $H_0$ is dus hier behou.

25. **Sosialiteit: Dieselfde geslag** (IVV 10)

$H_0$: Daar is geen verband tussen angs en sosialiteit met betrekking tot dieselfde geslag nie.
$H_1$: Daar is 'n verband tussen angs en sosialiteit met betekking tot dieselfde geslag.

Die gemiddelde persoon in beide die hoë en lae angspopulasies vir seuns het staneges behaal wat dui op goeie aanpassing ten opsigte van sosialiteit met betrekking tot dieselfde geslag. Verskil in gemiddeldes was hier nie beduidend nie. Die gemiddelde persoon in beide die hoë en lae angspopulasies vir dogters het staneges behaal wat aanduidend was van swak aanpassing ten opsigte van sosialiteit met betrekking tot dieselfde geslag. Toe die effekgrootte bereken is, is hier, en ook by die gesamentlike groep, geen beduidendheid gevind nie.

Daar is geen verband tussen angs en sosialiteit met betrekking tot dieselfde geslag by die seuns, dogters en gesamentlike groep gevind nie. $H_0$ is dus hier behou.

26. Aspirasie ten opsigte van leierskap (B.V.13)

$H_0$: Daar is geen verband tussen angs en aspirasie ten opsigte van leierskap nie.
$H_1$: Daar is 'n verband tussen angs en aspirasie ten opsigte van leierskap.

| Wil jy graag die leier van 'n groep of span wees? | |
|---|---|
| Ja ................................................ | 1 |
| Ek weet nie ...................................... | 2 |
| Nee ............................................... | 3 |

Toe die verskille tussen die gemiddeldes van die seuns-en dogtersgroepe afsonderlik bereken is, was die effekgrootte onbeduidend. In die gesamentlike groepering het die gemiddelde persoon in die hoë angspopulasie 'n telling van 1,79 en in die lae angspopulasie 'n telling van 1,33 behaal. Hierdie verskil in gemiddeldes was beduidend.

Daar is geen verband tussen angs en aspirasie ten opsigte van leierskap by die aparte seuns- en dogtersgroepe gevind nie. $H_0$ is dus hier behou.

Daar is 'n negatiewe verband tussen angs en aspirasie ten opsigte van leierskap by die gesamentlike seuns- en dogters-groep gevind. $H_0$ word hier dus ten gunste van $H_1$ verwerp.

**Samevatting van die bevindinge**

'n Beduidende negatiewe verband is tussen **sosialiteit: algemeen** en die kwaliteit van angs by die seuns, die dogtersgroep, en die gesamentlike groep, verkry. (IVV 8)

Daar is geen verband tussen **sosialiteit: teenoorgestelde geslag** en die kwaliteit van angs verkry nie. (IVV 9)

Daar is geen verband tussen **sosialiteit: dieselfde geslag** en die kwaliteit van angs verkry nie. (IVV 10)

'n Beduidende negatiewe verband is tussen **aspirasie om 'n leier te word** en die kwaliteit van angs by die gesamentlike seuns-dogtersgroep, verkry. (B.V.13)

**(b) Bespreking van resultate**

**Implikasies van die bevindinge**

- **Sosialiteit: algemeen** en **aspirasie om 'n leier te word** kan as beduidende voorspellers van die angsvlak teenwoordig, dien.
  * Angsvlak kan as beduidende indikasie van bogenoemde afhanklike veranderlikes dien.

* 'n Negatiewe verband impliseer dat 'n toename in angs geassosieer word met 'n afname in die aspirasie om 'n leier te word en ook in sosialiteit: algemeen, en omgekeerd.
* Die assosiasie dui nie noodwendig op 'n kousale verband nie.

In die geval van 'n kousale verband tussen angs en die afhanklike veranderlikes, sou die afleiding gemaak kon word dat sosiale funksionering die adolessent se angspeil beïnvloed. Hier tree sosiale funksionering dus veroorsakend op ten opsigte van die angspeil. Hierdie aanname kan met bestaande literatuur in verband gebring word:
Tydens die adolessente ontwikkelingstaak om meer selfstandig te word, rig hy hom al meer na die sosiale omgewing buite sy ouerhuis (Gerdes et al. 1981 en Van der Westhuyzen et al. 1984). Sodoende speel sosiale aanvaarding 'n belangrike rol in die adolessent se selfbeoordeling (Thom, 1984), wat hom dus besonder kwesbaar maak vir verwerping op hierdie terrein. Enersyds is dit sosiale verwerping en andersyds belemmering om hierdie sosiale ondersteuningsbande te vorm, wat bydra tot die kristallisering van angs. (Vergelyk 2.2.8.(a).)

Die afleiding sou ook gemaak kan word dat die kwaliteit van angs die adolessent se sosiale funksionering beïnvloed. Hier figureer sosiale funksionering dus as uitdrukking van die angspeil. Hierdie aanname word ook deur bestaande literatuur ten opsigte van leierskapseleksie ondersteun:
- Die adolessent voel dat sy leiers hom moet verteenwoordig in die samelewing en daarom stel hy hoë eise aan sy leiers. Ferguson (1977) en Hurlock (1980) gee aanduidings van die eienskappe waaroor leiers moet beskik. Hieruit kan afgelei word dat dit onwaarskynlik is dat 'n angstige persoon die wens sal hê om hierdie ekstroverte rol te vervul. (Kyk 2.2.8.(a).)
- Uit Hurlock (1980) kan afgelei word dat angstige persone so besig is om hul eie probleme op te los en angs af te weer, dat daar nie energie beskikbaar is vir hul onmiddellike omgewing nie. Leiers kan hul energie uitwaarts rig en die belange van die groep op die hart dra.

Sosialiteit: teenoorgestelde geslag en sosialiteit: dieselfde geslag kan nie as beduidende indikasie van die angspeil dien nie en die angspeil ook nie as beduidende voorspellers van hierdie afhanklike veranderlikes nie.

### 3.7.4.10 Samevatting van resultate

Tabel 10

SAMEVATTING VAN DIE VERBAND TUSSEN ANGS EN ALGEMENE PERSOONLIKHEIDSFUNKSIONERING

| | AFHANKLIKE VERANDERLIKES | SEUNS | DOGTERS | GESAMENTLIK |
|---|---|---|---|---|
| IVV 1 | Selfvertroue | | x | x |
| IVV 2 | Eiewaarde | | | |
| IVV 3 | Selfbeheersing | | | |
| IVV 4 | Senuweeagtigheid | x | x | x |
| B.V.1 | Liggaamlike voorkoms | x | x | x |
| B.V.2 | Gesondheidstoestand | | x | x |
| IVV 5 | Gesondheid | x | x | x |
| B.V.3 | Aktiwiteitsdeelname | | x | |
| B.V.4 | Sportprestasie | x | | x |
| NSAG | Totale intelligensietelling | x | x | |
| B.V.5 | Skoolprestasie | | x | |
| B.V.6 | Druipfrekwensie | | x | |
| B.V.7 | Geleerdheid | | x | x |
| B.V.8 | Godsdiens | | | |
| IVV 11 | Morele Inslag | | | |
| IVV 13 | Leuenskaal | x | x | x |
| B.V.9 | Beroep van vader | x | | |
| B.V.10 | Verhouding: vader | | x | x |
| B.V.11 | Verhouding: moeder | | x | x |
| B.V.12 | Strafmaatreëls | | x | |
| IVV 6 | Gesinsinvloede | x | x | x |
| IVV 7 | Persoonlike Vryheid | x | | x |
| IVV 8 | Sosialiteit Algemeen | x | x | x |
| IVV 9 | Teenoorgestelde geslag | | | |
| IVV 10 | Dieselfde geslag | | | |
| B.V.13 | Aspirasie - leierskap | | | x |

x = Verband tussen angs en algemene persoonlikheidsfunksionering soos in hierdie ondersoek gevind

In die dogtersgroep is daar 'n verband tussen angs en 15 van die persoonlikheidsveranderlikes gevind. By die seunsgroep is die verband by net agt veranderlikes aangetref. Hierdie verskil tussen seuns en dogters kan in verband gebring word met literatuur wat aantoon dat dogters konsekwent 'n hoër angspeil as seuns handhaaf. (Vergelyk 3.7.4.1.) Daar sou enersyds afgelei kan word dat dogters sensitief is vir 'n wyer verskeidenheid persoonlikheidsveranderlikes ten opsigte van die beïnvloeding van die angspeil. Die afleiding sou ook gemaak kan word dat angspeil by dogters in 'n wyer verskeidenheid persoonlikheidsveranderlikes uitdrukking vind as by seuns.

Daar is slegs drie persoonlikheidsveranderlikes by seuns waar 'n verband met angs aangetoon is, wat nie by dogters aangetoon kon word nie. Hierdie drie veranderlikes is "Sportprestasie", "Beroep van vader" en "Persoonlike vryheid". Daar kan dus afgelei word dat hierdie drie veranderlikes 'n belangriker rol ten opsigte van angspeil by seuns as by dogters speel.

Veranderlikes waar daar by beide die seuns- en die dogtersgroep 'n verskil tussen die hoë angs en lae angs populasies was, is: "Senuweeagtigheid", "Gesondheid", "Intelligensie", "Leuenvertellery", "Gesinsinvloede" en "Sosialiteit Algemeen".

Persoonlikheidsveranderlikes wat net by die dogtersgroep 'n verband met angs getoon het, is: "Selfvertroue", "Gesondheidstoestand", "Aktiwiteitsdeelname", "Skoolprestasie", "Druipfrekwensie", "Houding ten opsigte van geleerdheid", "Verhouding met vader", "Verhouding met moeder" en "Strafmaatreëls in die huis".

Wat opvallend was uit hierdie resultate is dat, by die dogtersgroep, dit veral skolastiese en gesinsfunksionering was wat 'n beduidende verband met angs getoon het.

As die resultate van die seuns-, die dogters- en die gesamentlike groepe in ag geneem word, het byna al die afhanklike veranderlikes 'n verband met angs getoon. Hierdie neiging dui daarop dat angs 'n besonder

belangrike rol in die algemene persoonlikheidsfunksionering van die Vrystaatse adolessent speel.

### 3.7.4.11 Slotopmerking en aanbevelings

Na afloop van die bespreking van die resultate kan gesê word dat hierdie studie in sy doel geslaag het:

1. Daar is verskille in persoonlikheidsfunksionering tussen adolessente wat baie angs ervaar en die wat min angs ervaar, aangetref.
2. Daar is bepaal dat hoë angs deels met soortgelyke, en deels met verskillende persoonlikheideienskappe by die twee geslagte verband hou.
3. Die voorkomssyfer van hoë angs in die adolessente populasie is vasgestel op 3,4% en daar is bepaal dat meer dogters as seuns 'n hoë angspeil handhaaf.

#### Aanbevelings

In die lig van die navorsingsresultate word die volgende aanbevelings gemaak:

1. Indien 'n hoë angspeil by adolessente teenwoordig is, word voorgestel dat terapeutiese ingrepe rakende die velde wat tans geïdentifiseer is, oorweeg word.
2. Navorsing waar die angspeil voor en na afloop van 'n terapeutiese program gemonitor word.
3. Soortgelyke navorsing wat die verband tussen angs en algemene persoonlikheidsfunksionering ondersoek, maar dit uitbrei na ander provinsies, kultuur- en ouderdomsgroepe.
4. Navorsing wat die oorsaaklike verband van die hoë frekwensie van Afrikaanssprekende Vrystaatse dogters wat hoë angs ervaar, bepaal.

## OPSOMMING

Angs manifesteer voortdurend in die totale spektrum van die psigiese funksionering van die mens. Gesonde angs kan bydra tot die ontplooiing van die ontwikkelingstake in die persoonlikheid, terwyl patologiese angs tot destruktiwiteit in die persoonlikheid kan lei. Wanneer gekyk word na die lewenssiklus, bereik die angspeil 'n hoogtepunt gedurende adolessensie. Hierdie tendens maak van angs soveel te meer 'n sentrale tema in die bestudering van die persoonlikheidsfunksionering van die adolessent.

Die doel van hierdie studie was drieledig van aard:

- 1. Om te bepaal of daar verskille in persoonlikheidsfunksionering tussen adolessente wat baie angs ervaar en die wat min angs ervaar, aangetref word.

- 2. Om te bepaal of hoë angs en lae angs met soortgelyke persoonlikheidseienskappe by die twee geslagte verband hou.

- 3. Die voorkomssyfer van hoë angs in die adolessente-populasie vas te stel, en ook om te bepaal of daar enige verskille in die voorkomssyfer by seuns en dogters aangetref word.

Die trekbenadering van Cattell dien as verwysingsraamwerk in hierdie studie. In die literatuuroorsig word aandag aan sy siening van persoonlikheid en angs geskenk. Cattell definieer persoonlikheid as dit wat mens in staat stel om gedrag in 'n gegewe situasie te voorspel. Hierdie definisie dien as kriterium om die term "algemene persoonlikheidsfunksionering" af te baken. Die operasionalisering van die term "angs" rugsteun op Cattell se tweede-orde angsfaktor. Die belangrikste eerste-orde faktore waaruit dit bestaan is $Q_4+$, Gespannenheid; $O+$, Geneigdheid tot skuldgevoelens; $Q_3-$, Gebrekkige selfsentimentontwikkeling en $C-$, Gebrekkige ego.

Bestaande literatuur en navorsingsbevindige oor die verband tussen angs en algemene persoonlikheidsfunksionering, word onder die volgende hoofde bespreek: Persoonlike verhoudinge, Fisiese gesondheid, Vryetydsbesteding, Intellektuele funksionering, Skolastiese funksionering, Morele funksionering, Gesinsfunksionering en Sosiale funksionering. Dit het deurgaans geblyk dat 'n hoë angspeil algemene persoonlikheid negatief beïnvloed.

Die Afrikaanssprekende standerd sewe-leerlinge van hoërskole in die OVS wat die Zastron Buitelugskool in 1986 bygewoon het, is as populasie gekies. Data is ingesamel deur psigometriese vraelyste, die HSPV en IVV, asook 'n biografiese vraelys wat deur die Zastron Buitelugskool afgeneem is. Vraelyste is ook aan elke skool gestuur, waarop die intelligensiekwosiënt, soos gemeet deur die NSAG, en die gemiddelde skoolprestasie van elke leerling ingevul is. Aangesien die volledige populasie beskikbaar was, is van beskrywende statistiese metodes gebruik gemaak om die data te ontleed.

Resultate dui daarop dat daar verskille in persoonlikheidsfunksionering tussen adolessente wat baie angs ervaar en die wat min angs ervaar, teenwoordig is. Daar is ook bepaal dat hoë angs deels met soortgelyke, en deels met verskillende persoonlikheidseienskappe by die twee geslagte korreleer:

Persoonlikheidsveranderlikes wat slegs by die seunsgroep 'n verband met angs getoon het, is: "Sportprestasie", "Beroep van vader" en "Persoonlike vryheid". Persoonlikheidsveranderlikes waar daar by beide die seuns- en dogtersgroep 'n verskil tussen die hoë angs en lae angs populasies was, is: "Senuweeagtigheid', "Gesondheid", "Intelligensie", "Leuenvertellery", "Gesinsinvloede" en "Sosialiteit: Algemeen". Persoonlikheidsveranderlikes wat net by die dogtersgroep 'n verband met angs getoon het, is: "Selfvertroue", "Gesondheidstoestand", "Aktiwiteitsdeelname", "Skoolprestasie", "Druipfrekwensie", "Houding ten opsigte van geleerdheid", "Verhouding met vader", "Verhouding met moeder" en "Strafmaatreëls in die huis".

Uit die bevindinge het dit geblyk dat daar byna ses keer meer dogters as seuns is wat aan die kriterium van hoë angs voldoen het. Resultate in hierdie studie het ook daarop gedui dat 3,4% adolessente uit 'n populasie van 1006 aan die kriterium van hoë angs voldoen het.

Verdere navorsing, soos om soortgelyke studies na ander provinsies, kultuur- en ouderdomsgroepe uit te brei, die angspeil te monitor voor en na afloop van terapeutiese programme in die velde wat tans geidentifiseer is, en die oorsaaklike verband van die hoë frekwensie Afrikaanssprekende Vrystaatse dogters wat hoë angs ervaar, te bepaal, word in die lig van hierdie studie aanbeveel.

## ABSTRACT


Anxiety continually manifests itself in the total spectrum of the psychological functioning of man. Healthy anxiety can contribute to the growth of the developmental tasks in the personality, whilst pathological anxiety can lead to destructivity in the personality. When reviewing the life cycle it is apparent that anxiety peaks during adolescence. This tendency underlines the importance of making a study of the functioning of the adolescent personality.

The purpose of this study was threefold:

- 1. To determine whether there are differences in personality functioning between adolescents experiencing a great deal of anxiety and those experiencing little anxiety.

- 2. To determine whether high anxiety and low anxiety are related to similar personality attributes in the two sexes.

- 3. To determine the incidence of high anxiety in the adolescent population as well as establishing the differences, if any, in the manifestation of anxiety in boys and girls.

Cattell's trait approach serves as frame of reference in this study. In the literature study attention is paid to his view of personality and anxiety. Cattell defines personality as that which enables a person to predict behaviour in a particular situation. This definition serves as criterium to demarcate the term "general functioning of personality". The operationalization of the term 'anxiety" is supported by Cattell's second order anxiety factor. The main first order factors out of which it is composed are $Q_4+$, Ergic tension; $O+$, Guilt proneness; $Q_3-$, Low integration and C-, Lower ego strength.

Current literature and research results on the relation between anxiety and general personality functioning are discussed under the following headings: Personal relations, Physical health, Recreation, Intellectual functioning, Scholastic functioning, Moral functioning, Family functioning and Social functioning. It was evident throughout that a high anxiety level has a negative effect on general personality.

The Afrikaans speaking standard seven pupils of high schools in the OFS, who attended the Zastron Open Air School in 1986, were chosen as population. Data was collected by means of psychometric questionnaires, the HSPQ and IRQ, as well as the biographical questionnaire used by the Zastron Open Air School. Questionnaires were also sent to every school to supply the intelligence quotient, as measured by the NSAGT, and the average scholastic achievement of every pupil. Seeing that the entire population was available, descriptive statistical methods were used to analyse the data.

Results indicate that there are differences in personality functioning between adolescents experiencing a great deal of anxiety and those experiencing little anxiety. It was also determined that high anxiety correlates partly with similar and partly with different personality traits in the two sexes.

Personality variables showing a relation with anxiety in the case of the boys' group only are: "Achievement in sports", "Father's occupation" and "Personal freedom". Personality variables showing a difference in the boys' as well as the girls' high and low anxiety groups are: "Nervousness", "Health", "Intelligence", "Lying", "Family influences", and "Sociability: General". Personality variables showing a relation with anxiety in the girls' group only are: "Self confidence", "State of health", "Activity participation", "Scholastic achievement", "Frequency of failure", "Attitude towards learning", "Relationship with father", "Relationship with mother" and "Punitive measures in the home".

From the findings there proved to be nearly six times as many girls as boys meeting the criterium for a high anxiety level. Results in this study

also indicated that 3,4% of adolescents from a population of 1006 met the criterium for high anxiety.

Further research, for instance doing similar studies in other provinces, with other cultural and age groups, monitoring the anxiety level before and after the conclusion of therapeutic programmes in the fields that have now been identified, and determining the causal relation of the high frequency of Afrikaans speaking Free State girls experiencing a high level of anxiety, is recommended in the light of this study.

# BIBLIOGRAFIE


ADAMS, J.F. 1977. Adolescent personality: an overview. (In Wolman, B.B., red. International encyclopedia of psychiatry, psychology, psychoanalysis and neurology, 1:258-260.)

AINSWORTH, S. & FRASER, J. 1986. If your child stutters: a guide for parents. Based on a Conference of the Speech Foundation of America (Oahu, Hawaii, Dec. 27, 1976 - Jan. 4, 1977). Memphis, Tenn.: Speech Foundation of America. 49 p.

ALLEN, M.G. 1967. Childhood experience and adult personality: a cross cultural study using the concept of ego strength. **Journal of Social Psychology**, 71(1):53-68.

ALLPORT, G.W. 1937. Personality: a psychological interpretation. New York : Holt. 588 p.

AMERICAN PSYCHIATRIC ASSOCIATION. 1980. Diagnostic and statistical manual of mental disorders. 3rd ed. Washington, DC : APA. 494 p.

AMERICAN PSYCHIATRIC ASSOCIATION. 1987. Diagnostic and statistical manual of mental disorders. 3rd ed., rev. Washington, DC : APA. 567 p.

ANGYAL, A. 1973. Neurosis and treatment: a holistic theory. New York : Wiley. 328 p.

BARNETT, L.A. 1984. Research note: young children's resolution of distress through play. **Journal of Child Psychology and Psychiatry**, 25(3):477-483, Jul.

BENDIG, A.W. 1959a. College norms for and concurrent validity of Cattell's IPAT Anxiety Scale. **Psychological Newsletter**, 10:263-267.

BENDIG, A.W. 1959b. 'Social desirability' and 'anxiety' variables in the IPAT Anxiety Scale. **Journal of Consulting Psychology**, 23:377.

BENDIG, A.W. 1960. Age related changes in covert and overt anxiety. **Journal of General Psychology**, 62:159-163.

BRAMMER, L.M. & SHOSTROM, E.L. 1961. Therapeutic psychology: fundamentals of counseling and psychotherapy. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall. 447 p.

BYRD, E. 1959. Measured anxiety in old age. **Psychological Reports**, 5:439-440.

CATTELL, R.B. 1950a. Personalty : a systematic, theoretical and factual study. New York : McGraw-Hill. 689 p.

CATTELL, R.B. 1950b. An introduction to personality study. New York : Hutchinson's University Library. 235 p.

CATTELL, R.B. 1965. The scientific analysis of personality. Middlesex : Penguin. 399 p.

CATTELL, R.B. 1966. The scientific analysis of personality. Chicago : Adline. 399 p.

CATTELL, R.B., CATTELL, D.L., MADGE, E.M. & DU TOIT, L.B. 1982. Handleiding vir die JR.-SR. Hoërskoolpersoonlikheidsvraelys (HSPV). Pretoria : RGN. 42 p.

CATTELL, R.B., RAO, D.C. & SCHUERGER, J.M. 1985. Heritability in the personality control system: ego strength (C), super ego strength (G) and the self/sentiment ($Q_3$), by the MAVA model, Q-data and maximum likelihood analyses. **Social Behavior and Personality**, 13:(1):33-41.

CATTELL, R.B. & SCHEIER, I.H. 1961. The meaning and measurement of neuroticism and anxiety. New York : Ronald Press. 535 p.

CATTELL, R.B., SCHEIER, I.H. & MADGE, E.M. 1986. Handleiding vir die IPAT-Angsskaal. Pretoria : Nasionale Buro vir Opvoeding en Maatskaplike Navorsing. 25 p.

COHEN, J. 1977. Statistical power analysis for the behavioral sciences. Orlando : Academic Press. 474 p.

COLEMAN, J.C., BUTCHER, J.N. & CARSON, R.C. 1980. Abnormal psychology and modern life. 6th ed. Glenview, Ill. : Scott, Foresman & Co. 702 p.

COLOMBEK, H., WILKES, J.& FROESE, A.P. 1978. The development challenges of adolescence. (In Steinhauer, P.D. & Rae Grant, Q., **reds.** Psychological problems of the child and his family. Toronto : MacMillan. p. 29-48.)

CORSINI, R.J. 1984. Current psychotherapies. 3rd ed. Itasca, Ill. : Peacock. 195 p.

DE WET, J.J., MONTEITH, J.L.de K., STEYN, H.S., & VENTER, P.D. 1981. Navorsingsmetodes in die opvoedkunde: 'n inleiding tot empiriese navorsing. Durban : Butterworth. 348 p.

DOCKING, R.A. & THORNTON, J.A. 1979. Anxiety and the school experience. Canberra : Australian Education Research and Development Committee. 23 p.

DSM III
kyk
AMERICAN PSYCHIATRIC ASSOCIATION

EICHORN, D.H. 1977. Personality development: stability of traits. (In Wolman, B.B., **red.** International encyclopedia of psychiatry, psychology, psychoanalysis and neurology, 8:305-307.)

ELLIS, D.W. & DAVIS, L.T. 1982. The development of self-concept boundaries across the adolescent years. **Adolescence**, 17(67):695-710, Fall.

EVAN, C.S. 1977. Preserving the person. Michigan : Baker. 177 p.

EWEN, R.B. 1984. Personality theories. (In Corsini, R.J., **red.** Encyclopedia of psychology, 3:19-23.)

EYSENCK, H.J. 1961. The effects of psychotherapy. (In Eysenck, H.J., **red.** Handbook of normal psychology: an experimental approach. New York : Basic Books. 816 p.)

FERGUSON, L.R. 1977. Personality development in childhood. (In Wolman, B.B., **red.** International encyclopedia of psychiatry, psychology, psychoanalysis and neurology, 8:307-311.)

FRANKL, V.E. 1978. Waarom lewe ek? Pretoria : Hollandsch Afrikaansche Uitgevers Maatschappij. 125 p.

FRANZOI, S.L. 1982. Private self-consciousness as an adaptation strategy. (Paper presented at the Annual Meeting of the Western Psychological Association, 62nd, Sacramento, CA, April 7-11.) 39 p. (ED255849)

FREUD, S. 1965. New introductory lectures on psycho-analysis. London : Hogarth Press. 202 p.

GAUDRY, E. & FITZGERALD, D. 1971. Test anxiety, intelligence and academic achievement. (In Gaudry, E. & Spielberger, C.D. Anxiety and educational achievement. Sydney : Wiley. p.155-162.)

GAUDRY, E. & SPIELBERGER, C.D. 1971. Anxiety and educational achievement. Sydney : Wiley. 174 p.

GELDER, M., GATH, D. & MAYOU, R. 1983. Oxford textbook of psychiatry. Oxford : Oxford University Press. 883 p.

GERDES, L.C. 1984. Volwassenheid. (In Louw, D.A., Gerdes, L.C. & Meyer, W.F. Menslike ontwikkeling. Pretoria : HAUM. p.413-475.)

GERDES, L.C., OCHSE, R., STANDER, C. & VAN EEDE, D. 1981. Die ontwikkelende volwassene. Pretoria : Butterworth. 369 p.

GOLDENSON, R.M. 1970. The encyclopedia of human behavior: psychology, psychiatry and mental health, vol 2. New York : Doubleday. 1472 p.

GUILFORD, J.P. 1959. Personality. New York : McGraw-Hill. 562 p.

HALLAHAN, D.P. & KAUFFMAN, J.M. 1982. Exceptional children: introduction to special education. 2nd ed. London : Prentice-Hall. 473 p.

HARTMAN, B.W. et al. 1985. A path-analytic model of career indecision. Vocational Guidance Quarterly, 33(3):231-240, Mar.

HILL, M.A. 1984. BMDP user's digest: a condensed guide to the BMDP computer programs. 3rd ed. Los Angeles : BMDP Statistical Software Inc. 177 p.

HOLDSTOCK, T.L. & ROGERS, C.R. 1983. Person centred therapy. (In Corsini, R.J. & Marsella, A.J. Personality theories, research and assessment. Itasca, Ill. : Peacock. p.189-227.)

HORNEY, K. 1957. The neurotic personality of our time. London : Routledge & Kegan Paul. 299 p.

HOROWITZ, M.J. 1984. Anxiety disorders. (In Goldman, H.H., red. Review of general psychiatry. Los Altos, CA.: Lange. 696 p.)

HURLOCK, E.B. 1968. Developmental psychology: a life-span approach. 3rd ed. New York : McGraw-Hill. 926 p.

HURLOCK, E.B. 1980. Developmental psychology: a life span approach. 4th ed. New York : McGraw-Hill. 395 p.

HUYSAMEN, G.K. 1980. Beginsels van sielkundige meting. Pretoria : Academica. 212 p.

HUYSAMEN, G.K. 1980a. Beskrywende statistiek vir die sosiale wetenskappe. Pretoria : Academica. 107 p.

HUYSAMEN, G.K. 1980b. Inferensiële statistiek en navorsingsontwerp: 'n inleiding. 2de hers. uitg. Pretoria : Academica. 315 p.

HUYSAMEN, G.K. 1983. Inferensiële statistiek en navorsingsontwerp: 'n inleiding. 3de hers. uitg. Pretoria : Academica. 232 p.

JOHNSON, M.R. 1980. Anxiety reduction through fantasy in chronically ill and normal children. (Paper presented at the Annual Convention of the American Psychological Association, 99th, Montreal, Quebec, Canada, September 1-5, 1980.) (ED195868.)

JOHNSON, M.R. 1982. Health, health beliefs, and body image in school-aged girls. (Paper presented at the Annual Meeting of the American Psychological Association, 90th, Washington, DC, Aug. 23-27, 1982.) (ED223360.)

JOUBERT, M. 1981. Handleiding vir die Interpersoonlike Verhoudingevraelys (IVV). Pretoria : RGN. 52 p.

KAPLAN, H.I. & SADOCK, B.J. 1981. Modern synopsis of Comprehensive textbook of psychiatry - III. 3rd ed. New York : New York University School of Medicine. 1034 p.

KAPLAN, H.I. & SADOCK, B.J. 1985. Modern synopsis of Comprehensive textbook of psychiatry - IV. 4th ed. Baltimore : Williams & Wilkens. 937 p.

KELLERMAN, J., ZELTZER, L., ELLENBERG, L., DASH,J. & RIGLER, D. 1980. Psychological effects of illness in adolescence. 1:Anxiety, self-esteem, and perception of control. **The Journal of Pediatrics** , 97(1):126-131.

KOBASA, S.C. & MADDI, S.R. 1983. Existential personality theory. (In Corsini, R.J. & Marsella, A.J. Personality theories, research and assessment. Itasca, Ill. : Peacock. p.339-446.)

KROGER, J. 1985. Separation-individuation and ego identity status in New Zealand university students. **Journal of Youth and Adolescence**, 14(2):133-145, Apr.

KULEWICZ, S. 1981. The children, not the games. **Journal of Physical Education and Recreation**, 52(4):67-69, Apr.

LEWIS, B.L. & KHAW, K.-T. 1982. Family functioning as a mediating variable affecting psychosocial adjustment of children with cystic fibrosis. **The Journal of Pediatrics**, 101(4):636-640.

LILLISTON, L.E. & BROWN, P.M. 1981. Perceived effectiveness of religious solutions to personal problems. **Journal of Clinical Psychology**, 37(1):118-122, Jan.

MAAS, F. 1975. Die persoonlikheidsteorie van Cattell. Pretoria : RGN. 82 p.

MADGE, E.M. & DU TOIT, L.B.H. 1982. 'n Samevatting van die bestaande kennis in verband met die primêre persoonlikheidsfaktore wat deur die Persoonlikheidsvraelys vir Kinders (PVK), die Hoërskool-Persoonlikheidsvraelys (HSPV) en die Sestien-Persoonlikheidsvraelys (16-PF) gemeet word. (Byvoegsel tot die handleiding vir die PVK, HSPV en 16-PF.) Pretoria : RGN. 50 p.

MADGE, E.M. & VAN DER WESTHUIZEN, J.G. 1978. Die Nuwe Suid-Afrikaanse Indiwiduele Skaal as kliniese hulpmiddel. Pretoria : RGN, Instituut vir Psigometriese Navorsing. 38 p.

MARSELLA, A.J. & CORSINI, R.J. 1983. A selection of personality theories. (In Corsini, R.J. & Marsella, A.J. Personality theories, research and assessment. Itasca, Ill. : Peacock. p.331-389.)

MARSELLA, A.J. & YANG, A.L. 1983. Personality research: anxiety, aggression and locus of control. (In Corsini, R.J. & Marsella, A.J. Personality theories, research and assessment. Itasca, Ill. : Peacock. p.635-669.)

MAY, R. 1977. The meaning of anxiety. Rev. ed. New York : Norton. 448 p.

MAY, R. & YALOM, I. 1984. Existential psychotherapy. (In Corsini, R.J. Current psychotherapies. 3rd ed. Itasca, Ill. : Peacock. p.354-391.)

MEADOR, B.D. & ROGERS, C.R. 1984. Person-centered therapy. (In Corsini, R.J. Current psychotherapies. 3rd ed. Itasca, Ill. : Peacock. p.142-195.)

MEFFERD, R.B. 1979. How much anxiety is "normal"? (In Fann, W.E., Faracan, I., Porkony, A.D. & Williams, R.L., reds. Phenomenology and treatment of anxiety. New York : SP Medical & Scientific Books. p.59-78.)

MEYER, W.F. 1984. Ontwikkelingsteorieë. (In Louw, D.A., Gerdes, L.C. & Meyer, W.F. Menslike ontwikkeling. Pretoria : HAUM. p.105-148.)

MEYER, W.F. & WEYERS, A. 1984. Basiese konsepte van die ontwikkelingspsigologie. (In Louw, D.A., Gerdes, L.C. & Meyer, W.F. Menslike ontwikkeling. Pretoria : HAUM. p.1-51.)

MINEAR, J.D & BRUSH, L.R. 1980. The correlations of attitude toward suicide with death anxiety, religiosity and personal closeness to suicide. **Omega: Journal of Death and Dying**, 11(4):317-324.

MOLLER, A.T. 1980. Inleiding tot die persoonlikheidsielkunde. Pretoria : Butterworth. 158 p.

MOUSTAKAS, C. 1975. Who will listen? New York : Ballentine Books. 147 p.

NIELSON, W.R. & DOBSON, K.S. 1980. The coronary-prone behavior pattern and trait anxiety: a evidence for discriminant validity. **Journal of Consulting and Clinical Psychology**, 48(4):546-547, Aug.

NOAKES, T. 1988. Netwerk-onderhoud, 5 April. Johannesburg : SAUK.

PAPALIA, D.E. & OLDS, S.W. 1981. Human development. 2nd ed. New York : McGraw-Hill. 671 p.

PATE, R.R., MCCLENAGHAN, B. & ROTELLA, R. 1984. Scientific foudations of coaching. Philadelphia : Saunders College Publishing. 344 p.

PHARES, E.J. 1984. Clinical psychology: concepts, methods and profession. Homewood, Ill. : Dorsey. 669 p.

PLUG, C., MEYER, W.F., LOUW, D.A. & GOUWS, L.A. 1986. Psigologie-woordeboek. 2de uitg. Johannesburg : McGraw-Hill. 484 p.

PROEGER, C. & MYRICK, R.D. 1980. Teaching children to relax. Florida. (Florida Educational Research and Development Council, Inc. Research bulletin, 14(3).) 51 p.

RIZZUTO, A.M. 1980. The psychological foundations of belief in God. (In Brusselmans, C. Toward moral and religious maturity. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall. p.115-135.)

RYCHLAK, J.F. 1977. Personality theories: an overview. (In Wolman, B.B., **red.** International encyclopedia of psychiatry, psychology, psychoanalysis and neurology, 8:314-315.)

RYKE, J. 1980. Depressie en angs: 'n klinies-psigologiese ondersoek. Potchefstroom. (Skripsie (MA) - PU vir CHO.) 129 p.

SALKIND, N.J. 1981. Theories of human development. New York : Van Nostrand. 273 p.

SANTROCK, J.W. 1983. Life-span development. Dubuque, Iowa : Brown. 625 p.

SCHNEIDER, F.W. & COUTTS, L.M. 1984. On the decline of the achievement of orientation of high school females. (Paper presented at the Annual Meeting of the American Educational Research Association, 68th, New Orleans, LA, April 23-27, 1984.)

SCHOEMAN, W.J., NEL, Z. & WESSELS, S.J. 1983. Die algemene sisteemteorie en kubernetika. Bloemfontein : UOVS. 33 p.

SCHWARZER, R. & SCHWARZER,C. 1981. Achievement anxiety with respect to reference groups in school. (Paper presented at the Annual

Meeting of the American Educational Research Association, 65th, Los Angeles, CA, April 13-17.) 17 p. (ED204676)

SIMMONS, R.J. **et al.** 1985. Emotional adjustment of early adolescents with cystic fibrosis. **Psychosomatic Medicine**, 47(2):111-122.

SMIT, G.J. 1983. Psigometrika. Pretoria : HAUM. 353 p.

STEINHAUER, P.D. & BERMAN, L. 1978. Psychoneurosis, behavior disorders and personality disorders in children. (**In** Steinhauer, P.D. & Rae-Grant, Q., **red.** Psychological problems of the child and his family. Toronto : MacMillan. p.126-150.)

STEVENS, R. 1980. At risk for school failure: a comparison of the competence and the performance under stress of at-risk and normal seventh graders. (Paper presented at the Annual Convention of the American Psychological Association, 88th, Montreal, Quebec, Canada, September 1-5.) 10 p. (ED194852)

STEWART, H. 1965. The relationship of physical illness to the IPAT 16 Personality Factors Test. **Journal of Clinical Psychology**, 21:264-266.

STEYN, H.S. 1985. Steekproefneming, sensusse en statistiese inferensie. (Referaat gelewer tydens Navorsingseminaar in die Geesteswetenskappe aangebied deur die Buro vir Navorsing, PU vir CHO.) 6 p.

STINNETTE, C. 1951. Anxiety and Christian faith. Michigan : Columbia University Press. 203 p.

STOTT, L.H. 1977. Personality development: an overview. (**In** Wolman, B.B., **red.** International encyclopedia of psychiatry, psychology and neurology, 8:301-305.)

STRYDOM, G.L. & MALAN, D.J. 1985. Fiksheid en gesondheid deur fisiese aktiwiteit: Handleiding vir die opleiding van

oefenprogramleidsters/-leiers. Potchefstroom : PU vir CHO, Johannes van der Walt Instituut vir Biokinetika. 154 p.

SUINN, R.M. & EDWARDS, R. 1982. The measurement of mathematics anxiety: the Mathematics Anxiety Rating Scale For Adolescents: MARS-A. **Journal of Clinical Psychology**, 38(3):576-80, Jul.

SULLIVAN, H.S. 1948. The meaning of anxiety in psychiatry and in life. **Psychiatry**, 11:1-13.

THOM, D.P. 1984. Adolessensie. (In Louw, D.A., Gerdes, L.C. & Meyer, W.F. Menslike ontwikkeling. Pretoria : HAUM. p.335-407.)

TUCKMAN, B.W. 1986. Brighter days. **Runner's World**, 21(11):36-40, Nov.

VAN DER WESTHUYSEN, T.W.B. & SCHOEMAN, W.J. 1984. Die middelkinderjare. (In Louw, D.A., Gerdes, L.C. & Meyer, W.F. Menslike ontwikkeling. Pretoria : HAUM. p.283-334.)

VAN JAARSVELD, P.E., red. 1986. Ontwikkelingsversteurings: behandeling en voorkoming. Potchefstroom : PU vir CHO. 113 p. (Wetenskaplike bydraes, Reeks A: Geestesgesondheid nr. 57.)

VAN ROOYEN, J.M. 1988. Mondelinge mededeling aan outeur. (Die psigofisiologie van angs.) Potchefstroom : PU vir CHO, Departement Farmakologie.

VAN WYK, D. 1983. Die verhouding tussen ouer en kind. Pretoria : Human & Rousseau. 118 p.

VAN WYK, J.D., ELOFF, M.E. & HEYNS, P.M. 1984. Die evaluering van 'n ouerbegeleidingsprogram. **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sielkunde**, , 14(1):14-19, Maart.

WARREN, W.E. 1983. Coaching and motivation: a practical guide to maximum athletic performance. Englewood Cliffs, N.J. : prentice-Hall. 201 p.

WEYERS, A. 1976. Die invloed van geboorterangorde op persoonlikheid. Bloemfontein. (Proefskrif (D.Phil.) - UOVS.) 268 p.

WILLIAMSON, D.A. et al. 1985. Psychopathology of eating disorders: a controlled comparison of bulimic, obese and normal subjects. **Journal of Consulting and Clinical** Psychology, 53(2):161-166, Apr.

WYLIE, R.C. 1984. Self concept. (In Corsini, R.J., **red.**. Encyclopedia of psychology, 3:282-285.)

ZELTZER, L., KELLERMAN, J., ELLENBERG, L. & RIGLER, D. 1980. Psychologic effects of illness in adolescence. 2: Impact of illness in adolescents: crucial issues and coping styles. **The Journal of Pediatrics**, 97(1): 132-138.